

**BYDRAES VAN ENKELE NEDERLANDSE
IMMIGRANTE TOT SUID-AFRIKA OP AKADEMIESE, KULTURELE EN
EKONOMIESE GEBIED, 1945-2002**

deur

PIETERNELLA IMKJE SLOT

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER HEREDITATIS CULTURAQUE SCIENTAE: GEDOSEERD
(KULTUURGESKIEDENIS)

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria
Pretoria
2003

Leier: **Me K. Sevenhuysen**
Medeleier: **Me M. van Heerden**

INHOUD

BLADSY

INLEIDING

1

I	ASPEKTE WAT IMMIGRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE IMMIGRANT IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED HET, CA. 1945-1973	10
1.	Die Suid-Afrikaanse immigrasiebeleid na afloop van die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) tot ongeveer 1973	10
2.	Immigrasie-organisasies in Suid-Afrika	13
(a)	Die Nederlandse Immigrasie Garansiefonds	13
(b)	Die Nederlandse Immigrantekomitee van die Kaapstadse Skakelkomitee	13
(c)	Nederlandse Vereniging van Pretoria	13
(d)	Die Pretoriase Immigrantekomitee	14
(e)	Maatskappy vir Europese Immigrasie	14
(f)	Kerklike organisasies	16
3.	Redes vir immigrasie na afloop van die Tweede Wêreldoorlog	17
4.	Kenmerke van die Nederlandse immigrant na die Tweede Wêreldoorlog	21
5.	Aanpassingsprobleme van Nederlandse immigrante in Suid-Afrika, ca. 1945-1973	23
II	BYDRAES VAN AKADEMICI VAN NEDERLANDSE AFKOMSTE WAT IN SUID-AFRIKA BEKENDHEID OP HULLE VAKGEBIED VERWERF HET	30
1.	Die Temmingh-gesin	30
(a)	Roelof Willem Temmingh Senior (1913 - 2001)	30
(b)	Henk Temmingh (1939 -)	32
(c)	Roelof Temmingh Junior (1946 -)	35
2.	Jacques van der Elst (1940 -)	38
3.	Harm Moraal (1947 -)	42

4.	Lambertus Floor (1923 -)	45
5.	Johannes Anton Boon (1945 -)	48
6.	Wouter van Hoven (1948 -)	51
7.	Henk Geertsema (1940 -)	54
8.	Samevatting	58
III	DIE KULTURELE BYDRAE VAN ENKELE NEDERLANDSE IMMIGRANTE TOT SUID-AFRIKA	59
1.	Jan Bouws (1902 - 1978)	60
2.	Gerard (Gé) Korsten (1972 - 1999)	66
3.	Carieke Keuzenkamp (1947 -)	70
4.	Arthur Wegelin (1908 - 1995)	73
5.	Cornelis Pama (1916 - 1994)	76
6.	Piet Westra (1937 -)	80
7.	Cornelis Struik (1903 - 1970)	83
8.	Samevatting	87
IV	DIE EKONOMIESE BYDRAE VAN ENKELE NEDERLANDSE IMMIGRANTE TOT SUID-AFRIKA	88
1.	Jochem en Jacob Toxopeus: Strubensvallei Blomkwekery en Multiflora Blommemark	89
2.	Harry de Leeuw en Floor Barnhoorn: Hadeco	92
3.	Luit Kiewiet: Floral Farm	95
4.	Toon Versteeg: Versteeg Potplant Kwekery (Edms) Beperk	97
5.	Lous van Geest: LGV Potplants	99
6.	Marinus Daling: Uitvoerende Voorsitter van Sanlam (1946 - 2002)	101
7.	Piet van Hoven: Direkteur van Comair en Kulula.com (1946-)	107
8.	Peter en Wilma Bakker van Renee Farms: Tamatieboerdery	110
9.	Karel Bos: Stigter van die Bosal-uitlaatfabriek (1928-)	113
10.	Samevatting	118

GEVOLGTREKKING	119
BYLAES	124
BRONNE	126
OPSOMMING	133
<i>SUMMARY</i>	135

AFKORTINGS

ATKV	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
COSPAR	Commission for Space Research
FAK	Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge
HAT	Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
HSRC	Human Sciences Research Council
IUPAP	International Union for Pure and Applied Physics
ISCU	International Council for Scientific Unions
Kruik	Kaapse Raad vir die Uitvoerende Kunste
MEI/MVI	Maatskappy vir Europese Immigrasie/Maatskappy vir Immigrasie
NALN	Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum
Naruk	Natalse Raad vir die Uitvoerende Kunste
NIPO	Nederlandse Instituut Publieke Opinie
PU vir CHO	Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
RAU	Rands Afrikaanse Universiteit
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
SAIF	Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika
SAMET	Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie
SAMRO	Suid-Afrikaanse Musiekregte-Organisasie
SAMVO	Suid-Afrikaanse Musiek Onderwysersvereniging
SANAE	Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Ekspedisie
SAUK	Suid-Afrikaanse Uitsaikorporasie
SCOSTEP	Scientific Committee for Solar Terrestrial Physics
SNO	Sentrum vir Navorsingsontwikkeling
Sukovs	Streekraad vir die Uitvoerende Kunste in die Oranje-Vrystaat
Truk	Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste
Unisa	Universiteit van Suid-Afrika
UOLM	Unisa Onderwysers Lisensiaat in Musiek
UVLM	Unisa Voordraers Lisensiaat in Musiek
WAT	Woordeboek van die Afrikaanse Taal
WNNR	Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

BYLAES**BLADSY**

Bylae A: Vraelys gepubliseer in die <i>Nederlandse Post</i> van 1 Julie 2000	124
Bylae B: Vraelys gestuur aan geselekteerde akademici	125

ILLUSTRASIES**TEENOOR BLADSY**

Figuur 1: Roelof Willem Temmingh Sr. (1913 - 2001)	30
Figuur 2: Henk Temmingh (1939 -)	32
Figuur 3: Roelof Temmingh Junior (1946 -)	35
Figuur 4: Jacques van der Elst (1940 -)	38
Figuur 5: Harm Moraal (1947 -)	42
Figuur 6: Johannes Anton Boon (1945 -)	48
Figuur 7: Wouter van Hoven (1948 -)	51
Figuur 8: Henk Geertsema (1940 -)	54
Figuur 9: Jan Bouws (1902 - 1978)	60
Figuur 10: Gerhard (Gé) Korsten (1927 - 1999)	66
Figuur 11: Carike Keuzenkamp (1947 -)	70
Figuur 12: Arthur Wegelin (1908 - 1995)	73
Figuur 13: Cornelis Pama (1916 - 1994)	76
Figuur 14: Piet Westra (1937 -)	80
Figuur 15: Cornelis Struik (1903 - 1970)	83
Figuur 16: Marinus Daling (1946 - 2002)	101
Figuur 17: Piet van Hoven	107
Figuur 18: Pieter en Wilma Bakker	110
Figuur 19: Karel Bos (1928 -)	113

TABELLE**BLADSY**

Tabel 1: Totale getal immigrante en hulle vlak van geskooldheid, 1946-1960 119

Tabel 2: Statistiek van immigrasie en persentasie naturalisasies van immigrante,
1961-1970 121

INLEIDING

Elke land het 'n bepaalde demografiese struktuur en toon veranderings in sy samestelling wat deur mortaliteit, fertiliteit en migrasie veroorsaak word. Die fisiese bewegings van mense van een land na 'n ander dra by tot veranderings in die bevolkingsamestelling en – aard.¹

Sosiologies en kultuurhistories is dit betekenisvol dat demografiese patronen soos migrasietendense deur faktore wat maatskaplik en kultureel van aard is, bepaal word. Daar is sekere faktore wat die kultuur van 'n gemeenskap bepaal en dit uniek maak; dit wil sê, anders as die kultuur van enige ander gemeenskap.² Hierdie faktore speel inderdaad 'n deurslaggewende rol in die keuse van persone om na 'n land soos Suid-Afrika te emigreer. By die emigrasie van Nederlanders na Suid-Afrika het kulturele en godsdienslike waardes, die ruimtelike aard van die land, en historiese ontwikkeling waarskynlik die bepalende rol in die keuse van emigrasieland gespeel.

Dit was van belang dat die mense wat hulle aanvanklik in die Kaap gevestig het uit groepe met Wes-Europese kulture gekom het. Daarby was dit mense met 'n baie sterk Calvinistiese oortuiging.³

Suid-Afrika se ruimtelike aard – wye vlaktes, baie sonlig en aanvanklike yl verspreide bevolking – was 'n groot aantrekingskrag vergeleke met die ruimtelike aard van Nederland met sy oormaat water, min sonskyn, en mense wat dig op mekaar gewoon het. Hierdie ruimtelike faktore het 'n stempel op die geaardheid en karakter van die onderskeie lande se inwoners afgedruk en op sigself die lewensstyl van hierdie mense ontwikkel.

¹ D.C. Groenewald, *Immi- en emigrasie in Suid-Afrika I. 'n Statistiese oorsig van enkele demografiese en sosio-ekonomiese aspekte*. Verslag no. S 36. Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing, Universiteit van Stellenbosch, p. 1.

² P.S. Dreyer, Immigrasie en kultuur. Referaat gelewer by die Derde Nasionale Kongres van die Maatskappy vir Europese Immigrasie, Oktober 1977, p. 9.

³ P.S. Dreyer, Immigrasie en kultuur. Referaat gelewer by die Derde Nasionale Kongres van die Maatskappy vir Europese Immigrasie, Oktober 1977, p. 8.

Elke gemeenskap het 'n eie geskiedenis en historiese ontwikkeling oor tyd heen. In Suid-Afrika het die historiese verloop Nederlanders (1652), Franse (1688) en Duitsers (1848) bymekaar gebring en saamgesmelt in 'n besonderse gemeenskap met 'n eie taal, kultuur en lewensaardes wat verwant is aan dié van die stamlande, maar tog ook uniek en verskillend is.⁴

Die mate waartoe immigrante die Suid-Afrikaanse gemeenskap beïnvloed, is beperk. In die eerste plek is die aantal immigrante in verhouding met die geheel van die bevolking klein. Tweedens is die immigrante uit hul eie situasie verwyder en word hulle deel van Suid-Afrika en sy geskiedenis. Hulle is buitestaanders wat deel van 'n reeds gevestigde samelewing word.⁵

Die direkte invloed wat van immigrante uitgaan, word op die tegniesevlak die maklikste oorgedra omdat dit nie lewensveranderend is nie,⁶ byvoorbeeld Bosal wat 'n groot uitvoerbedryf ontwikkel het.

Hulle indirekte invloed is groot as daar gedink word aan die indrukke en impak wat hulle op persone, wat boorlinge van hierdie land is, maak. Alle invloed wat immigrante uitoefen, moet egter deur die sif van die eie kultuur gaan. Wat deur enige land, in hierdie geval Suid-Afrika, aanvaar word, word geknie en gebuig totdat dit met die eie Suid-Afrikaanse kultuur saamsmelt op so 'n wyse dat dit uiteindelik nie meer as 'n vreemde element herkenbaar is nie.

As een van die nuwere lande van die Westerse wêreld het Suid-Afrika sedert 1652 min of meer gereelde toestroming van immigrante uit hoofsaaklik Wes-Europese lande gekry. In die laaste twee dekades onder bespreking was daar egter veral 'n toestroming van onwettige immigrante.

⁴ D.C. Groenewald, *Immi- en emigrasie in Suid-Afrika I. 'n Statistiese oorsig van enkele demografiese en sosio-ekonomiese aspekte*. Verslag no. S 36. Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing, Universiteit van Stellenbosch, p. 1.

⁵ P.S. Dreyer, Immigrasie en kultuur. Referaat gelewer by die Derde Nasionale Kongres van die Maatskappy vir Europese Immigrasie, Oktober 1977, p. 10.

⁶ J. Ploeger, *Nederlanders in Transvaal, 1850-1950*, p. 65.

Die omvang daarvan het op sekere bepaalde tydperke buitengewoon toe- of afgeneem as gevolg van belangrike gebeurtenisse soos die ontdekking van diamante (1867) en goud (1886) in die land, die tydperk en nasleep van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) en die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945).

Ná die Tweede Wêreldoorlog (1945) het industrialisasie in Suid-Afrika sterk toegeneem. Die resultaat van hierdie ontwikkeling was enersyds 'n groot vraag na geskoold arbeidskragte, 'n groot aanvraag na goedere en 'n hoër lewensstandaard met hoër lone.⁷

Andersyds was die resultaat dat Suid-Afrikaners bewus geword het van die ontsaglike, en tot op daardie tydstip nog onvoorsienbare, ontwikkelingsmoontlikhede wat die land gebied het, mits daar genoeg voldoende opgeleide mense beskikbaar was om hierdie moontlikhede te benut en te verwesenlik. Die grondstofreserwes was voldoende om 'n veel groter bevolking 'n goeie bestaan te bied indien die grondstowwe benut sou kon word.⁸

'n Ander belangrike faktor wat 'n invloed op die werwing van immigrante en die bevordering van immigrasie na Suid-Afrika gehad het, was 'n opvatting dat die blanke bevolking versterk moes word as die blankes hulle in Suid-Afrika wou bly handhaaf. Die natuurlike aanwas van die blankes teenoor die groot getal swartes was ongelyk. Daarom was die Nasionale Party-regering sedert 1948 van mening dat die blanke bevolking van Suid-Afrika deur 'n toevloei van immigrante uit die stamlande, onder meer Nederland, versterk moes word.⁹ 'n Groot aantal Nederlandse immigrante is inderdaad dan ook na die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika toegelaat, omdat hulle, in ooreenstemming met die immigrasiebeleid onder die Nasionale Party-regering, Protestants was.

In Suid-Afrikaanse koerante, tydskrifte, kulturele publikasies en sakeverslae, asook in kerkargiewe word Nederlandse vanne derhalwe herhaaldelik aangetref. Hieruit kan

⁷ J. F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 20.

⁸ J. F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 21.

⁹ F.G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 20.

afgelei word dat Nederlandse immigrante 'n uitdruklike en bewese stempel op die Suid-Afrikaanse samelewing gemaak het en steeds maak.

'n Literatuurstudie het aangetoon dat daar nog geen navorsing oor die bydraes van hierdie nuwe landsburgers onderneem is nie. Hierdie miniverhandeling vul dus inderdaad 'n leemte in die kultuurgeskiedenis van Suid-Afrika en behoort daarom relevant en betekenisvol te wees.

Die doel van hierdie navorsing is om die bydrae van enkele Nederlandse immigrante te ondersoek en te bepaal of hulle inderdaad 'n belangrike rol gedurende die tydperk onder bespreking op akademiese, kulturele en ekonomiese gebied in Suid-Afrika gespeel het.

Die geselecteerde tydperk wat nagevors is, is die periode van ná die Tweede Wêreldoorlog tot aan die begin van die een-en-twintigste eeu, 1946-2002. Die redes hiervoor is die volgende:

- a) die groot aantal emigrante wat in hierdie tydperk uit Nederland geëmigreer het; en
- b) die groter beskikbaarheid van inligting as gevolg van onderhoudvoering met die betrokke persone. Alhoewel daar gedurende die tydperk 1900-1940 wel betekenisvolle hoeveelhede immigrante die land binnegekom het, is gegewens hieroor moeiliker bekombaar, aangesien die meeste persone nie meer lewe nie, en die familie nie altyd oor konkrete en volledige feitlike gegewens van die persone beskik nie.

As gevolg van die groot aantal immigrante wat vanuit Nederland in die na-oorlogse jare (sedert 1945) na Suid-Afrika gekom het, is dit te omvattend om almal te betrek gesien teen die beperkte omvang van hierdie miniverhandeling. Daar word dus hoofsaaklik gefokus op bepaalde persone wat sedert 1945 'n definitiewe bydrae tot die akademiese, kulturele en ekonomiese lewe van Suid-Afrika gelewer het sedert 1945. Die bydraes van hierdie persone is sedert die beantwoording van die vraelyste in 2000-2001 bygewerk tot aan die einde van 2002.

'n Literatuurstudie het inligting oor die volgende aspekte beskikbaar gestel: a) die redes vir emigrasie; b) die agtergrond en opleiding van immigrante; en c) die aanpassing van immigrante ten opsigte van huisvestiging, werk, skool, kerk en ekonomie, en die probleme wat daarmee gepaard gegaan het.

Die groot emigrasiegolf wat na die Tweede Wêreldoorlog vanuit Europa na verskillende emigrasielande soos Kanada, Australië en Suid-Afrika plaasgevind het, het die Nederlandse Regering genoop om ondersoek in te stel na die redes vir die besluit om te emigreer. Dit het tot gevolg gehad dat die volgende ondersoeke gedoen is en die resultate as studiestukke gepubliseer is, te wete:

- a) B.P. Haveman, *De gaande man. Gronde van emigratie beslissing* ('s Gravenhage, 1958);
- b) N.H. Fryda, *Emigranten — niet emigranten* ('s Gravenhage, 1960);
- c) R. Wentholt, *Kenmerken van de Nederlandse emigranten* ('s Gravenhage, 1961); en
- d) B.P. Hofstede, *Twarthed exodus. Post-War overseas immigration from the Netherlands* (Den Haag, 1964).

Oor die onderwerp van immigrasie is daar 'n aantal studies onderneem. Die studie van B.J. van den Bosch, naamlik *De verschillende aspecten van de aanpassing der Nederlands immigranten in Zuid-Afrika* (1963) handel oor die sosiale en ekonomiese aanpassing van die nuwe immigrante waar hoofsaaklik op die aanvanklike probleme van die immigrant tydens vestiging in die nuwe land klem gelê word.

W.A. Bryant het in haar *Adaptation of immigrants in South Africa* (1986) tot die slotsom gekom dat aanpassing by veral immigrantevroue baie jare kan neem, en dat die aanpassing deur die bepaalde karaktereienskappe van die vroue en die denkwyse van die gemeenskap in die nuwe land beïnvloed word.

B.B. Haldenwang het in 1996 'n ondersoek gedoen oor die emigrasie uit Suid-Afrika, naamlik *Migration processes, systems and policies with special emphasis on South*

African international immigration, waaruit blyk dat die huidige tendens meer na emigrasie as immigrasie omswaai.

Die Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing van die Universiteit van Stellenbosch het in 1975 'n studie onderneem oor *Immi- en emigrasie in Suid-Afrika I. 'n Statistiese oorsig van enkele demografiese en sosio-ekonomiese aspekte*, waarin migrasietendense en sosio-ekonomiese sowel as sosio-politieke verwikkelinge oor 'n tydperk uiteengesit word.

F.G. Brownell, staatsheraldikus, het in sy verhandeling, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, hoofsaaklik die immigrasie van Britse burgers na Suid-Afrika bespreek.

Die historikus J. Ploeger het verskillende artikels oor Nederlandse landverhuis na Suid-Afrika geskryf, wat die verskillende periodes van Nederlandse immigrasie na Suid-Afrika behandel. Hy beskryf ook 'n fontein wat op die hoek van Van der Walt- en Schoemanstraat, Pretoria opgerig is. Hierdie fontein, 'n gedenkteken vir die Nederlandse immigrante in Transvaal vir die tydperk 1850-1950, is deur Hannes Meiring ontwerp en op 16 Februarie 1992 onthul.

Die klem van bogenoemde publikasies val hoofsaaklik op die redes vir emigrasie en die aanvanklike aanpassingsprobleme wat immigrante gedurende die tydperk 1945-1973 ondervind het. Nadat die aanpassingsprobleme te bowe gekom is en die immigrante gevvestig geraak het, het hulle aan hulle onderskeie loopbane gebou. Van die immigrante het uitsonderlike prestasies in hulle beroepe behaal en belangrike en unieke bydraes tot die Suid-Afrikaanse gemeenskap gelewer. Geen inligting oor hierdie prestasies is in bogenoemde studies gevind nie. Hierdie inligting is vir die doel van hierdie studie deur middel van onder meer antwoorde op vraelyste en persoonlike skriftelike mededelings verkry.

Die eerste vraelys (kyk Bylae A) is in die *Nederlandse Post* van 1 Julie 2000 gepubliseer. Hierdie publikasie is 'n maandblad wat in Suid-Afrika deur S. van Ketel uitgegee word en waarin oud-Nederlanders op hoogte gehou word van gebeure in die eertydse vaderland. Alhoewel nie alle Nederlandse immigrante hierdie maandblad ontvang nie, kan aanvaar word dat 'n groot persentasie dié blad onder oë kry. Gevestigde Nederlandse immigrante is gevra om op die vraelys te reageer. Uiteenlopende reaksies met 'n goeie en insiggewende terugvoer is ontvang.

Wat die toepaslikheid en gebruik van inligting verkry uit die vraelys betref, is die data wat verkry is; volgens P.S. Mann¹⁰, – 'n statistikus – afkomstig van 'n sogenaamde steekproefopname. Só 'n opname kan uit persoonlike inligting verkry word wat uit telefoniese of skriftelike navrae bestaan. Aangesien hierdie studie nie betrekking het op alle immigrante van Nederland afkoms nie, maar slegs dié wat suksesvol was en positiewe bydraes gelewer het, is slegs 'n geringe persentasie van die totale aantal Nederlandse immigrante sedert 1945 vir die studie gebruik. Hierdie tegniek staan ook as 'n nie-willekeurige opname bekend, aangesien nie alle lede van die spesifieke groep 'n geleentheid gegun is om by hierdie ondersoek ingesluit te word nie. Die voordele van dié tipe steekproefopname is dat dit tyd- en kostbesparend is en daarby is dit feitlik onmoontlik om elke Nederlandse immigrant by so 'n ondersoek te betrek.

Die terugvoer op die vraelys het 50 antwoorde uit 'n moontlike leserstal van 10 000 van die *Nederlandse Post* behels, dus nie 'n groot persentasie nie. Tog kan die resultaat as redelik bevredigend beskou word, aangesien dit nie die algemene immigrant nie, maar die uitsonderlike immigrant die onderwerp van hierdie studie is. Diegene wat op die vraelys gereageer het, was dan ook dié wat, na hulle mening, bydraes tot die land gelewer het.

Om leemtes in die vraelys uit te skakel en die terugvoer meer verteenwoordigend te maak, is in oorleg met dosente van die Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria, 'n aantal akademies-uitstaande persone geïdentifiseer, aan wie 'n tweede vraelys (kyk bylae B) gestuur is oor hulle persoonlike vordering en bydraes op

¹⁰ P.S. Mann, *Introductory statistics*, pp. 698-700.

die gebied van onder meer musiek, taal en taalbevordering, ontwikkeling van die landsekonomie, inligtingsontwikkeling, natuurwetenskap, dierkunde en fisika. Dit is deur elke persoon volledig beantwoord en teruggestuur. Verder is daar gebruik gemaak van die argiewe van *Beeld*, *Burger*, *Volksblad* en *Rapport*. Tydskrifartikels uit *Finesse*, *Rooi Rose*, *Sarie* en die *Financial Times* is ook as bronne gebruik.

Kultuurorganisasies soos die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein, asook die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV) het op aanvraag inligting voorsien. Die Maatskappy vir Immigrasie (MVI) (voorheen Maatskappy vir Europese Immigrasie – MEI) het 'n groot aantal referate oor immigrasie en bykomende onderwerpe beskikbaar gestel.

In die studie oor die bydrae van enkele Nederlandse immigrante tot Suid-Afrika op akademiese, kulturele en ekonomiese gebied, word die klem op die huidige lewe van destydse immigrante en hulle gesinne gelê. Daar sal aangetoon word dat sommige van die destydse, na-oorlogse immigrante vanuit Nederland wesenlike bydraes tot die nuwe vaderland gemaak het en nog steeds maak.

Dit was nie net die destydse gesinshoof wat groot hoogtes bereik het nie, maar ook veral die kinders van die gesinne wat alle moontlikhede ten opsigte van studie en geleenthede in Suid-Afrika benut het.

BEDANKINGS

Eerstens wil ek my dank teenoor my Hemelse Vader uitspreek wat my die krag en gesondheid geskenk het om hierdie ideaal van my te verwesenlik.

Dan ook aan die dosente van die Departement Historiese en Erfenisstudies by die Universiteit van Pretoria vir hulle hulp en leiding, my oopregte dank.

Aan Hannes en Helena Greeff vir hulle onuitputlike geduld met die tegniese versorging van die miniverhandeling.

Aan Elsa Greyling vir haar kennis en vaardigheid om die teks en foto's volgens die departementele riglyne af te rond en te integreer.

Aan my familie en vriende vir hulle belangstelling en morele ondersteuning.

I ASPEKTE WAT IMMIGRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE IMMIGRANT IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED HET, CA. 1945-1973

1. Die Suid-Afrikaanse immigrasiebeleid na afloop van die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) tot ongeveer 1973

F.G. Brownell som die immigrasiebeleid gedurende hierdie tydperk soos volg op: onmiddellik na die Tweede Wêreldoorlog het die destydse Eerste Minister, genl. J.C. Smuts, immigrasie op groot skaal aangemoedig, hoofsaaklik uit Engeland – “[h]is purpose was to stimulate the economy and strengthen the white population. The scheme was state-sponsored but not state-aided.”¹

In 1946 is die Immigrasieraad ingestel en immigrasie-aangeleenthede is van die Departement van Buitelandse Sake na die Departement van Binnelandse Sake oorgeplaas.²

Daar is met die *Union Castle Line*-skeepsredery 'n ooreenkoms aangegaan dat 85% van sy passasierkapasiteit beskikbaar sou wees vir immigrante uit Engeland teen 'n verlaagde tarief. Tussen 1946 en 1948 was 87% van alle immigrante wat in Suid-Afrika aangekom het Britse burgers.³ Nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, het die beleid egter ingrypend verander. Daar is getrag om die getal Britse immigrante te verminder en die kontrak met *Union Castle Line* is opgeskort. Daar is 'n poging aangewend om meer immigrante te werf wat beter by die Afrikaanssprekende bevolking sou aanpas, veral dan immigrante uit Nederland en Duitsland.⁴

Na die verwoestende Tweede Wêreldoorlog het die Nederlandse regering mense wat van waarde vir die heropbou van die land was vergunning geweier om te emigreer. Hierdie

¹ F. G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 22.

² F. G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 22.

³ F. G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 20.

⁴ F. G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 27.

beperking op Nederlandse emigrasie is later deur die Nederlandse regering opgehef, maar emigrasie is steeds bemoeilik deurdat slegs 'n beperkte hoeveelheid geld uit Nederland geneem kon word. Hierdie toelaatbare hoeveelheid geld was onvoldoende vir 'n persoon om na Suid-Afrika te emigreer, aangesien dit nie genoeg was om die vervoerkoste met die *Union Castle Line* te dek nie.⁵

Suid-Afrika het aan die kant van Brittanje aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem. Daarom is Duitsers na die Oorlog as "vyandige vreemdelinge" beskou en as ongesik bevind om as immigrante na Suid-Afrika te kom.⁶

Vir die Afrikaner-Nasionaliste van die dertiger- en veertigerjare was die versterking van die Afrikanervolk 'n allesoorheersende doelwit. Politieke leiers, soos J.B.M. Hertzog, D.F. Malan, J.G. Strydom en H.F. Verwoerd, wou verkiekslik die Afrikanergetalle met Duitse immigrante versterk, wat dan ook uitsluitlik Protestants moes wees.⁷

Dr. T.E.W. Schumann, afstammeling van 'n Duitse sendingfamilie en destydse hoof van die Suid-Afrikaanse Weerburo, het 'n plan gemaak en op 5 September 1945 in Pretoria die Duitse kinderfonds gestig in die huis van E.C.G. Schweickert, bekende kunshandelaar. Ander lede was onder meer adv. O. Pirow, dr. H.O. Monnig en dr. E. Stahmen. Dié noodlenigingskomitee is gestig met die oog daarop om 5 000 Duitse weeskinders na die destydse Unie van Suid-Afrika te bring.⁸

Indien die Duitse kinderfonds, wat uit bogenoemde fonds voortgevloeи het, daarin sou slaag om 10 000 Duitse wesies na Suid-Afrika te bring, sou die fonds gewis 'n belangrike plek in die sosiale en politieke geskiedenis van Suid-Afrika ingeneem het, maar die uiteindelike 83 kinders wat na die land gebring is, kon nooit werklik die gang van sake verander nie. Nogtans dien die koms van Duitse weeskinders as 'n verdere bewys van die Afrikaners se vasberadenheid om as blanke Calvinisties-Protestantse minderheid ten

⁵ F. G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 28.

⁶ W. van der Merwe, *Verhaal van die Duitse weeskinders*, p. 18.

⁷ W. van der Merwe, *Verhaal van die Duitse weeskinders*, p. 18.

⁸ W. van der Merwe, *Verhaal van die Duitse weeskinders*, p. 18.

alle koste die alleenbeheer oor Suid-Afrika te probeer behou: “[v]eertig jaar na die komst van die kinders het die Afrikaner weliswaar besef dat sy pogings om sy voorrang in Suid-Afrika op die grondslag van rassisme te behou, heeltemal misluk het.”⁹

Diegene wat emigrasie oorweeg het en spesifiek na Suid-Afrika wou emigreer, moes deur die amptelike kanale van die Suid-Afrikaanse immigrasiebeleid, waarvan enkele beleidsaspekte reeds genoem is, gaan. Daar was egter geen formele owerheidsinstelling wat verantwoordelik was vir die oorkoms en plasing van immigrante nie. Daar is slegs aan die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap opdrag gegee om voorligting aan voornemende immigrante te verskaf.¹⁰

Gewoonlik was daar twee persone aan boord van 'n vaartuig met immigrante, 'n amptenaar van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en 'n dame wat bevoeg was om inligting te voorsien. Hierdie twee persone het inligting verskaf aan die mans en vroue, afsonderlik en gesamentlik.¹¹

Aan vroue is inligting gegee wat vir hulle van belang sou wees, byvoorbeeld oor inkopies en prysse van goedere. Die mans is ingelig oor die geldstelsel, mate, gewigte, behuising, gesondheidsdienste, die bevolking van Suid-Afrika en die belangrikste jaartalle in die geskiedenis.¹²

In 1955 is bostaande inligting saamgevat in 'n brosjure wat aan voornemende immigrante uitgedeel is. Hierdie brosjures het onder meer inligting bevat oor die nodige Afrikaanse taalvaardigheid vir Engelssprekendes; pligte van immigrante; adresse van die Departement van Arbeid; vereistes gestel aan immigrante t.o.v. taal, skool en huisvestiging; en die adres van die Maatskappy vir Europese Immingrasie, ingeval hulp van een of ander aard benodig sou word.¹³

⁹ W. van der Merwe, *Verhaal van die Duitse weeskinders*, p. 18.

¹⁰ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 24.

¹¹ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 24.

¹² J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 24.

¹³ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 24.

2. Immigrasie-organisasies in Suid-Afrika

In Suid-Afrika is daar verskillende Nederlandse organisasies deur vooroorlogse immigrante gestig wat immigrasie uit hulle tuisland aangemoedig het en daarmee behulpsaam was.¹⁴ Hierdie organisasies sal vervolgens bespreek word.

(a) Die Nederlandse Immigrasie Garansiefonds

Hierdie fonds is in 1950 gestig deur Nederlanders en oud-Nederlanders in Suid-Afrika met die hoofdoel om immigrasie van Nederlanders na Suid-Afrika te bevorder. In beginsel was immigrasie na Suid-Afrika alleen moontlik vir persone wat in besit was van 'n gewaarmerkte werkgewersverklaring. Uitsonderings is gemaak vir die immigrante wat danksy die aard van hulle beroep sonder moeite na aankoms in die land werkgewers sou vind, mits daar 'n garansie(waarborg)verklaring gegee is vir die koste verbonde aan die uiteindelike terugstuur van die immigrante binne 'n termyn van twee jaar na aankoms in die land, indien hulle nie aan die verwagtings voldoen het of kon aanpas nie. Hierdie verklaring is deur die Nederlandse Garansiefonds verstrek.¹⁵

(b) Die Nederlandse Immigrantekomitee van die Kaapstadse Skakelkomitee

Hierdie komitee is belas met die ontvangs van immigrante wat in Kaapstad aangekom het. Hulle was behulpsaam met die landingsformaliteit en het immigrante wat op deurreis was die geleentheid gegee om iets van die stad en omgewing te sien.¹⁶

(c) Nederlandse Vereniging van Pretoria

In die eerste plek was dit 'n geselligheidsvereniging of klub vir Nederlanders in Pretoria. Hierdie vereniging het ook aandag aan die probleme wat nuwe immigrante ondervind het, gegee. Dié Nederlandse vereniging het 'n belangrike rol in die inskakeling van nuwe

¹⁴ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 24.

¹⁵ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 24.

¹⁶ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 24.

aankomelinge vervul.¹⁷

(d) Die Pretoriase Immigrantekomitee

Hierdie komitee is in 1956 gestig en het as 'n afdeling van en ondergeskik aan die Pretoriase Raad van Volksontwikkeling, onder toesig en in samewerking met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, gefunksioneer. Die Pretoriase Immigrantekomitee het later by die Maatskappy vir Europese Immigrasie geaffilieer.¹⁸

(e) Maatskappy vir Europese Immigrasie

Die Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI) is in 1949 gestig met as hoofdoel die bevordering van immigrasie, veral uit die Wes-Europese lande, en wel van immigrante wat hulle na die mening van die Maatskappy maklik sou aanpas by Suid-Afrikaanse omstandighede.¹⁹

Die MEI het as oorkoepelende liggaam van verenigings wat spesifiek op die gebied van immigrasie werksaam was, gefigureer. Verskeie organisasies, soos die Dietse Komitee van die Johannesburgse Skakelkomitee, en die Pretoriase Immigrantekomitee, was by die Maatskappy vir Europese Immigrasie geaffilieer.²⁰

In die tydperk na die totstandkoming van die MEI in 1949 was die owerheid se amptelike standpunt teenoor immigrante een van afsydigheid, grensend aan negatiwiteit uit vrees vir die skepping van toestande van werkloosheid. Dit het, teenoor die aanvanklike sukses van die MEI in 1949, in 1951 tot 'n geleidelike daling in immigrasienavrae gelei, en in 1953 is ernstige oorweging geskenk aan die moontlikheid om die MEI as sodanig te ontbind.

¹⁷ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 27.

¹⁸ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 27.

¹⁹ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 27.

²⁰ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 27.

Immigrasie het egter weer begin toeneem en in Oktober 1957, toe daar landswyd reeds etlike klein plaaslike komitees bestaan het, is die MEI amptelik erken as 'n organisasie wat op projekgrondslag subsidie van die owerheid sou ontvang. Die Maatskappy vir Europese Immigrasie het hierdie geleenthede benut deur samesprekings met die Minister van Binnelandse Sake te voer en dit het tot die stigting van die Departement van Immigrasie in November 1961 gelei. Op daardie tydstip was die Maatskappy vir Europese Immigrasie nog geregtig om immigrantewerwing te doen en is immigrasie, veral uit Nederland, gestimuleer. Hierdie was egter selektiewe immigrasie wat gegrond was op geïdentifiseerde tekorte in bepaalde sektore van die arbeidsmark.²¹ Die samewerkingsooreenkoms met die owerheid het voortgeduur tot November 1966 toe finaal deur die Departement van Immigrasie beslis is dat die werwingsaksie van die Maatskappy vir Europese Immigrasie herroep moes word. Daar is bepaal dat die Maatskappy hom voortaan net sou beperk tot die inburgering van die immigrante in die gemeenskap; die werwing sou deur die Departement van Immigrasie self onderneem word.²²

'n Duidelike werksverdeling is tot stand gebring tussen die Maatskappy vir Europese Immigrasie en die 1820 Britse Setlaarsvereniging, in soverre dat die 1820 Setlaarsvereniging van 1966 af verantwoordelik sou wees vir die inskakeling van alle Engelssprekende immigrante, ongeag die land van herkoms. Die res van die immigrantetoevlui het die verantwoordelikheid van die Maatskappy vir Europese Immigrasie geword wat hulle op inburgeringsaksies toegespits het.²³

Bogenoemde verdeling het in 1961 reeds tot 'n gedifferensieerde subsidiebenadering aanleiding gegee met betrekking tot die werk wat deur die Maatskappy verrig is vanweë die taalkompleksiteit van die immigrante wat die Maatskappy se verantwoordelikheid was.²⁴

²¹ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 27.

²² J.H. Hattingh, *Die verhaal van die MEI/MVI, 1949-1999*, p. 5.

²³ J.H. Hattingh, *Die verhaal van die MEI/MVI, 1949-1999*, p. 5.

²⁴ J.H. Hattingh, *Die verhaal van die MEI/MVI, 1949-1999*, p. 5.

Met die regering se erkenning van die werksaamhede van die Maatskappy van Europese Immigrasie en die 1820 Britse Setlaarsvereniging, het daar in 1967 twee organisasies oorgebly wat nie by die ooreenkoms met die owerhede ingesluit is nie. Dit was die *South African League* wat hoofsaaklik in Pretoria gefunksioneer het en wat immigrante wat uit Kenia na Suid-Afrika teruggekeer het, bygestaan het. Die ander was die Suid-Afrikaanse Kultuurakademie wat in Johannesburg gevestig was en hoofsaaklik by die hervestiging van immigrante uit Oos-Europa betrokke was. Hierdie organisasies het albei in Februarie 1969 en Julie 1973 onderskeidelik by die Maatskappy vir Europese Immigrasie ingeskakel om sodoende die inburgeringsoptrede in Suid-Afrika saam te snoer. Die Maatskappy vir Europese Immigrasie werk tot op hede steeds in die land, hoewel toestande ingrypend verander het. Sedert die ANC die regering in 1994 oorgeneem het, val die regeringsklem nie meer op blanke immigrante nie. MEI werk nou met remigrante (tydelike immigrante, bv. studente of kontrakwerskers) en afgetrede blanke immigrante wat hulle tydelik of permanent in Suid-Afrika kom vestig het.²⁵

(f) Kerklike organisasies

Die verskillende kerkgenootskappe het ook belangstelling in immigrasie getoon. Die Gereformeerde en Hervormde Kerke, asook die Rooms-Katolieke Kerk het na die Tweede Wêreldoorlog immigrasiekomitees gestig wat hulle vir die inskakeling van immigrante met soortgelyke kerkverbande beywer het.²⁶

Rooms-Katolieke immigrante het die probleem gehad dat hulle noodgedwonge by die Engelssprekende bevolking moes aansluit, aangesien Engels in die vyftigerjare die voertaal in dié kerk was en hulle het daarom hulle kinders na Engelse en kloosterskole gestuur.²⁷

In Nederland het die emigrasiebestuur in 1964 kragtens artikel 27 van die *Organen voor de Emigranten* aan vyf openbare aanmeldingsorgane amptelike erkenning verleen:

- Algemene Emigratie Centrale;

²⁵ J.H. Hattingh, *Die verhaal van die MEI/MVI, 1949-1999*, p. 5.

²⁶ J.H.N. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 229.

²⁷ J.H.N. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 115.

- Christelijke Emigratie Centrale;
- Gereformeerde Stichting tot bijstand van Emigratie en Geemigreerden;
- Katolieke Centrale Emigratiestichting; en
- Nederlands-Zuid Afrikaanse Vereniging.

Hierdie organisasies was behulpsaam met die emigrasie van Nederlanders en het gehelp met die kontakte en aansluiting by soortgelyke kerke in Suid-Afrika, sodat die vestigingsprobleme makliker hanteerbaar sou wees vir die emigrante.²⁸

3. Redes vir immigrasie na afloop van die Tweede Wêreldoorlog

Waarom was daar, veral in Nederland, so 'n groot neiging om die land te verlaat? As antwoord op 'n vraelys soos gepubliseer in die *Nederlandse Post*²⁹ (kyk Bylae A), was die reaksie van die destydse na-oorlogse Nederlandse immigrante op die vraag waarom na Suid-Afrika geëmigreer is, soos volg:

- vader kon nie werk in skeepsbou kry nie (na die Tweede Wêreldoorlog);
- verloof aan Suid-Afrikaner wat in Nederland gestudeer het;
- klimaat (meer as een);
- was soldaat in Indonesië (meer as een);
- avontuur;
- woningnood (meer as een);
- werksomstandighede onbevredigend;
- oorplasing deur werkgewer;
- as gevolg van advertensie in Nederlandse koerant;
- ekonomiese redes;
- volg Nederlandse verloofde hierheen;
- werk aanbod van 'n universiteit;

²⁸ J.H.N. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 13.

²⁹ *Nederlandse Post. Onafhanklike Maandblad vir Nederlanders, oud-Nederlanders en vriende van Nederland in Suid-Afrika*, Julie 2000.

- toekoms van kinders (meer as een).
- angs vir kommunisme en/of 'n derde wêreldoorlog;
- gebrek aan toekomsmoontlikhede in Nederland; en
- kontrak deur 'n werkewer aangebied.

Uit bostaande blyk dit dat mense uit alle bevolkingslae en -groepe die behoefté gevoel het om te emigreer. Dit blyk ook uit die vraelysantwoorde dat almal opgeleide persone was, hetsy in die een of ander ambag of in 'n professie, maar elkeen het reeds ondervinding in 'n beroep gehad.

Reeds voor die Tweede Wêreldoorlog het mense geëmigreer, maar na 1945 het emigrasie geweldig toegeneem. Ná die Tweede Wêreldoorlog, dit wil sê van 1946 tot ongeveer 1970, het 185 711 immigrante uit Wes-Europa na Suid-Afrika gekom. Hiervan was 24 607 Nederlanders, oftewel 12,9% van die totale getal immigrante.³⁰

'n Belangrike oorsaak was die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog op Nederland as geheel. "When German armies withdrew from Holland, they left behind a country stripped not only of movable property, including entire industrial plants, but also such things as rails and electric wires. What they left was usually either worn out or obsolete and often lacked obtainable parts... Almost a tenth of the agricultural land had been inundated and could not be used until the salt had been removed [Laasgenoemde kan slegs deur die aanplant van sekere gewasse bewerkstelling word en kan jare duur]. For fifteen consecutive years normal life in the Netherlands had been blighted by social political phenomena such as the economic crisis and the war."³¹

Tydens die Tweede Wêreldoorlog is 40 000 Nederlandse jong mans na Duitsland gestuur, waarvan 70% as dwangarbeiders ingespan is. Hulle moes na hulle terugkeer werk en huisvesting kry. Hulle het dit na hulle mening verdien.³²

³⁰ J.H.N. Loedolff. *Nederlandse immigrante*, p. 20.

³¹ B.P. Hofstede, *Thwarted exodus. Post-War immigration from the Netherlands*, p. 21.

³² B.P. Hofstede, *Thwarted exodus. Post-War immigration from the Netherlands*, p. 21.

Volgens 'n meningspeiling wat in 1947 deur die Nederlandse Instituut vir Publieke Opinie gedoen is oor die vraag of die situasie in Nederland op daardie tydstip (1939-1945) beter was as voor die Tweede Wêreldoorlog, was die uitslag dat drie kwart van die bevolking geoordeel het dat hulle toe slechter daaraan toe was as voor die Oorlog.³³

Voorts het kontak met die Geallieerde bevrydingstroepe 'n groter kennis van verskillende ander lande tot gevolg gehad.³⁴

'n Ander belangrike oorsaak was die terugkeer van 'n groot aantal jong mans na die militêre optrede in Indonesië van 1946-1949. Indonesië het in 1949 ná 'n eeu langer kolonisasié van Nederland onafhanklik geword. Die gevolg was dat baie werkgeleenthede vir Nederlanders daar verval het. Die terugkerende soldate moes ook werk en huisvesting kry. Dit was in die na-oorlogse Nederland skaars.³⁵

Die angs vir nog 'n oorlog en die spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjet-Unie het ook bygedra tot baie mense se voornemens om te emigreer.³⁶

Die gebrek aan huisvesting was nog 'n belangrike oorsaak vir emigrasie van jongmense. Daar was 'n tekort aan huise vir 14% van die ongeveer 2 200 000 gesinne in Nederland. Daardeur was jongmense wat wou trou, verplig om vir jare by hulle ouers in beknopte ruimtes te woon, wat tot groot ongelukkigheid en ellende geleei het. As gevolg van 'n tekort aan geld en boumateriaal moes mense op waglyste geplaas word en kon dit jare duur voordat iemand in aanmerking vir woonruimte kon kom.³⁷

Die prentjie vir die na-oorlogse jongmense in Nederland was dus somber. Dit het die denkbeeld laat posvat dat Nederland besig is om oorbevolk te raak. Selfs die amptelike beleid van die regering het hierdie standpunt gehuldig en die landbousektor was van

³³ B.P. Haveman, *De gaande man. Gronde van emigrasiebeslissing*, p. 108.

³⁴ B.P. Haveman, *De gaande man. Gronde van emigrasiebeslissing*, p. 106.

³⁵ B.P. Haveman, *De gaande man. Gronde van emigrasiebeslissing*, p. 108.

³⁶ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 49.

³⁷ B.P. Haveman, *De gaande man. Gronde van emigrasiebeslissing*, pp. 88 & 116

mening dat daar veral in dié sektor 'n groot oorskot aan arbeiders was.³⁸

Die algemene situasie in Nederland kort na die Tweede Wêreldoorlog was dus onseker. Die Nederlandse Eerste Minister in 1946, Willem Drees, het verklaar dat “there is not the slightest ground for complacency or selfsatisfaction. There is still great material distress and a moral depression has not entirely averted. There is stil a shortage of important commodities and we shall be burdened with a housing problem for years to come. Further more, the economic situation is in reality far worse than people on the whole realize.”³⁹ Koningin Juliana het in haar troonrede in September 1950 hierop uitgebrei en verklaar dat “die vinnige aanwas van die bevolking en die beperkte hoeveelheid grond wat beskikbaar is, veroorsaak toenemende druk om emigrasie aan te moedig.”⁴⁰

Buitelandse verblyf was vir baie jongmense die motivering om elders meer lewensruimte te soek. Tot hierdie groep het ook die terugkerende troepe, asook diegene wat dwangarbeid in Duitsland se fabrieke gedoen het, behoort. Hulle het die ou vaderland “te bekrompe” gevind met te min moontlikhede en te veel beperkings in die oorvol Nederland met baie voorvereistes ten opsigte van diplomas vir elke denkbare beroep sonder dat voldoende geleenthede geskep is. Dit alles het tot 'n groot behoefte aan emigrasie na verskillende lande bygedra.⁴¹

In 1954 het die Kommissie vir Emigrasie in Nederland opdrag gegee dat onderzoek ingestel moes word na die beweegredes en verwagtings van voornemende emigrante. Tydens 'n steekproef van die Ryksarbeidsburo in 1955 is 1 000 mense en sewe ontvangende lande betrek om die motivering van die keuse van die emigrasieland te bepaal, te wete Australië, Kanada, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika. Die volgende beweegredes is onder meer genoem, naamlik beste moontlikhede; klimaat; familie- of vriendskapsbande; jong opkomende land; baie ruimte;

³⁸ B.P. Haveman, *De gaande man. Gronde van emigrasiebeslissing*, p. 88.

³⁹ B.P. Hofstede, *Twarthed exodus. Post-War immigration from the Netherlands*, p.20.

⁴⁰ B.P. Haveman, *De gaande man. Gronde van emigrasiebeslissing*, p. 55.

⁴¹ B.P. Haveman, *De gaande man. Gronde van emigrasiebeslissing*, p. 160.

min mense; reklame; natuurskoon; stamverwantskap; en mentaliteit van die bevolking.⁴²

By die keuse van Suid-Afrika as bestemming het die volgende elemente die deurslag gegee, naamlik:

- beste moontlikhede;
- familie- of vriendskapsbande;
- klimaat; en
- stamverwantskap.⁴³

4. **Kenmerke van die Nederlandse immigrant na die Tweede Wêreldoorlog**

'n Studie – die derde publikasie in 'n reeks getiteld *Studies over Nederlandse emigratie*, deur dr. R. Wentholt, self 'n emigrant – is in 1961 gedurende die hooftydperk van immigrasie uit Nederland gedoen in opdrag van die *Regeringskommissaris vir emigratie* in Nederland. Die ondersoek het nagenoeg 200 emigratedossiere bevat.⁴⁴

Wentholt het in 1961 bevind dat immigrasie 'n bewuste en gewilde handeling is wat 'n breuk met die persoon se huidige lewenswyse inhoud. Daar kan slegs daartoe oorgegaan word indien:

- 'n toestand van ontevredenheid met die huidige lewenswyse bestaan;
- die moontlikheid bestaan dat die probleem deur immigrasie opgelos kan word; en
- die wil en vermoë by die persoon aanwesig is om dié oplossing te kies.⁴⁵

Uit die groep van 200 was die keuse van die immigrasieland in 1961 soos volg versprei:

Australië	85	42,5%
Kanada	89	44,5%

⁴² B.P. Haveman. *De gaande man. Gronde van emigrasiebeslissing*, p. 25.

⁴³ B.P. Haveman. *De gaande man. Gronde van emigrasiebeslissing*, p. 28.

⁴⁴ R. Wentholt, *Kenmerken van de Nederlandse emigranten*, p. 10; N.H. Fryda, *Emigranten – niet emmigranten*, p. 26.

⁴⁵ R. Wentholt, *Kenmerken van de Nederlandse emigranten*, p. 16.

V.S.A.	9	4,5%
Rhodesië	7	3,5%
Nieu-Seeland	5	2,5%
Suid-Afrika	3	1,5%
Brasilië	2	1% ⁴⁶

Uit die ondersoek kom die volgende kenmerke van die voornemende immigrante na vore:

- 'n behoorlike mate van vakbekwaamheid;
- positiewe ywer;
- energiek;
- ondernemend; en
- doelgerigtheid.⁴⁷

Wat betref fundamentele karaktertrekke kom daar verskillende tipes voor wat in drie hoofgroepe verdeel kan word, naamlik:

- uitgesproke dinamiese tipes (58,5%);
- meer afhanklike tipes (26%); en
- meer onstandvastige (labiele) tipes (15,5%).⁴⁸

In die totale groep is slegs enkele emigrante aangetref wat 'n onderskeibare geestelike leiersfunksie in hulle Nederlanse omgewing gehad het.⁴⁹

Uit die opname het die volgende persoonlike dryfvere geblyk:

- problematiese finansiële omstandighede was by 34% van die groep die rede vir emigrasie;
- sommige het probleme met die kulturele klimaat van Nederland gehad, soos bekrompenheid en te veel beperkings op vrye lewensontplooiing (40,5%); en

⁴⁶ R. Wenthol, *Kenmerken van de Nederlandse emigranten*, p. 16.

⁴⁷ B.P. Haveman. *De gaande man. Gronde van emigrasiebeslissing*, p. 148.

⁴⁸ B.P. Haveman. *De gaande man. Gronde van emigrasiebeslissing*, p. 150.

⁴⁹ R. Wenthol, *Kenmerken van de Nederlandse emigranten*, p. 15.

- by twee-derdes van die groep het positiewe berigte van familie en vriende die deurslag gegee.⁵⁰

Dit wat die emigrante die graagste deur middel van emigrasie wou vervul, was:

- die verlange na selfstandige beroepsuitoefening;
- die vooruitsig om sonder uitstel trouplanne te verwesenlik;
- die verlange na 'n meer landelike lewenswyse;
- die woningnood in Nederland en die vooruitsig om 'n eie huis te kry; en
- die behoefte aan meer lewensruimte en groter persoonlike vryheid vir persoonlikheidsontplooiing.⁵¹

In hierdie verband moet daarmee rekening gehou word dat in die jare direk na die Tweede Wêreldoorlog Nederland besonder konserwatief was met as oorwegende godsdienste die Calvinisme en Rooms-Katolisme. Hierdie omstandighede het veral vir jongmense baie benoudend gevoel en daarom ook die drang na vrye ontplooiing op kulturele en ekonomiese gebied bevorder.⁵²

5. Aanpassingsprobleme van Nederlandse immigrante in Suid-Afrika, ca. 1945-1973

'n Nederlandse professor, Rommert Casimir, wat na 'n besoek van drie maande aan Suid-Afrika in 1923 'n lesing vir voornemende emigrante na Suid-Afrika gegee het, het verklaar: "een Hollander wat naar Zuid-Afrika wil trekken moet in de eerste plaats beseffen dat hy bij een ander volk komt. Anders zou zijn teleurstelling te groot zijn. Hy moet Afrikaans aanvaar als taal, niet Hollands willen handhaven. Hy moet Engels kunnen spreken. Hy moet, voor zover hy er niet over beschikte, goede manieren leren. Hy moet er op rekenen dat de eerste jaren moeilijk zijn en dat er zich later ook wel moeilike jaren kunnen voordoen. Hy moet niet smalend over godsdienst spreken. Hy

⁵⁰ R. Wenthol, *Kenmerken van de Nederlandse emigranten*, p. 78.

⁵¹ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 51.

⁵² J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 47.

moet vooral eerbaar leven, want de publieke verachting zal hem anders treffen. Vooral de omgang met de kaffermeidens [sic] verwekt heilige afschuw. Hy moet niet vloeken; een Hollander, al spreekt hy de landstaal goed, verraad zich soms by de Afrikanen door zijn vloeken of het bezigen van krachtige uitdrukkingen. Hy moet begrijpen dat hij gast en vreemdeling blijft.”⁵³

Dr. J.F. Loedolff, ’n voormalige dosent in Sosiologie aan die Universiteit Pretoria, het ’n ondersoek geloods om te bepaal hoe Nederlandse immigrante na die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika aangepas en met wie hulle sosiale omgang gehad het.⁵⁴

Die ondersoekbevindinge stel dit duidelik dat integrasie en assimilasie baie geleidelik verloop en nie vinnig plaasgevind het nie. Die grootste persentasie Nederlanders het selfs na vier jaar net met, of hoofsaaklik met, Nederlanders sosiaal verkeer.⁵⁵

Dit is begrypplik dat Nederlanders, in die eerste jaar veral, vreemd en meer aangetrokke tot hulle eie landgenote sou voel. Ná die eerste jaar het daar egter geleidelik verandering gekom en was daar ’n geleidelike toename in die maatskaplike verkeer met Afrikaners en Engelssprekendes.

Al was ’n persoon opgelei en het hy/sy ondervinding gehad, moes hy/sy hom/haar eers in ’n werkkring bewys en is hy/sy nie onmiddellik in ’n bestuurs- of toppos geplaas nie.⁵⁶

Loedolff noem as redes waarom van hierdie immigrante Suid-Afrika weer wou verlaat dat die vrou nie aangepas het nie, en heimweë na haar familie of omgewing gehad het. In daardie gevalle was die man tevrede en wou hy wel bly. Daar was ander wat wou

⁵³ *Kwartaalblad van die Zuid-Afrikaansche Biblioteek*, soos aangehaal in die *Nederlandse Post, Onafhanlike Maandblad vir Nederlanders, oud-Nederlanders en vriende van Nederland in Suid-Afrika*, Jaargang 53.

⁵⁴ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 229.

⁵⁵ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 229.

⁵⁶ B.B. Haldenwang, *Migration processes, systems and policies with a special emphasis on South African international immigration*, p. 56.

teruggegaan het omdat hier te min vermaak was. Hulle het die ontspanning en geselligheid waaraan hulle in hulle eie land gewoond was, gemis.⁵⁷

Van die ondervraagde 146 Nederlandse immigrante in Suid-Afrika in Loedolf se ondersoek was daar 24% waarvan die mans nie gelukkig met hulle werk was nie en as gevolg daarvan, wou hulle terugkeer. Vir sommige was die salaris te klein; ander het nie werk in hulle vakgebied gekry nie; en een persoon wou 'n eie besigheid begin het, wat nie geslaag het nie. Vir 22% van die ondervraagdes was die rede vir terugkeer hulle kinders: hulle het gevoel dat daar tog 'n beter toekoms vir hulle kinders in hulle eie land was; in Suid-Afrika was te min afleiding vir hulle kinders, dit was te moeilik vir jong meisies om op hulle eie uit te gaan en gevoldglik was die kans op 'n huwelik minder.⁵⁸

Daar was diegene wat gereken het dat die skoolopleiding in Nederland beter was; hier was geen Christelike skole nie; en die moreel in Suid-Afrika was te laag vir die goeie opvoeding van die kinders.⁵⁹

Nagenoeg 20% van die immigrante wou teruggegaan het na hulle ouers, familie en vriende. Hulle het gemeen dat hulle nooit vriende in Suid-Afrikan sou kon vind wat daardie plek kon inneem nie. Vier persent het verklaar dat hulle geen vriende in Suid-Afrika gehad het nie. Daar was 20% wat as gevolg van die rassevraagstuk wou terugkeer; veral vroue was bang vir die swartmense.⁶⁰

Volgens 16% was die sosiale voorsiening vir en versorging van bejaardes in Suid-Afrika te swak. Dit geld vir immigrante wat te oud was om hier vir 'n pensioenskema in aanmerking te kom. Hulle was bevrees dat hulle nie genoeg vir hulle oudag kon spaar nie en indien hulle teruggegaan het, kon hulle in Nederland nog vir 'n pensioen in

⁵⁷ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 229.

⁵⁸ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 229.

⁵⁹ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 229.

⁶⁰ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 229.

aanmerking gekom het. Dit het dan 'n invloed uitgeoefen op die besluit om te ry of te bly.⁶¹

Sommige mense het gevoel dat hulle altyd vreemdelinge in Suid-Afrika sou bly. Hulle het gevoel dat 'n Nederlander nooit as 'n Afrikaner beskou sou word nie, selfs al was hy/sy genaturaliseer. Hierdie groep het nie goed met Afrikaners klaargekom nie en hulle het nie hier tuis gevoel nie. Nederlanders sou te gou en te reguit en pertinent wees en hulle het gevoel hulle moes versigtig wees oor wat hulle aan Afrikaners sê. Daar was selfs 6% wat geoordeel het dat Afrikaners te Duitsgesind was en dat die gesindheid spanning geskep en aansluiting by Afrikaners gestrem het.⁶²

Nog 8% sou die politieke toestand oorweeg het en dan besluit het of hulle sou weggaan of bly. Enkeles wou teruggegaan het omdat hulle nie geestelik tuisgevoel het nie. Hulle het geen aansluiting by die Afrikaanse kerke gevind nie. Vier persent het verklaar dat hulle Afrikaners te chauvinisties gevind het en dit het Nederlanders afgestoot. Drie persent het verklaar hulle het dikwels teen oortuigings van die Afrikaners gestuit wat hulle nie wou prysgee nie. Katolieke Nederlanders was beswaard omdat hulle dit beleef het dat hulle gedwing is om hulle by die Engelssprekendes aan te sluit.⁶³

Daar was ook Nederlanders wat verwag het om 'n soort Nederlandse bevolking hier aan te tref. Hulle het verwag om 'n stamverwante volk hier te vind, maar was teleurgesteld, want hulle het niks van die stamverwantskap aangetref nie. Hulle het die verskille in sedes en gewoontes te groot gevind. Drie persent van die ondervraagdes het verklaar dat 'n gebrek aan belangstelling in formele kultuurbeoefening by die Suid-Afrikaanse bevolking diepere aansluiting moeilik gemaak het. Dit was veral die klagte van die intellektuele immigrant. 'n Verdere 3% het geglo dat Afrikaners terughoudend is en geen behoefté het om met Nederlanders kontak te maak nie.⁶⁴

⁶¹ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 229.

⁶² J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 229.

⁶³ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 226.

⁶⁴ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 226.

Daar was enkellopendedes wat wou terugkeer omdat hulle hier geen gesikte lewensmaat gevind het nie. 'n Enkelvrou het dit te moeilik gevind om aan te pas en het onveilig gevoel. Slegs 'n paar wou nie na Nederland terugkeer nie, maar het besluit om na 'n ander land te gaan.⁶⁵

Gebrekkinge voorligting wat in die vyftigerjare deur amptenare aan emigrante na Suid-Afrika gegee is, het ook 'n invloed gehad. As jy min oor die land, klimaat en bevolking gelees of gehoor het, is dit 'n geweldige aanpassing by die verskillende omstandighede, sosiaal, opvoedkundig, kultureel, op arbeidsgebied en kerklik.⁶⁶

Volgens 38,1% van die Nederlandse immigrante wat wel aansluiting by Afrikaners gevind het, het dit huis op grond van taal, die kerk en die stamverwantskap tussen die twee groepe plaasgevind. Die 9,9% Nederlandse immigrante wat makliker by die Engelssprekende gemeenskap ingeskakel het en by hulle aansluiting gevind het, het die volgende redes daarvoor aangevoer:

- die Engelssprekendes benader probleme baie soos die Nederlanders;
- Engelssprekendes is minder geslote as die Afrikaners;
- hulle het 'n positiewe houding teenoor immigrante;
- hulle lewensopvatting is minder eng as dié van Afrikaners;
- Engelssprekendes en Nederlanders deel 'n sterk Wes-Europese kultuur; en
- die Engelssprekendes praat nie altyd oor politiek nie, maar kan oor ander onderwerpe ook gesels.

Van die ondervraagdes het 6,6% aansluiting by Afrikaners, Engelssprekendes en by Nederlandse immigrante gevind. Vir hulle het dit nie saak gemaak of dit Afrikaners, Engelssprekendes of Nederlanders was nie; hulle het goed met almal oor die weg gekom as hulle dieselfde ontwikkelingspeil gedeel het.⁶⁷

⁶⁵ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 226.

⁶⁶ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 226.

⁶⁷ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 228.

Die kerk beklee 'n belangrike plek in die lewe van immigrante omdat dit assimilasie kan bevorder of verhinder. In Suid-Afrika het Nederlandse immigrante 'n besonder gunstige posisie ten opsigte van die kerk, aangesien hulle hier by hulle eie kerke kon aansluit, want die Afrikaanse kerke was nie so vreemd dat hulle nie aansluiting kon vind nie. Dit was nie noodsaaklik om 'n eie kerk te stig nie. In Johannesburg is daar egter al vir baie jare 'n Nederlandstalige gemeente van die Hervormde Kerk en in Pretoria is daar ook een van die Nederduits Gereformeerde Kerk. Die Christelike Gereformeerdes het 'n eie kerk in Randburg wat uitsluitlik Nederlandse lidmate het. Daar is ook die sogenaamde Vrye Gereformeerde Kerk wat 'n afsonderlike gemeente in Pretoria het.⁶⁸ Hierdie kerke bestaan almal steeds in 2002.

Vir 'n groot persentasie Nederlanders was die kerk 'n hulp in hulle aanpassing as immigrante. Dit geld vir besoeke deur die predikant, en ook steun wat verleen is met die bywoning van eredienste, die krag van die prediking, en die gemeenskap van die heiliges. Tog het 68% gekla dat die kerke, en veral die predikante, nie genoeg belangstelling in die immigrante toon nie. Hulle het gevoel dat dit te lank duur voordat hulle opgesoek word, ondanks die feit dat die boordpredikant op die skip waarmee hulle na Suid-Afrika gekom het hulle besonderhede aan die predikante van hulle nuwe kerke gestuur het. Hulle het dikwels beleef dat hulle eerste kontak met die kerk die diaken was wat gekom het om kerklike bydraes te vra. Immigrante het dikwels 'n probleem met aansluiting by die kerk, maar het gevind dat hulle die kerk meer waardeer na 'n persoonlike gesprek met die predikant. Vir 34% was die kerklike en geestelike lewe in Suid-Afrika oppervlakkig. Hulle het gevind dat die kerke te formeel en op die vorm en uiterlike ingestel was.⁶⁹

Volgens 5% van die ondervraagdes het hulle nie graag met ander Nederlandse immigrante gemeng nie. Hulle het aangevoer dat dit was omdat Nederlandse immigrante snobisties geword het. Hulle het mekaar alles misgun en was jaloers as iemand vinnig vooruitgegaan het.⁷⁰

⁶⁸ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 228.

⁶⁹ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 228.

⁷⁰ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 228.

As 'n mens nie bereid is om aanpassings te maak nie en te gee en te neem nie, is dit onmoontlik om as persoon jouself in 'n vreemde land te handhaaf. As daar antagonisme van die kant van die bevolking kom, kan dit 'n stryd wees vir die man by die werk, die kind in die skool en die vrou by die winkels of vroue-organisasies. Deursettingsvermoë is dan die oplossing wat die besluit om te bly of te gaan, beïnvloed. Onder immigrante is daar altyd 'n groep wat as "trekvoëls" beskou kon word en van Suid-Afrika weer na 'n ander land sou gegaan het.⁷¹

'n Knelpunt vir sommige immigrante was die gebiedende houding van sommige Suid-Afrikaners dat immigrante van Suid-Afrika móét hou en móét aanpas. Dit was 'n probleem vir die meer intellektuele, denkende immigrante. Daar is nie altyd in ag geneem dat immigrante denkende mense is nie, en dat hulle nie goedsmoeds alles aanvaar wat hulle hoor nie. Immigrante sou slegs dié dinge wat hulle verstaan en wat vir hulle sin gemaak het, aanvaar. Suid-Afrikaners moes nie probeer om vir immigrante wys te maak dat alles hier wonderlik is nie. Blanke Suid-Afrikaners moes nie verwag het dat omdat hulle van rugby en braaivleis hou dit uit die staanspoor vir immigrante ook wonderlik sou wees nie. Immigrante het beweer dat die meeste Suid-Afrikaners blykbaar vergeet het dat hulle voorouers ook almal immigrante was.⁷²

A.M. Carr-Saunders verklaar in *World population: past and present trends* dat "...if the alien is made to feel that he is an undesired and inferior intruder, and if opprobrious epithets are applied to him, the process [aanpassing] will be lengthy."⁷³

Die geskiedkundige samehorigheid van mense van Europese oorsprong voeg almal, ondanks verskillende agtergrond, tale en sosiale gewoontes, saam tot 'n histories-kulturele lotsgemeenskap wat alle verbygegane, hedendaagse en toekomstige politieke rusies en vyandighede behoort te kan oorkom.⁷⁴

⁷¹ J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 229.

⁷² J.F. Loedolff, *Nederlandse immigrante*, p. 229.

⁷³ A.M. Carr-Saunders, *World population: past and present trends*, p. 217.

⁷⁴ F. Zangenbergh, Immigrasie en immigrante-inburgering. Referaat gelewer by 'n kongres van die Maatskappy vir Europese Immigrasie, 1982, pp. 23-24.



Figuur 1: Roelof Willem Temmingh Sr. (1913-2001)

Uit: *Beeld Plus*, 2001-10-12, p. 7.

II BYDRAES VAN AKADEMICI VAN NEDERLANDSE AFKOMS WAT IN SUID-AFRIKA BEKENDHEID OP HULLE VAKGEBIED VERWERF HET

Die Nederlandse immigrante wie se bydraes hier bespreek gaan word, kon net sowel by die hoofstukke oor kulturele en ekonomiese bydraes bespreek gewees het, aangesien hulle bydraes ook kultureel en ekonomies-wetenskaplik van aard was en steeds is. Die rede waarom hulle in ‘n afsonderlike hoofstuk bespreek word, is dat hulle hulle bydraes by uitstek aan akademiese instellings gelewer het en binne hulle eiesoortige omgewing verreikende invloed uitgeoefen het.

1. Die Temmingh-gesin

(a) Roelof Willem Temmingh Senior (1913 - 2001)

Terwyl Roelof Temmingh van 1929-1939 kantoorklerk en van 1939-1953 ’n speurder by die Amsterdamse polisie was, het hy hom deeltyds op musiek toegelê. Hy het onder andere by Jan Zwart orrelles geneem wat hom in staat gestel het om aan die Konservatorium in Den Haag vir die staatsekseen in musiekteorie te studeer. Hy het dié diploma in 1950 verwerf en van 1953-1958 as dosent in musiekgeschiedenis aan die Christelijke Hogere Burgerschool in Amsterdam opgetree.¹

Intussen het hy sy musiekstudie voortgesit, orrelles geneem by Cor Kee, en in 1956 het hy ’n verdere staatsekseen in orrelspel afgelê.²

Sy buitengewone improvisasietaal was toe reeds sterk ontwikkel en het dikwels ’n rol in programme wat hy vir Radio Nederland waargeneem het, gespeel. In Maart 1958 het

¹ J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 345.

² J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 345.

Temmingh met sy gesin na Suid-Afrika geëmigreer en het hy eers op Griekwastad en toe op Klerksdorp sy brood as orrelis en musiekonderwyser verdien.³

Op 1 Januarie 1960 is hy as orrelis by die Groote Kerk in Kaapstad aangestel, 'n pos wat hy tot 1967 beklee het. Kort ná sy aankoms het hy 'n reeks van tien programme oor die improvisasiekuns vir die Suid-Afrikaanse Uitsaai-korporasie (SAUK) aangebied. Hy het ook met kooraktiwiteite begin wat in 1962-1963 tot uitvoerings van Bach se "Matteuspassie" saam met die Stadsorkes van Kaapstad gelei het.⁴

Nadat hy in 1967 orrelis van die Gereformeerde Kerk in dieselfde stad geword het, het hy die Christelike Koorvereniging gestig en het hy die koor in musiek van die Renaissance afgerig. Van 1961-1965 was hy deeltjds dosent in Orrel en Harmonie aan die College of Music en het hy ook vir die Departement van Onderwys in Kaapland gewerk.⁵

Temmingh was 'n gesogte orrelis wat byvoorbeeld vir die Kaapse Raad vir Uitvoerende Kunste (Kruik) deur Suid- en Oos-Kaapland getoer het. Hy het ook uitvoerings op die orrels van St Alban en die N.G. Kerk Universiteitsoord (albei in Pretoria) gegee en het 'n hoogs geslaagde konserttoer na Nederland, Duitsland en Oostenryk onderneem.⁶

Sy hoofbelangstelling was die Franse orrelmusiek en periode van Cesar Franck en die dekades wat op hom gevolg het.⁷

Al vier sy kinders is besonder musikaal. Sy oudste seun, Henk, was sedert 1993 tot met sy afdrede in 2000 professor aan die Universiteit van Pretoria en Hoof van die Musiekdepartement (kyk bydrae oor hom). Sy ander seun, Roelof jr.(kyk bydrae oor hom), is professor aan die Universiteit van Stellenbosch, ook in die musiekdepartement. Sy dogter, Jenny, is musiekonderwyseres en getroud met prof. Albert Troskie, wat verbonde is aan die Musiekdepartement van die Universiteit van Port Elizabeth. Lykele,

³ J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 345.

⁴ J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 345.

⁵ J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 345.

⁶ J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 345.

⁷ J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 345.

die jongste seun, is violis en was verbonde aan die destydse Kruik-orkes en is deesdae (2002) 'n vryskutmusikus.⁸

Roelof Temmingh het verskeie werke gekomponeer, onder meer psalmkantates vir koor, soliste en orrel, en ter geleentheid van die driehonderdjarige bestaan van die Groote Kerk in Kaapstad, 'n verwerking van psalm 68 vir koor, kinderkoor en orrel.⁹

Hy het ook instrumentele werke gekomponeer: "Marche triomphale" (1942); "Pasacalglia" oor gesang 17 (1962); "Heer Jesus het 'n tuintjie waarin blomme staan" (koraalvariasies, 1963); koraalvariasies op psalm 6; "O, Hoof vol bloed en wonde (koraalvariasies, 1964). Temmingh het ook twee operettes gekomponeer, naamlik "Die Nagtegaal", 1964 en "En jy lei skade aan jou siel", 1965.¹⁰

Roelof Willem Temmingh Sr. is op 8 Oktober 2001 op die ouderdom van 88 jaar oorlede. W. Pelser skryf in *Beeld* van 12 Oktober 2001 soos volg: "musiek, veral orrelspel was sy lewe. Op sy vyf en tagtigste verjaardag het Temmingh vir oulaas in die openbaar die orrel aangedurf... Hy was streng, met 'n sterk sin vir geregtigheid. Sy seun Henk getuig so van sy vader: 'my pa was 'n wonderlike improvisator op die orrel, – 'n talent wat min mense het'".¹¹

(b) Henk Temmingh (1939 -)

Henk Temmingh is op 26 Julie 1939 te Amsterdam, Nederland gebore. Henk het in 1958 saam met die gesin na Suid-Afrika geëmigreer. Hy het op Griekwastad gematrikuleer en het by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) ingeskryf vir die graad B.Mus. en dit in 1962 (*Cum Laude*) behaal. Terselfdertyd het hy by die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) studeer en die Unisa Onderwysers Licensiaat in Musiek (UOLM)-kwalifikasie vir orrel en sang en die Unisa Voordraers Licensiaat in

⁸ J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 346.

⁹ J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 346.

¹⁰ J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 345.

¹¹ P. Pelser, Ortelis Temmingh sterf op 88, *Beeld Plus*, 2001-10-12, p. 7.



Figuur 2: Henk Temming (1939-)
Uit: Argief, Universiteit van Pretoria O13981/23-4A.

Musiek (UVLM)-kwalifikasie vir orrel ook met lof behaal. Van sy leermeesters was professore Maarten Roode, Attie van der Walt, Pieter de Villiers en Arthur Wegelin. Gedurende 1965-66 het hy aan die Koninklike Konservatorium in Den Haag, Nederland onder Adriaan Engels en Kees van Baalen hoofsaaklik orrel gestudeer. Hy het ook daardie diploma met 'n gemiddelde punt van 80% behaal.¹²

In 1967 het hy lektor in orrel en teoretiese vakke aan die Universiteit van Port Elisabeth geword, waar hy in 1970 sy doktorsgraad in musiek behaal het. Gedurende 1972 het hy vir 'n tweede keer oorsee by die bekende komponis Henk Badings gestudeer waar hy ook musikale informasieteorie bestudeer het.¹³

In 1979 het wyle dr. Anton Hartman hom gevra om by die Universiteit van die Witwatersrand aan te sluit, waar hy medeprofessor en departementshoof in die Musiekdepartement geword het. In 1980 is hy as professor en departementshoof in die Musiekdepartement van die PU vir CHO aangestel. Vir Hartman was Port Elisabeth te vêr vir samewerking as musici.¹⁴

In 1988 is hy gevra om by die Universiteit van Pretoria aan te sluit, maar hy het tot 1992 in Potchefstroom gebly. Ná herhaalde versoeke van die Universiteit van Pretoria het hy na Pretoria verhuis en het hy in 1993 professor en Hoof van die Departement van Musiek aan dié universiteit geword. Hierdie pos het hy tot met sy aftrede in 2000 beklee.¹⁵

Temmingh het ook verskeie beurse verower, onder meer Unisa se Buitelandse Musiekbeurs, die Ernest Oppenheimer Fellowship, en 'n stipendium van die Nederlandse regering.¹⁶

¹² J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 343.

¹³ J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 343.

¹⁴ Geskrewe inligting: H. Temmingh, Agtende straat 16, Hazelwood, 2002-12-20.

¹⁵ Geskrewe inligting: H. Temmingh, Agtende straat 16, Hazelwood, 2000-06-09.

¹⁶ Geskrewe inligting: H. Temmingh, Agtende straat 16, Hazelwood, 2000-06-09.

Sedert 1962 het Henk Temmingh orreluitvoerings in verskeie kerke en stadsale in die land gehou, asook vir die radio en televisie. Sy repertorium sluit werke van die vroeë Barok tot kontemporêre werk in.¹⁷

As dirigent het hy van 1969 af kore, ensembles en orkeste, hoofsaaklik studente, geleid, wat heelwat premiere's van komponiste soos Stawinsky se "Les Noces" en Bernstein se "Chichester Psalms" ingesluit het. Hy het ook gereeld groot werke soos Bach se "Matteus Passie" en Händel se "Messias" gedirigeer.¹⁸

As musikus was hy ook as komponis bekend. Hy het nagenoeg 60 werke geskryf wat van opera tot eenvoudige klavierstukke wissel. Die laaste vyftien jaar het hy hoofsaaklik in opdrag van onder meer die SAUK, die federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), die Suid-Afrikaanse Koorvereniging, die Suid-Afrikaanse Harpvereniging, die Pro Musica-orkes, Witwatersrandse Universiteit, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) en die Departement van Nasionale Opvoeding gekomponeer. Hy het ook vir individuele kunstenaars soos Werner Nel, Kathleen Allister, Edie Davey, en andere gekomponeer.¹⁹

Die SAUK het verskeie transkripsies van sy werke gemaak. Verskeie van sy komposisies is gepubliseer en word gereeld in Europa uitgevoer.²⁰

Henk Temming het ongeveer 25 boeke, artikels en ander bydraes gepubliseer, asook byna 100 koerantresensies. Hy het 'n tiental pyporrels vir sale en kerke ontwerp. Hy het ook gereeld opgetree as eksaminator vir voor- en nagraadse studente in praktiese en teoretiese vakke by verskeie universiteite. Van 1969 af het hy ook op die paneel van musiekeksaminators by Unisa gedien, en was hy ook beoordeelaar by musiekkompetisies, onder meer vir die SAUK-Musiekpryskompetisie, die Ingram-Beurs, Unisa Oorsese

¹⁷ Geskrewe inligting: H. Temmingh. Agtiende straat 16. Hazelwood, 2000-06-09.

¹⁸ Persoonlike inligting: H. Temmingh. Agtiende straat 16. Hazelwood, 2000-06-09.

¹⁹ Persoonlike inligting: H. Temmingh. Agtiende straat 16. Hazelwood. 2000-06-09.

²⁰ Persoonlike inligting: H. Temmingh, Agtiende straat 16, Hazelwood, 2000-06-09.

Nasionale Musiekbeurs, en kompetisies soos die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) se Prelude- en Forté kompetisies, asook die Oude Meester Musiekkompetisie.²¹

In organiserende, beleidmakende en leidinggewende oopsig was hy lid van die Komitee van Hoofde van Universitaire Musiekdepartemente.²² In 1989 en 1992 was hy voorsitter van die werkskomitee gemoeid met opleiding van musiekonderwysers vir instrumentale onderrig, sangonderrig en teoretiese vakke. Hy was 'n lid van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), raadslid van die Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste (Truk), lid van die uitvoerende komitees van die Suid-Afrikaanse Musiek Onderwysersvereniging (SAMVO) en 'n stigterslid van die Suid-Afrikaanse Musiekgilde. Hy was lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, president van SAMVO in 1995, en trustee van die Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie (SAMET).²³

Professor Henk Temmingh het reeds afgetree, maar lewer nog steeds uitvoerings op sy geliefkoosde instrument, die pyporrel. Sy bydrae tot die musieklewe en –waardering in hierdie land is onmisbaar.

(c) Roelof Temmingh Junior (1946 -)

Roelof Temmingh is soos sy broer, Henk, in Nederland gebore, en wel op 28 September 1946. Hy het in 1964 aan die Hoëskool D.F.Malan in Bellville gematrikuleer waarna hy aan die Universiteit van Kaapstad aanvanklik vir die graad B.A. Tale gestudeer het, maar onder die leiding van Gideon Fagan en Gunther Pulvermacher vir die graad B.Mus. Hy het hierdie grade in 1969 verwerf en sy studie daarna voortgesit vir M.Mus. en dit in 1970 voltooi. Intussen het hy hom steeds toegelê op die skepping van oorspronklike werk en het hy daarvoor in 1972 'n beurs ontvang waarmee hy 'n besoek aan Europa gebring het. Negentien twee en sewentig het 'n besondere jaar vir Roelof Temmingh geword, in 'n sekere mate was dit 'n hoogtepunt in sy aanvanklike loopbaan. Eerstens

²¹ J. P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 343.

²² J.P. Malan (red.), *Suid Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, pp. 343-345.

²³ Persoonlike inligting: H. Temmingh, Agtiende straat 16, Hazelwood, 2000-06-09.



Figuur 3: Roelof Temmingh Jnr. (1946-)

Uit: Roelof Temmingh,

http://www.sun.ac.za/Music/Staff/CV_ROELOF_TEMMINGH.htm.

het hy 'n pos aan die Musiekdepartement van die Universiteit van Port Elisabeth aanvaar. Terselfdertyd het hy enkele van sy komposisies vir 'n kompetisie van SAMRO ingeskryf. Die paneel beoordelaars, wat Arnold van Wyk, Hubert du Plessis en Anton Hartman ingesluit het, het Temmingh as die wenner van die kompetisie aangewys. Die prysgeld, tesame met hulp van die SAUK, het Temmingh in staat gestel om die *International Ferienkurse für neue musik* in Darmstadt gedurende 1972 by te woon. Die dosente by die Ferienkurse het Stockhausen, Kagel en Ligeti ingesluit, asook die hoogstaande musiekwetenskaplike Carl Dalhaus. Vir Temmingh was hierdie kursus 'n keerpunt in sy artistieke ontwikkeling; vir die eerste maal in sy lewe het hy werklik eerstehandse ondervinding van die nuutste tendense in kontemporäre musiek opgedoen. Van al die onderwysers by die kursus het Ligeti die grootste impak op die musikale ontwikkeling van Temmingh gehad.²⁴

By sy terugkeer het hy in diens van die Universiteit van Stellenbosch getree en begin met studie wat tot die D.Phil.-graad gelei het. Hy het ook die UOLM-kwalifikasie by Unisa behaal.²⁵

Aanvanklik het hy sy akademiese loopbaan in 1971 as lektor by Unisa begin en later as lektor by Port Elizabeth in 1972, maar sedert 1973 is hy by die Universiteit van Stellenbosch werksaam.²⁶

Sy belangrikste bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklewe is sy komposisies. Verskeie toonsettings van Suid-Afrikaanse digters het uit sy pen gevloeい, onder andere van D.J. Opperman, Uys Krige, Boerneef, C.J. Langenhoven, Eugéne Marais en George Weideman.²⁷

"In Januarie 1981, Temmingh participated in the National Festival and Conference presented by Adcock-Ingram at the University of the Witwatersrand. Five South African

²⁴ P. Klatzow, *Composers in South Africa today*, pp. 167-192.

²⁵ Geskrewe inligting; R. Temmingh, Merrimanlaan 116, Stellenbosch, 7600, 2000-08-05.

²⁶ Persoonlike inligting: R. Temmingh, Merrimanlaan 116, Stellenbosch, 7600, 2000-08-05.

²⁷ J.P. Malan (red.), *Suid Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 347.

composers were given the opportunity to present themselves and their work. The impact Temmingh made on the knowledgeable audience proved that he had established himself as one of the leading composers of the younger generation in this country – a fact reaffirmed at the first SABC Contemporary Music festival in Johannesburg during July 1983.”²⁸

Hy komponeer ook baie opdragwerke vir onder meer die SAUK, Universiteit van Stellenbosch en SAMRO, asook vir die Foundation of Arts, Johannesburgse Mannekoor, Frankfurter Kantorei en die Kultuurtrust van die President. Hy komponeer ook liedere vir spesifieke kore, soos byvoorbeeld “Artificial Realities”, vir die Tygerbergse Hospitaalkoor, “Winteraand”, vir Bloemhof Girls High, en “Chart D’Elage” vir die Kaapse Orrelgilde.²⁹

“In his doctoral thesis (1976) Temmingh traces the various lines of development that characterized the music of the century. In conclusion he quotes several examples from his own work to show that the pluriformity of twentieth century music can also be discovered in the work of a single composer. The contention is that to do justice to the music of this century, one has to accept this pluriformity; and by implication his own pluriformity should also be accepted. This seems to underline the author’s opinion that the easy and, even more so, the clever pieces should be taken seriously, especially since Temmingh continues to compose such music.”³⁰

Hy is ’n veelsydige komponis wat werke vir verskillende instrumente komponeer, byvoorbeeld vir dwarsfluit, klavier en orkes, strykers, tjello en klavier, orrel, hobo, dwarsfluit en viool.³¹

Roelof Temmingh het in 2002 die Helgaard Steyn-prys vir die tweede keer ontvang. Die prys is aan hom toegeken vir sy kantate “Wenn wir in höchsten Nöten sein”. Die

²⁸ P. Klatzow, *Composers in South Africa today*, p. 167.

²⁹ J.P. Malan (red.), *Suid Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 347.

³⁰ P. Klatzow, *Composers in South Africa today*, p. 169.

³¹ J.P. Malan (red.), *Suid Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 347.



Figuur 4: Jacques van der Elst (1940-)

Uit: PU for CHE: Office Bearers: The Head: International Office,
http://www.puk.ac.za/pukdocs/eng/head_internationaloffice.html.

beoordelaars van hierdie gesogte kunsprys het Temmingh se wenkomposisie beskryf as "... 'n intense, besielende werk wat uitsonderlike vakmanskap weerspieël."³²

Die gevolg trekking wat oor die gesin Temmingh gemaak kan word, is dat 'n musiekonderwyser wat met sy gesin uit Nederland na Suid-Afrika gekom het baie waardevolle bydraes tot die musieklewe van hierdie land gemaak het en steeds maak. Hy en sy seuns het met groot liefde studente opgelei om te komponeer en musiek te maak en daarvan bydraes op akademiese, asook op kulturele gebied gelewer.³³

2. Jacques van der Elst (1940 -)

Prof. Jacques van der Elst het op dertienjarige leeftyd saam met sy ouers uit Nederland na Suid-Afrika geëmigreer. Die rede vir die gesin se emigrasie was die ekonomiese toestande in die vaderland, asook die angs vir 'n derde wêreldoorlog met die Koue-Oorlog en die Russiese gevaar in Wes-Europa.³⁴

Die gesin het hulle in Port Elisabeth gevestig waar Van der Elst aan die Hoërskool Cillie gematrikuleer het. Hy het hierna die B.A.-graad by die PU vir CHO behaal, B.A.-Honneurs by die Universiteit van Rhodes en 'n M.A. in Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Port Elisabeth. Sy doktorale eksamen het hy aan die Rijksuniversiteit van Utrecht afgelê, waarna hy sy doktorsgraad in Nederlandse letterkunde by die Universiteit van Natal verwerf het.³⁵

Sy loopbaan het aanvanklik as joernalis by Nasionale Pers begin, maar na verdere studie in Nederland het sy akademiese loopbaan in alle erns begin.³⁶

³² *Beeld Plus*, 2002-11-19 (Temmingh wen weer Steyn-prys).

³³ J.P. Malan (red.), *Suid Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, pp. 346-348.

³⁴ Persoonlike inligting: J. van der Elst, Departement Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2000-05-12.

³⁵ Persoonlike inligting: J. van der Elst, Departement Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2000-05-12.

³⁶ Persoonlike inligting: J. van der Elst, Departement Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2000-05-12.

Van 1970 af is hy lektor, later senior lektor, aan die Universiteit van Natal. Van 1973 af is hy verbonde aan die PU vir CHO waar hy in 1979 tot professor bevorder is. Van 1984-1994 was hy hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands. Hy het in 1991 adjunk-dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte geword en is sedert 1995 dekaan.³⁷

Hy is steeds betrokke by navorsing en onderrig in die Departement Afrikaans en Nederlands by die PU vir CHO.³⁸

Prof. Van der Elst was voorsitter van die navorsingskomitee van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van 1980-1995. Hy is lid van die Beheerraad van die Buro vir Navorsing aan die PU vir CHO. Hy was kursusleier by vier kursusse vir navorsingsmetodologie vir die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en lid van 'n departementeel navorsingsspan oor poësie (met behulp van 'n toekenning van die RGN). Hy was ook lid van 'n dissiplinegerigte komitee van die RGN vir moderne tale, kunste, en biblioteek- en inligtingkunde (1989-1990); lid van die evalueringspaneel vir die Departement Afrikaans en Nederlands by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (1993); organiseerder van werkwinkels vir literêre vertalings van Nederlands na Afrikaans in Bloemfontein (Maart 1999); organiseerder van 'n Nederlandse skryfwersreis onder leiding van die Nederlandse Drukkers van 1801 in die Universiteitsbiblioteke van Stellenbosch en Potchefstroom in samewerking met die vakgroep Nederlands, Rijksuniversiteit Leiden (met dr. Karel Bostoen).³⁹

Prof. Van der Elst het 25 amptelike toekennings en beurse gekry van die volgende instansies: Nasionale Pers; die Nederlandse regering vir studie aan die Universiteit van Utrecht, Nederland (twee jaar); RGN; die Van Ewyck Stigting, Kaapstad vir publikasie van *Momente in die Nederlandse Letterkunde*; die Nederlandse Taalunie, vir aanbieding

³⁷ Persoonlike inligting: J. van der Elst, Departement Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2000-05-12.

³⁸ Persoonlike inligting: J. van der Elst. Departement Lettere en Wysbegeerte. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. 2000-05-12.

³⁹ Persoonlike inligting: J. van der Elst. Departement Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2000-05-12.

van 'n kongres in Neerlandistiek; die Departement van Buitelandse Sake; stigting Neerlandia; en die Noordelike Kennisnetwerk vir Neerlandistiek vir die Studieprojek N.P. van Wyk Louw, Amsterdam.⁴⁰

Van der Elst het ook 'n aantal publikasies die lig laat sien. Hieronder is klasgidse oor *Die wêreld van die Kleine Johannes*, en *Die beelding van Christus in die Nederlandse letterkunde- en literatuurgemeenskap – gedagtes oor die aard, funksie en invloed van die letterkundige werk*. 'n Huldigingsbundel vir G.S. Nienaber het in 1984 verskyn. Hy het ook bydraes gelewer vir *Literatuur* en die bron *Literêre terme en teorie*. "Die Anglo-Boereoorlog: 'n vertekende beeld vanuit die vreemde" het in *Literator* 20, 1999 verskyn.⁴¹ 'n Aantal resensies en algemene literêre besprekings het in verskillende publikasies verskyn, onder meer in die *Transvaler*, *Rapport*, *Hoofstad*, *die Oosterlig*, *Beeld*, *Vaderland* en *Volksblad*. 'n Reeks algemene kommentare, besprekings en resensies het in die publikasie *Woord en daad* van 1979-1994 verskyn.⁴²

Van der Elst was studieleier/promotor van 'n groot aantal M.A.-, D.Litt.- en Ph.D-studente, asook eksterne eksaminator by die Universiteit van Port Elizabeth, Universiteit van Natal, Unisa, Universiteit van Fort Hare, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Universiteit van Pretoria, Universiteit van Wes-Kaapland en Universiteit van Kaapstad.⁴³

Hy het ook 'n groot aantal referate oor uiteenlopende onderwerpe gelewer, onder meer by die Universiteit van Triest; Universiteit van Antwerpen; Erasmus Taalcentrum Djakarta, Indonesië; Vrye Universiteit van Amsterdam; en Universiteit van Luik, België.⁴⁴

⁴⁰ Persoonlike inligting: J. van der Elst, Departement Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2000-05-12.

⁴¹ J. van der Elst (red.), 'n Oorverdowende stille oor Afrikaans. *Woord en daad*, 1997-08-31, p. 10.

⁴² Persoonlike inligting: J. van der Elst, Departement Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2000-05-12.

⁴³ Persoonlike inligting: J. van der Elst, Departement Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2000-05-12.

⁴⁴ Persoonlike inligting: J. van der Elst. Departement Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2000-05-12.

Van der Elst was van 1992-1995 voorsitter van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Nederlandstiek; lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; lid van die Nasionale Raad van die Afrikaanse Taalkunde (Paarl) 1984-1994; en lid van Maatschappy der Nederlandse Letterkunde.⁴⁵

Hy het tien literêre pryse gewen, onder meer die ATKV-prys vir goeie gewilde prosa in 1987; die Rapport-Prys in 1991; Helgaard Steyn-Prys (vier keer) vir die beste Afrikaanse boek wat oor die afgelope jaar verskyn het in 1988, 1992, 1996, en 1999; en die W.A. Hofmeyr-prys (Huisprys van Nasionale Pers) in 1980.⁴⁶

Hy het 'n aantal kulturele studentetoere na Nederland en Vlaandere gelei. Hy was Hoofredakteur van *Woord en daad*. Hy is lewenslange lid van die FAK; lid van die Jan van Riebeeck Stigting, Pretoria; en hy dien ook in verskeie gemeenskapsorganisasies. In 'n artikel in *Woord en daad* skryf Van der Elst oor die sluiting van die Afrikaans-Nederlandse departement by onder meer die Universiteit van Natal soos volg: “[d]it is waar. Universiteite in ons land staan onder geweldige ekonomiese druk. Toe die Potchefstroomse Universiteit 'n paar jaar gelede voorsien het dat so 'n situasie kon ontstaan, is met groot hartseer besluit om die departemente Spraakleer en Drama en Beeldende Kunste te sluit. Is die Universiteit van Natal se besluit oor sy Afrikaanse departement egter rasioneel en die beslissing objektief? Die beslissing oor Afrikaans by die Universiteit van Natal is gekoppel aan die terminering van die aanbieding van Europese tale soos Duits en Frans. Gaan die Universiteit hom hier laat doodverf in die rampspoedige hoek en rigting van Afrikanisering? Die besluit teen Afrikaans by Universiteite is simbolies van 'n houding wat in nasionale amptelike kringe oor Afrikaans bestaan. Die gerieflike hangyster van apartheid word tot vervelens toe om Afrikaans se nek gehang.”⁴⁷

⁴⁵ Persoonlike inligting: J. van der Elst, Departement Lettere en Wysbegeerte. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2000-05-12.

⁴⁶ Persoonlike inligting: J. van der Elst, Departement Lettere en Wysbegeerte. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2000-05-12.

⁴⁷ J. van der Elst (red.), 'n Oorverdowende stilte oor Afrikaans, *Woord en daad*, 1997-08-31, p. 10.



Figuur 5: Harm Moraal (1947-)

Uit: NRF Publications – news@nrf, ‘Cream of SA research community awarded’,
<http://www.nrf.ac.za/publications/news@nrf/aug2001/awardees.stm>.

Hiermee bewys Van der Elst nie net dat hy 'n waardige akademikus is nie, maar ook 'n kampvegter vir Afrikaans. Van der Elst bewys ook hiermee dat hy as akademikus 'n belangrike plek inneem en wyd erkenning kry, en daarmee die Afrikaanse taal bevorder en ook in baie lande bekendstel.⁴⁸

3. Harm Moraal (1947 -)

Harm Moraal is op 11 Julie 1947 te Vollenhove, Nederland gebore. Tien jaar later, in Oktober 1957, het Harm en die gesin Moraal na Suid-Afrika geëmigreer. Volgens prof. Moraal was sy oupa in Nederland die plaaslike bouer en het hy met sy seuns die bedryf in stand gehou, maar dit was 'n armoedige bestaan en die wêreld het vir die seuns te klein geword.⁴⁹

Prof. Moraal se vader het in Suid-Afrika begin werk as timmerman teen die ongelooflike salaris van vyftien pond en tien sjiellings per week. Harm het van standerd drie af (1958) in Suid-Afrika skoolgegaan en het aan die Hoërskool F.H. Odendaal in Pretoria gematrikuleer. Daarna het hy aan die PU vir CHO gestudeer en in 1967 het hy 'n B.Sc. met onderskeidings in sy hoofvakke behaal, naamlik fisika, wiskunde en toegepaste wiskunde. Hierna het hy sy twee jaar militêre diensplig vervul. Daarna het hy sy studies voortgesit en in 1971 'n M.Sc. (*Cum Laude*) aan die PU vir CHO behaal.⁵⁰

Hy was gelukkig om gedurende sy dienspligtyd in sy vakrigting te kon werk en wel as wetenskaplike by die Suid-Afrikaanse Nasionale Antarctiese Ekspedisie (SAAE) in Antarktika. Hy was verantwoordelik vir die bedryf van 'n neutronmonitor, twee

⁴⁸ J. van der Elst (red.), 'n Oorverdowende stilte oor Afrikaans, *Woord en daad*, 1997-08-31, p. 10.

⁴⁹ Persoonlike inligting: H. Moraal, Departement Fisika, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Augustus 2000.

⁵⁰ Geskrewe inligting: H. Moraal, Departement Fisika, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Augustus 2000.

ciometers en ballonvlugte om die temperatuurprofiel van die atmosfeer gedurende riometerabsorpsies te meet.⁵¹

In 1971 is Harm Moraal by die PU vir CHO as lektor in die Departement Fisika aangestel. In 1976 is hy bevorder tot senior lektor. In 1983 is hy as medeprofessor aangestel en twee jaar later as professor. In 1991 het hy die hoof van die Departement Fisika geword en in 1996 Direkteur van die Antarktiese Navorsingsprogram aan die PU vir CHO.⁵²

Prof. Moraal se navorsingsbelange fokus op die ontwikkeling van numeriese kosmiese straalversnelling/modulasiemodelle; algemene interpretasie van versnelling/modulasi-effekte; modellering van kosmiese straalobservasies in die heliosfeer; en Antarktiese en -neutronmonitornavorsing. Hierdie werk word in die Ruimtefisiese Eenheid, wat binne die Skool vir Fisika by die PU vir CHO funksioneer, gedoen.⁵³

Prof. Moraal se hoofaktiwiteit is kosmiese straalmodellering in die heliosfeer. Hy verklaar: “[t]he Voyager spacecraft are continuing to approach the termination shock of the solar wind, and our group's previous work and contributions put us in an ideal position to make a meaningful contribution to the physics of the outer heliosphere, which will grow strongly during the next decade. The most exciting phase of outer heliosphere physics is still to come”.⁵⁴

Prof. Moraal was voorsitter van die Navorsingskomitee van die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die PU vir CHO (1991); lid van die eksamenkomitee van die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die PU vir CHO (1988-1991); lid van die Senaat van die Potchefstroomse Universiteit (1985); lid van die Komitee vir Buitelandse toekennings

⁵¹ Persoonlike inligting: H. Moraal, Departement Fisika, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Augustus 2000.

⁵² Persoonlike inligting: H. Moraal, Departement Fisika, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Augustus 2000.

⁵³ NRF Publications – news@nrf, ‘Cream of SA research community awarded’, <http://www.nrf.ac.za/publications/news@nrf/aug2001/awardees.stm>.

⁵⁴ NRF Publications – news@nrf, ‘Cream of SA research community awarded’, <http://www.nrf.ac.za/publications/news@nrf/aug2001/awardees.stm>.

aan die PU vir CHO (1990-1999); lid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Fisika (SAIF) (1971); sekretaris van die Spesialisgroep vir Son-, Aard en Plasmafisika van die SAIF (1993-1995); lid van die Nasionale Komitee vir Atmosferiese Wetenskappe (1983-1985); lid van die Nasionale Komitee vir Ruimtewetenskap (1984-1986); lid van die nasionale komitee vir die Commision for Space Research (COSPAR) en die Scientific Committee for Solar Terrestrial Physics (SCOSTEP) van die International Council for Scientific Unions (ISCU) (1987-1993); voorsitter van die Nasionale Komitee vir COSPAR en SCOSTEP (1994-1997); lid van die Sabbatsverlofkomitee van Sentrum vir Navorsingsontwikkeling (SNO) (1993-1995); lid van die evalueringskomitee vir Navorsingsplanne van SNO, Oktober 1995 (hy het die voorsitterskap van die hand gewys); lid van die Nasionale Komitee vir die International Union for Pure and Applied Physics (IUPAP) (1987-1993); lid van die Cosmic Ray Commission van die IUPAP (1984-1989); sekretaris van die Cosmic Ray Commission van IUPAP (1994-1997); en voorsitter van die organiserende komitee vir die 25ste Internasionale Konferensie op Kosmiese Strale, Durban, Suid-Afrika (30 Julie – 6 Augustus 1997).⁵⁵

Prof. Moraal is sedert 1988 lid van die Fakulteitsraad aan die PU vir CHO; sedert 1991 lid van die dagbestuur, Fakulteit Natuurwetenskap aan die PU vir CHO; sedert 2000 voorsitter van die Navorsingsevalueringskomitee van die Potchefstroomse Universiteit; sedert 1992 lid van die taakgroep vir fisiese wetenskappe van die Suid-Afrikaanse Komitee vir Antarctiese Navorsing; sedert 1984 lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; sedert 1991 eksterne eksaminator vir fisika by die Universiteit van die Noordwese, sedert 1997 voorsitter van die Nasionale Komitee vir IUPAP; en sedert 2000 lid van die evalueringskomitee vir Fisika Internasionaal.⁵⁶

Professor Moraal het aan 'n groot verskeidenheid konferensies, werkwinkels en navorsingsbesoeke deelgeneem, waar hy altesaam 35 bydraes oor onder meer die

⁵⁵ Persoonlike inligting: H. Moraal, Departement Fisika, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Augustus 2000.

⁵⁶ Persoonlike inligting: H. Moraal, Departement Fisika, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Augustus 2000.

oorsprong, versnelling en transport van kosmiese strale, en drifmodelle van die modulasie soos toegepas op die Pioneer Voager-observasie gelewer het.⁵⁷

Prof. Moraal het navorsingsbesoeke afgelê by onder meer Monash University, Victoria, Australië; Max Planck Institute für Aeronomie, Lindau, Duitsland; California Institute of Technology, Pasadena; en University of Maryland, College Park, Maryland.⁵⁸

Hy is herhaalde male genader om as eksterne eksaminator by buitelandse universiteite op te tree en was 'n keurder vir favoringsvoorstelle vir NASA se Space Physics Programme, 1992-1993, 1994. Hy het altesaam veertien M.Sc. en vier Ph.D.-studente opgelewer.⁵⁹

Prof. Moraal het 'n indrukwekkende lys van 70 vollengte publikasies in internasionale vaktydskrifte en konferensiebundels gelewer.⁶⁰

Die Nederlandse timmermanseun het alle geleenthede van die nuwe vaderland ten volle benut en met rente teruggeploeg in die wetenskaplike wêreld hier en in die buitenland, waaruit Suid-Afrika gewisse voordeel trek. Op die vraag hoe hy gevorder het tot sy huidige status, was die antwoord: "Vasbyt."⁶¹

4. Lambertus Floor (1923 -)

Lambertus Floor is in 1923 te Emmen, Nederland as een van 'n tweeling in 'n pastorie gebore. As jong man het hy die afgrýse van die Tweede Wêreldoorlog beleef. Na sy

⁵⁷ Persoonlike inligting: H. Moraal, Departement Fisika, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Augustus 2000.

⁵⁸ Persoonlike inligting: H. Moraal, Departement Fisika, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Augustus 2000.

⁵⁹ Persoonlike inligting: H. Moraal, Departement Fisika, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Augustus 2000.

⁶⁰ Persoonlike inligting: H. Moraal, Departement Fisika, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Augustus 2000.

⁶¹ Persoonlike inligting: H. Moraal, Departement Fisika, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Augustus 2000.

matriekeksamen was verdere studie weens die Oorlog nie moontlik nie en het hy as hande-arbeider by 'n tamatieboerdery gewerk.⁶²

Sy formele teologiese opleiding het in 1945 aan die Universiteit van Kampen begin. In 1947 het hy die propedeutiese studie met Hebreeus, Hellenistiese en Patristiese Grieks, en Latyn as hoofvakke geslaag.⁶³

In 1947 het hy sy teologiese studie aan die Theologiese Hogeschool van die Christelike Gereformeerde Kerk in Apeldoorn voortgesit. In 1950 het hy die T.B.- en kandidaatseksamen geslaag. Hy is in sy eerste gemeente van die Christelike Gereformeerde Kerk te Opperdoes in die amp bevestig.⁶⁴

Reeds in 1953 het die eerste van 'n lang reeks wetenskaplike publikasies uit sy pen verskyn. In dié tyd is hy ook leraar in Godsdiensonderwys aan die Hoërskool Christelijk Lyceum. Sy doktorale eksamen het Floor onder prof. J.H. Bavinck afgelê. Sy hoofvakke hiervoor was Oosterse godsdiens, Islam, Sendinggeskiedenis en Volkekunde. Die roeping as sendeling het in 1961 gekom. Die Kerkraad van Hilversum het hom as sendeling na Siloam, Suid-Afrika gestuur. Sy opdrag was om sendingleraar te wees onder die Vendabevolking, maar in sy opdrag het gestaan: "...en alles wat u hand vind om te doen." Dit het hy toe gedoen in nie-amptelike hoedanigheid as inspekteur van onderwys en begrafnisondernemer. Hy het ook uniforms aan werkers uitgedeel in sy hoedanigheid as klerekommissaris. Om geld te bespaar vir die sendende kerk in Nederland moes hy ekstra werk doen.⁶⁵

Oor prof. Floor se komste na Suid-Afrika skryf prof. V.E. D'Assonville as voorwoord in die huldigingsbundel wat by sy emeritaat oorhanding is: "Lambertus Floor staan in dieselfde ry as Prof. Dirk Postma, Jan Lion-Cachet en Sietske Los – manne wat met wortels in Nederland en hier in Suid-Afrika 'n besondere plek aan die Teologiese Skool

⁶² F. P. Viljoen, *Die lewe en werke van Bert Floor*, p. 6.

⁶³ F. P. Viljoen, *Die lewe en werke van Bert Floor*, p. 7.

⁶⁴ F. P. Viljoen, *Die lewe en werke van Bert Floor*, p. 7.

⁶⁵ F. P. Viljoen, *Die lewe en werke van Bert Floor*, p. 8.

(van die Gereformeerde Kerke) ingeneem het. Onberekenbaar is hulle betekenis vir die Gereformeerde Kerke in die afgelope 120 jaar.”⁶⁶

In 1965 is Floor as teologiese professor van die Hammanskraalse Teologiese Skool beroep waar die Gereformeerde Kerke se swart predikante destyds opgelei is. Daar het hy Grieks en Nuwe Testament gedoseer. Hy het daarna vir ’n termyn as rektor gedien en was ook direkteur van die Maatskappy vir Europese Immigrasie.⁶⁷

Gedurende 1969 het hy ’n tweede doktorsgraad getiteld “De nuwe Exodus” van die PU vir CHO ontvang onder leiding van prof. W.J. Snyman.⁶⁸

Terwyl hy aan die Hammanskraalse Teologiese Skool verbonde was, het hy verskeie buitelandse reise onderneem. Hy was onder andere gasdosent in Leuven, België en aan die universiteit te Appeldoorn. Hy is in 1977 na die Teologiese Skool te Potchefstroom beroep en as professor aan die PU vir CHO benoem. Ná sy emiraat het prof. Floor vir nog sewe jaar Nuwe Testament en Grieks aan die College Ya Myadi (Moretsane - Hammanskraal) gedoseer.⁶⁹

Kyk ’n mens na die omvattende lys publikasies⁷⁰ wat uit sy pen gevloei het, kom ’n mens onder die indruk van Floor se werkywer en veelsydigheid. Hoewel sendingwerk deur veranderde omstandighede in Siloam, Venda tot ’n einde gekom het, het Floor met sy wye kennis, nie net blankes nie, maar ook anderkleuriges opgelei om die Evangelie te

⁶⁶ F. P. Viljoen. *Die lewe en werke van Bert Floor*, p. 8.

⁶⁷ F.P. Viljoen, *Die lewe en werke van Bert Floor*, p. 8.

⁶⁸ F.P. Viljoen. *Die lewe en werke van Bert Floor*, p. 8.

⁶⁹ F.P. Viljoen. *Die lewe en werke van Bert Floor*, p. 9.

⁷⁰ Wetenskaplike publikasies: *Gereformeerde mystiek* (1953); *Kruis en Munt: 'n studie oor die verhouding tussen teologie en ekonomiese geskiedenis* (1960); *Reformasie versus revolusie; 'n prinsipiële oriëntering* (1974); *Persone rondom Paulus* (1978); en *Die Neo-marxisme in die teologie* (1981).

Tydskrifartikels: Calvyn se hermeneutiek in vergelyking met Ebeling en Fuchs (*Neotestamentica*, 1970); Church order (*The Pastoral epistles* 10, 1976); Die indikatief en imperatief in die prediking (*Teologica Reformata* 17(11), 1974); Een strukturanalise van die prediking van Paulus (*Teologica Reformata* 21(2), 1978).

Bybelkommentare: oor onder ander Jakobus, Efesiërs en Fillipense.



Figuur 6: Johannes Anton Boon (1945-)
Uit: Argief, Universiteit van Pretoria O22912/89-338.

verkondig en daardeur 'n waardevolle bydrae tot die geestelike welsyn van Suid-Afrika gelewer.⁷¹

5. Johannes Anton Boon (1945 -)

J.A. Boon is op 20 Oktober 1945 te Leiden in Nederland gebore en het in 1951 saam met sy ouers en gesin na Suid-Afrika geëmigreer.⁷²

Van graad een af het hy hier skoolgegaan en in 1963 aan die Hoërskool Kemptonpark gematrikuleer. Daarna het hy aan die PU vir CHO gestudeer. Sy B.A.-graad met Klassieke Tale as hoofvakke het hy in 1966 behaal en daarna het hy 'n nagraadse diploma in Inligtingkunde by die Pretoriase Universiteit verwerf. Dit is opgevolg met 'n B.A.-Honours in Inligtingkunde in 1970 en 'n meestersgraad in Inligtingkunde in 1972 aan die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU). Sy D.Litt. et Phil het hy ook daarna aan die RAU behaal.⁷³

Boon het sy loopbaan begin as assistent-Inligtingkundige en later as Informasiewetenskaplike, beide by die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika in die jare 1967-1979.⁷⁴

In 1970 is Boon as Junior Lektor by die RAU aangestel en in 1971 is hy tot Lektor bevorder. Daarna het hy gaan werk as navorsingsassistent by die Universiteit van Wallis waar hy ook sy doktorale eksamen afgelê het. Hierna het hy van 1974-1977 as senior lektor by die RAU gewerk. Hy is in 1978 tot professor en Hoof van die Departement van Inligtingtegnologie by die RAU bevorder.⁷⁵

⁷¹ F. P. Viljoen, *Die lewe en werke van Bert Floor*, pp. 7-14.

⁷² Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

⁷³ Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

⁷⁴ Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

⁷⁵ Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

Prof. Boon het sy akademiese loopbaan voortgesit by die Universiteit van Pretoria en was van 1981 tot 1982 adjunk-direkteur van die Akademiese Inligtingdiens, waarna hy van 1983-1995 professor en Hoof van die Departement Inligtingwetenskap was.⁷⁶

Hy is in 1985 na die Suid-Afrikaanse Parlement gesekondeer met besondere opdrag om 'n navorsing- en inligtingdiens vir parlementariërs tot stand te bring. Daarna was Boon vir twee jaar registrator en sedert 1995 is hy Buitengewone Hoogleraar vir Informasiewetenskap by die Universiteit van Pretoria. Hy beklee ook die pos van Direkteur: Telematiese Leer- en Onderwysinnovasie by die Universiteit van Pretoria.⁷⁷

Prof. Boon het van 1992-1996 elke jaar by die Universiteit van Amsterdam, Nederland as gasprofessor opgetree.⁷⁸

Aangesien prof. Boon 'n deskundige op die gebied van Inligtingstegnologie is, het hy 'n groot aantal publikasies oor die onderwerp geskryf. Hy het gedurende 1972 tot 1996 'n totaal van 64 publikasies die lig laat sien. As voorbeeld kan genoem word:

- *Die rol van biblioteek- en inligtingdienste as deel van die informasiestruktuur vir inligtingverskaffing in Suid-Afrika* (Human Sciences Research Council (HSRC) Research Bulletin, 1981)
- *Gerekenariseerde inligting- en inligtingbronne in die Universiteit van Pretoria se Biblioteekdiens* (HSRC Rapport, 1983);
- *Die gebruik van inligting en inligtingsbronne in die Biblioteek van die Pretoriase Universiteit se Biblioteekdiens* (Pretoria, 1983); en
- Inligting – 'n onontbeerlike hulpbron vir lede van die wetgewende gesag (*S.A. Joernaal vir Biblioteek- en Inligtingkunde*, Junie 1987).⁷⁹

⁷⁶ Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

⁷⁷ Persoonlike inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

⁷⁸ Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

⁷⁹ Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

Daarbenewens het Boon by nasionale en internasionale konferensies op biblioteekgebied gereeld bydraes gelewer. Hy het minsterns vyftien lesings op die vakgebied, onder meer in Brittanje, Darmstad (Duitsland), Madrid, Kopenhagen, Rotterdam, en Japan gelewer.⁸⁰

As gasprofessor het hy by die volgende universiteite opgetree: Natal (1978); Oranje-Vrystaat (1982); Transkei (1988); Zoeloeland (1988); RAU (1988 en 1992); Namibië (1989); Amsterdam (1991-1996); Konstanz (1993); Erasmus Universiteit (1994); Kopenhagen(1994); en Haagse Hoge School (1996).⁸¹

As inligtingkundige het hy baie navorsing gedoen en verslae daaroor gepubliseer. Ook as projekkleier het hy elf doktorale en twintig meestersgraadstudente in hulle studies begelei. As eksterne eksaminator het hy ook baie studente geëksamineer. Sedert 1992 was hy toesighoudende professor vir ses doktorsgrade by die Universiteit van Amsterdam.⁸²

'n Groot aantal toekennings is op sy vakgebied aan hom gedoen, onder meer die Research Laureate van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Informasiewetenskap (1990), en die Distinguished Achiever-toekenning van die Universiteit van Pretoria (1990-1993).⁸³

Boon is 'n erelid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Biblioteek- en Inligtingkunde. Hy het as voorsitter van verskeie organisasies op die vakgebied Biblioteek- en Inligtingkunde opgetree en ook as bestuurslid gedien.⁸⁴

Ander bydraes op die vakgebied van Inligtingkunde was onder meer:

- die stigting van Inligtingkunde as vakgebied by die Randse Afrikaanse Universiteit;


⁸⁰ Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

⁸¹ Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

⁸² Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

⁸³ Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

⁸⁴ Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.



Figuur 7: Wouter van Hoven (1948-)
Uit: Argief, Universiteit van Pretoria O14223/3-51.

- die transformasie van die Universiteit van Pretoria se biblioteek na 'n volwaardige akademiese inligtingdiens;
- die effektiewe en doelmatige funksionering van die kantoor van die registrator van die Universiteit van Pretoria;
- die daarstelling van Telematiese Opvoeding by die Universiteit van Pretoria; en
- die ontwikkeling van verskillende terreine op die gebied van inligtingkunde soos die evaluering van inligtingherwinningssisteme; universiteitsbiblioteke as inligtingsdienste; inligtingsbeleid en inligtingsoudit; waardetoevoeging op inligtingdienste, en inligtingontwikkeling op vakgebiede.⁸⁵

'n Georganiseerde inligtingstelsel is noodsaaklik vir die wetenskaplike parlementariër, student en publiek, want 'n bron van inligting wat nie sistematies en toeganklik vir die gebruiker is nie, dien geen doel nie. Aangesien wetenskaplike inligting veral teen 'n enorme tempo toeneem, is dit noodsaaklik dat die bering en herwinningsmoontlikhede ten volle ontwikkel en benut word.⁸⁶ Die bydrae van professor J.A. Boon op hierdie gebied is van onskatbare praktiese waarde, waarvan elke inwoner van Suid-Afrika die vrugte kan pluk.

6. Wouter van Hoven (1948 -)

Wouter van Hoven het as eenjarige in 1948 saam met sy ouers en die gesin uit Scheveningen, Nederland na Suid-Afrika gekom en in Benoni gevestig. Die rede vir emigrasie was hoofsaaklik die na-oorlogse ekonomiese toestande in die vaderland. Van Hoven het dus sy volle laer-en hoërskoolopleiding in Suid-Afrika gekry, waarna hy aan die PU vir CHO die volgende grade behaal het: B.Sc. (1969), M.Sc. (*Cum Laude*, 1971) en D.Sc. (1973) met as hoofvakke Ekologie en Fisiologie.⁸⁷

⁸⁵ Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria. 1999-11-12.

⁸⁶ Geskrewe inligting: J.H. Boon, Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria. 1999-11-12.

⁸⁷ Geskrewe inligting: W. van Hoven, Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit van Pretoria, September 2000.

Gedurende sy studentejare het hy reeds as navorser by die Departement Soölogie van die Potchefstroomse Universiteit gewerk, waarna hy in 1972 as lektor by die Universiteit van Pretoria aangestel is. Die spysverteringsfisiologie van herkouende diere is die navorsingsgebied waaroor Van Hoven gedurende die jare 1974-1976 by die Staatsuniversiteit van Utrecht se Departement Veeartsenykunde en Biochemie gestudeer het. In 1977 is Van Hoven as senior lektor by die Departement Soölogie van die Universiteit Pretoria aangestel waarna hy gedurende 1982 as gasprofessor by die Universiteit van Colorado in die V.S.A. klasse aangebied het. Met sy terugkeer in Suid-Afrika is hy as medeprofessor in die Departement Diere- en Wildlewewetenskap aangestel met as hoofopdrag Wildlewebestuur.⁸⁸

Hy is as eksterne eksaminator aangestel by sy Alma Mater, die PU vir CHO, maar ook by die Departemente Dierkunde van Universiteite van die Oranje-Vrystaat en die Witwatersrand.⁸⁹

Van Hoven is 'n spesialiskonsultant by Mabula Lodge; wetenskaplike adviseur van die Suid-Afrikaanse Lugmag se natuurreservate; mederedakteur van die tydskrif *S.A. Game*; organiseerde van verskillende konferensies op die gebied van wildbewaringsgebruiken; en konsultant oor wildbestuur en ekotoerisme by Sabie-Sabie-wildtuin.⁹⁰

Van Hoven het 'n aantal toekennings en navorsingstoekennings ontvang, onder meer van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) wat hom in staat gestel het om sy M.Sc.-graad te voltooi; die Departement van Opvoeding en Wetenskap van die Nederlandse Regering vir na-doktorale studie van 1976-1981; die Departement van Landbou, Suid-Afrika; die National Science Foundation in die Verenigde State van Amerika gedurende 1984-1986; die Suid-Afrikaanse Departement van Verdediging in 1992; die International Council for Game and Wildlife Conservation ('n silwer medalje

⁸⁸ Geskrewe inligting: W. van Hoven, Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit van Pretoria, September 2000.

⁸⁹ Geskrewe inligting: W. van Hoven, Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit van Pretoria, September 2000.

⁹⁰ Geskrewe inligting: W. van Hoven, Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit van Pretoria, September 2000.

vir uitstaande bydraes op hierdie terrein); die Uganda Research Grant Branch Energy (UK) in 1996; en van Angola National Parks Research Grant Bridge Resources in 1996.⁹¹

Van Hoven is lid van twaalf binne- en buitelandse wildlewe-organisasies, asook bestuurslid van SABC Ecoform; direkteur van Aventura; lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Internasionale Raad vir Wildbewaring, en die Switserse Stigting. Hy is betrokke by sestien nasionale en internasionale organisasies wat met wildbewaring gemoeid is.⁹²

Hy het dikwels as gasdosent by buite- en binnelandse universiteite opgetree, onder meer by die Staats Universiteit van Utrecht, Nederland (1980); die Landbou Universiteit van Wageningen, Nederland (1980); die Justus Liebig Universiteit, Giesen, Duitsland (1980); die Universiteit van Edmonton, Kanada (1982); die Staats Universiteit van Nebraska, Amerika (1984); en die Russiese Akademie vir Wetenskap, Moskou (1994).⁹³

Op die gebied van wildbewaring het hy by ses en twintig verskillende konferensies as spreker opgetree.⁹⁴

As professor doseer hy die afgelope vyftien jaar by Universiteit van Pretoria in verskillende vakke, onder meer in Sellulêre Biologie; Bloedfisiologie; Endokrinologie; en Neuro-fisiologie. Op tweedejaarsvlak doseer hy aan studente die fisiologie van ongewerwelde diere en evolusie. Aan derdejaarstudente doseer hy fisiologie en aan nagraadse studente onderwerpe soos byvoorbeeld Natuurreervaatbeplanning.⁹⁵

⁹¹ Geskrewe inligting: W. van Hoven, Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit van Pretoria, September 2000.

⁹² Geskrewe inligting: W. van Hoven, Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit van Pretoria, September 2000.

⁹³ Geskrewe inligting: W. van Hoven, Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit van Pretoria, September 2000.

⁹⁴ Geskrewe inligting: W. van Hoven, Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit van Pretoria, September 2000.

⁹⁵ Geskrewe inligting: W. van Hoven, Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit van Pretoria, September 2000.



Figuur 8: Henk Geertsema (1940-)

Uit: Rector's Award for Teaching Excellence: Henk Geertsema

<http://www.sun.ac.za/uni-ed/Rektorstoekenning/RekTo/doelstellingHenkGeertsema.html>.

Hy het 'n indrukwekkende lys van 136 wetenskaplike publikasies gedurende 1971-1999 oor 'n wye verskeidenheid aspekte van wildbewaring en -bestuur die lig laat sien, en verskillende internasionale verslae is aan wetenskaplike tydskrifte gelewer, onder meer aan *National Geographic*, asook populêre wetenskaplike artikels aan *Landbouweekblad*, *SA Panorama* en *Farming Digest*.⁹⁶

Hy het ook 'n aantal dokumentêre televisieprogramme vir buitelandse televisiekanale vervaardig, asook 'n groot aantal evalueringsverslae oor omgewingsprojekte vir 'n reeks uiteenlopende instansies opgestel.⁹⁷

Een van Suid-Afrika se grootste bates is sy wildtuine en bewaringsprojekte. Die land vind in Wouter van Hoven 'n groot kampvegter wat dit sy lewenstaak maak om die internasionaal erkende toeriste-aantreklikheid van Suid-Afrika deur goeie en wetenskaplike bestuur in stand te hou en ook uit te brei.

7. Henk Geertsema (1940 -)

Henk Geertsema was 'n twaalfjarige seun toe sy ouers ter wille van 'n beter toekoms vir hom en sy twee broers in 1953 uit Groningen, Nederland na Suid-Afrika geëmigreer het.⁹⁸

Sy vader was 'n skrynwerker in diens van S. Woudstra, 'n bou-aannemer op Krugersdorp, waar Henk Geertsema in 1957 aan die Hoërskool Monument gematrikuleer het.⁹⁹

⁹⁶ Geskrewe inligting: W. van Hoven, Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit van Pretoria, September 2000.

⁹⁷ Geskrewe inligting: W. van Hoven, Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit van Pretoria, September 2000.

⁹⁸ Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

⁹⁹ Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

Hy het vir twee jaar by West Rand Consolidated, 'n goud- en uraanmyn op Krugersdorp, gewerk, waarna hy in 1960 as bosbouer by die Saasveld Kollege vir Bosbouers op George begin werk het. Hy het sy skoling daar in 1961 as die topstudent voltooi, waarvoor hy die Schlich-trofee as beste presteerde ontvang het. Hy is van George na Pretoria verplaas waar hy as navorsingsbosbouer gewerk het.¹⁰⁰

Nadat hy in 1964 na Kaapstad verplaas is, was hy vir 'n jaar bestuursbosbouer van die Cecilia Bosreservaat teen die hang van Tafelberg. Daarvandaan is hy weer verplaas na Saasveld Bosbounavorsingstasie om navorsing in die inheemse bosse te doen. Hy wou egter graag entomoloog word en het dié studie in 1965 by die Universiteit van Stellenbosch aangepak.¹⁰¹

Henk Geertsema het sy B.Sc. met Entomologie en Dierkunde as hoofvakke in 1967 voltooi; sy honneursgraad in Entomologie (*Cum Laude*) in 1968; sy M.Sc. (Entomologie) in 1970 (ook *Cum Laude*) en het sy Ph.D. (Agric.) in 1973 behaal. Vir sy M-studie is hy na die Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming te Rosebank, Kaapstad oorgeplaas waar hy in 1971 as verantwoordelike beampte aangestel is. In 1982 is hy as senior lektor by die Kaapse Technikon aangestel nadat hy 'n administratiewe pos as adjunk-direkteur van die Navorsingsinstituut in Pretoria van die hand gewys het. In 1987 het hy as senior lektor begin werk by die Universiteit van Stellenbosch.¹⁰²

Geertsema se belangstelling in entomologie spruit uit die feit dat hy sedert sy aankoms in Suid-Afrika in skoenlappers belanggestel het en 'n geesdriftige versamelaar daarvan geword het. In dié verband het hy gereeld by vriende in Louis Trichardt gekuier om in die bosse daar skoenlappers te versamel. Daar het hy met 'n mede-Nederlander, mnr. H. de Geus, in aanraking gekom wat die Hoofstreekbeampte van die destydse Noord-Transvaal was en wat hom ingelig het oor 'n loopbaan in die bosbou. Op so 'n wyse het

¹⁰⁰ Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

¹⁰¹ Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

¹⁰² Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

hy met 'n draai by die akademie uitgekom. Sedert hy dosent geword het, het hy entomologie en ekologie by die Kaapse Technikon onderrig en insekmorfologie, - fisiologie en -sistematiek aan die Universiteit van Stellenbosch.¹⁰³

As wetenskaplike het Geertsema nie minder nie as 73 werke as skrywer of medeskrywer gepubliseer, waarvan dertien tussen 1996-2000 verskyn het.¹⁰⁴

Hy is betrokke by vyf lopende navorsingsprojekte waarby Suid-Afrikaanse wetenskaplikes, asook insektekundiges van Duitsland, Oostenryk, Italië en Amerika betrokke is.¹⁰⁵

Geertsema het ook verskeie navorsingstoekennings verwerf, onder meer van die WNNR vir studies oor *Bombycoidea* en *Zygaenoidea* (1981-1986); van die Universiteit van Stellenbosch vir 'n studie van fossielinsekte (1997-1998 en ook in 2000-2001); vir die sistematiek van *Lepidoptera* (ook van die Universiteit van Stellenbosch), asook vir 'n studie van die bergfauna van die Wes-Kaap in samewerking met professor P. Le F. Mouton en dr. A.F. Flemming met SNO-ondersteuning.¹⁰⁶

Geertsema het vier studiereise na die buiteland onderneem. Hy het Duitsland en Nederland in verband met houtinsekte in April en Mei 1976 besoek. In Junie-Julie 1996 het hy besoek aan Duitsland en Engeland gebring vir studies in verband met Zygaenoidea; hy het hierdie besoek opgevolg met 'n verdere besoek oor dieselfde onderwerp aan België, Duitsland, Nederland en Engeland in Junie-Julie 1998 en weer aan Nederland, Engeland en Duitsland in verband met dieselfde studie in Junie-Julie 2001. Hy is ook aktief betrokke by internasionale kongresse. Hy het in 1996 op uitnodiging 'n

¹⁰³ Geskrewe inligting: H. Geertsema. Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

¹⁰⁴ Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

¹⁰⁵ Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

¹⁰⁶ Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

voordrag by die Twintigste Internasionale Kongres in Entomologie in Italië gelewer. Hy het die kongres van die African Amphibian Working Group in 1999 bygewoon en daaraan deelgeneem. Hy het ook aan die International Lepidopterists' Conference of Africa in 1999, asook aan die 27ste Earth Science Congress (Geocongress) in 2000 deelgeneem. Geertsema het altesaam veertien referate op internasionale vlak aangebied, nege op nasionale vlak en ook tien ander referate.¹⁰⁷

Sedert 1988 is Geertsema betrokke by altesaam sewe universiteitskomitees en sewe en twintig fakulteitskomitees. Buite die universiteit dien hy tans as lid van die Standard Generating Body (Primary Agriculture) van die nasionale Departement van Onderwys. Hy dien ook in talle ander liggame: hy is lid van die Certec-evalueringskomitee van Elsenburg Landboukollege; hy was van 1978 tot 1993 lid van die redaksiekomitee van die Departement van Landbou se publikasie *Phytophylactica*; hy is sedert 1994 lid van die South African Board of Education and Training in Agriculture; hy is ook sedert 1995 'n Fellow of the Royal Entomological Society; sekretaris van die Biosystematics Research Group van 1993 tot 1995; lid van die Lepidopterists' Society of Africa; 'n deelgenoot van die South African Forestry Institute; lid van die Soölogiese Vereniging van Suider-Afrika sedert 2000; en sedert 1995 lid van die Lesotho Mountains Research Group.¹⁰⁸

Hy was studieleier of medestudieleier vir vier M.Sc.-studente en een doktorale proefskrif. Hy is ook eksterne eksaminator in Dierkunde aan die PU vir CHO, die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van Natal.¹⁰⁹

Hy is ook ten nouste betrokke by onderrigontwerp vir afstandsonderrig by die Universiteit van Stellenbosch; was lid van die National Forum en Communication Technology for Effective Learning and Information Exchange; en adviseur vir die Suid-

¹⁰⁷ Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

¹⁰⁸ Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

¹⁰⁹ Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

Afrikaanse Landbou-Unie oor die implikasies en toepassing van 'n voorgestelde vaardigheidsontwikkelingsontwerp.¹¹⁰

Alles in ag genome, is dit nie verbasend dat Geertsema in 1996 en weer in 2000 die Universiteit van Stellenbosch se Rektorstoekenning vir voortreflike onderrig verwerf het nie.¹¹¹

Hy meld die interessante feit dat sy ouers en twee broers in 1960 weer terug is na Nederland omdat sy ouers nie in Suid-Afrika kon aanpas nie. Immigrante wat ouer as veertig jaar was, het moeilik aangepas.¹¹²

8. Samevatting

Die bostaande is slegs enkele voorbeelde van wat Nederlandse immigrante op akademiese gebied vermag en tot Suid-Afrika bygedra het, en steeds bydra.

Die immigrasiegolf van na die Tweede Wêreldoorlog het vir Suid-Afrika in 'n groot bate ontwikkel, want baie van die nuwe landsburgers het hulle kennis en toewyding ten volle aan die land geskenk. Die land kon in die totaliteit van sy bestaan hierby baat vind.

¹¹⁰ Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

¹¹¹ Geskrewe inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

¹¹² Persoonlike inligting: H. Geertsema, Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

III DIE KULTURELE BYDRAE VAN ENKELE NEDERLANDSE IMMIGRANTE TOT SUID-AFRIKA

Die definisie van “kultuur” soos beskryf in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* lui soos volg: “[k]ultuur is ‘n kompleks van menslike gebruik wat van geslag tot geslag oorgedra en bestendig word, veral die veredeling, verfyning deur die mens van sy omgewing of homself en die skeppinge wat daaruit voortvloe; byvoorbeeld denke, spraak, vorm- en singewende handeling en die stoflike en nie-stoflike produkte daarvan.”¹

Die woord *kultuur* het sy oorsprong in die Latynse werkwoord *colere* wat bebouing, bearbeiding, bewerking van die aarde beteken, met die doel om die natuur (omgewing) aan die mens diensbaar te maak.² Mettertyd het die begrip kultuur ‘n betekenisverandering ondergaan om ook die bewerking, versorging, bearbeiding van die menslike gees of natuur, veral in die sin van veredeling, in te sluit.³

Kultuur kan dus omskryf word as die omvorming, temming en onderwerping van die natuur (omgewing en menslike natuur) danksy die arbeid van die geestelik bepaalde sosiale wese (die mens) met die oog op die skep van goedere wat in hulself waardevol is en as sodanig deur die gemeenskap aanvaar word.⁴

Kultuur is dus afhanglik van individuele skeppers en gemeenskaplike draers wat saam ‘n volk/klas/groep/gemeenskap uitmaak.⁵

W.J. de Klerk verklaar in sy boek *Afrikaner, kroes, kras, kordaat*: “[k]ultuur is jou lewenspatroon en lewensstyl. Daarom het kultuur alles te make met vryheid van keuse. ‘n Volkskultuur ontstaan deur die feit dat baie mense van ‘n spesifieke volk deur

¹ D.C. Hauptfleisch (hoofred.), *Woordeboek van die Afrikaanse Taal VIII*, p. 385.

² O.J.O. Ferreira, *Voorondersoek vir die bepaling van ‘n kultuurstrategie vir die Afrikaner*, p. 5.

³ O.J.O. Ferreira, *Voorondersoek vir die bepaling van ‘n kultuurstrategie vir die Afrikaner*, p. 5.

⁴ O.J.O. Ferreira, *Voorondersoek vir die bepaling van ‘n kultuurstrategie vir die Afrikaner*, p. 5.

⁵ O.J.O. Ferreira, *Voorondersoek vir die bepaling van ‘n kultuurstrategie vir die Afrikaner*, p. 5.



Figuur 9: Jan Bouws (1902-1978)
Uit: NALN-versameling.

opvoeding, identifikasie met mekaar en beïnvloeding min of meer dieselfde lewenspatroon onderhou. Afrikaners se kultuur dra trekke van die Wes-Europese kulture van o.a. Frankryk tot Skadinawië, spesifiek die Nederlandse, Vlaamse en Engelse kultuur, geslyp op ons Afrika ervaring.”⁶

In 1971 het die destydse Staatspresident, Jim Fouché, by ‘n informele ete van die Maatskappy vir Europese Immigrasie daarop klem gelê dat Suid-Afrika se kulturele lewe onmeetlik deur immigrante verryk is, veral in die kunste en op akademiese gebied.⁷

Vervolgens sal gekyk word na voorbeeld van hoe immigrante uit Nederland, Suid-Afrika se kulturele lewe verryk het. Die persone wat hier bespreek word, is mense wat elkeen op sy eie kultuurgebied presteer het, hetsy musiek, sang, heraldiek, biblioteke en uitgewery van Afrikana boeke, en daarmee bekendheid in die nuwe vaderland verwerf het.

1. Jan Bouws (1902 - 1978)

Jan Bouws is op 28 Julie 1902 op Purmerend, ‘n dorp in die provinsie Noord-Holland, gebore. Hy het sy opleiding as onderwyser aan die Rijkskweekschool in Haarlem gedurende 1917-1920 ontvang.⁸ Hy het eers onderwyser en later hoof van ‘n private skool in Amsterdam geword. Reeds van vroeg in sy lewe het hy begin om inligting oor Suid-Afrikaanse musiek te versamel.⁹

Dit is begryplik, want daar was destyds tydens en ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) groot belangstelling in Suid-Afrika onder Nederlanders. Sy belangstelling in Suid-

⁶ W.J. de Klerk, *Afrikanen, kroes, kras, kordaat*, p. 71.

⁷ F.G. Brownell. *British immigration to South Africa 1946-1970*. p. 149.

⁸ A. Jacobs, Jan Bouws, 1902-1970. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklewe, *Musicus* 20(2), 1992, p. 65.

⁹ C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*, p. 81.

Afrika en sy mense het verder ontwikkel deur verhale en liedjies uit die mond van sy grootmoeder.¹⁰

Sy musiek-historiese opleiding het hy in 1929 aan die Amsterdamse Universiteit ontvang. Bouws het reeds in Nederland met sy eerste studies oor musiek in Suid-Afrika begin.¹¹ Hy het selfs gereeld bydraes aan *Die Huisgenoot* en ook vir die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* gelewer. Sy inligting het hy in die biblioteek van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging in Amsterdam bekom. Hy het homself vanaf 1929-1935 intensief met die bestudering van die Suid-Afrikaanse musieklewe in al sy fasette besig gehou.¹²

Sy baanbrekerswerk het in 1946 verskyn, getiteld: *Musiek in Suid-Afrika*. Dit was ‘n omvattende musiekgeschiedenis van Suid-Afrika, in Afrikaans geskryf deur ‘n man wat toe nog nooit in Suid-Afrika was nie. In Bouws se eie woorde: ”die boek het tot stand gekom in ‘n tyd waarin dit onmoontlik was om ook maar enige gegewens uit Suid-Afrika self te kry.”¹³ Daarom was die biografiese aantekeninge nie volledig nie. Hulle is tog opgeneem om die Europese leser in elk geval met ‘n aantal persone wat van belang was vir die ontwikkeling van die musieklewe van die Unie van Suid-Afrika te laat kennis maak. Dit het Bouws se strewe bewys om Suid-Afrikaanse musiek in die buiteland bekend te stel.

Sy bronre was brieke, boeke en tydskrifte uit die argief van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging en die boeke van die Zuid-Afrikaanse Instituut, beide in Amsterdam.¹⁴ In die eerste hoofstuk van sy boek het Bouws die volgende interessante feite weergegee: “die eerste keer dat musiek genoem word, is in ‘n brief drie jaar ná die stigting van die nedersetting aan die Kaap, waarin die sieketrooster Willem Bareby

¹⁰ A. Jacobs. Jan Bouws, 1902-1970. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklewe, *Musicus* 20(2), 1992, p. 65.

¹¹ C.J. Beyers (hoofred.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*, p. 81.

¹² J. Bouws, Die musieklewe van Kaapstad in die beginjare van die 19de eeu en sy verhouding tot die Europese musieklewe, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 12(2). Oktober 1952, p. 60.

¹³ J. Bouws, Die musieklewe van Kaapstad in die beginjare van die 19de eeu en sy verhouding tot die Europese musieklewe, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 12(2). Oktober 1952, p. 65.

¹⁴ J. Bouws, Die musieklewe van Kaapstad in die beginjare van die 19de eeu en sy verhouding tot die Europese musieklewe, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 12(2). Oktober 1952, p. 64.

Wyland aan die Amsterdamse klassis berig stuur dat hy ‘... alle avert gebedt doen met een vers twee of drie toesinge na die gelegeghet destyds’¹⁵

Musiek in Suid-Afrika was nie net ‘n studie van die Kaapse musieklike nie, maar het ook Suid-Afrikaanse liedjies waaroor Bouws intensieve navorsing gedoen het, bevat. Bouws het Suid-Afrika in 1957 die eerste keer op uitnodiging van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) besoek nadat hulle hom genooi het om ‘n referaat oor Afrikaanse volksmusiek te lewer. By hierdie geleentheid het baie mense wat jare lank met hom gekorrespondeer het, hom vir die eerste keer in lewende lywe ontmoet.¹⁶

Bouws se eggenote, wat in 2001 reeds 90 jaar oud was en in Stellenbosch woon, het hom altyd geesdriftig ondersteun. Baie Suid-Afrikaanse studente het hulle gereeld kom besoek in hulle huis in Nederland.¹⁷

In 1960, toe Bouws reeds 57 jaar oud was, is hy deur die Universiteit van Stellenbosch genooi om direkteur van hulle Instituut vir Volksmusiek te word. Hy moes ook musiekgeschiedenis en paleografie in die Departement Musiek doseer. Hy het die aanbod dadelik aanvaar.¹⁸

Sy doktorsgraad het hy in 1965 met ‘n proefskrif oor *Die musieklike van Kaapstad 1800-1850 en sy verhouding tot die musiekkultuur van Wes-Europa* behaal. Dit het gegelyk as een van die deeglikste stukke musiekwetenskaplike navorsing wat nog in Suid-Afrika gedoen is. Hierdie proefskrif is twee jaar later in 1967 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Stalsprys vir Kultuurgeskiedenis bekroon.¹⁹

¹⁵ J. Bouws, Die musieklike van Kaapstad in die beginjare van die 19de eeu en sy verhouding tot die Europese musieklike, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 12(2), Oktober 1952, p. 65.

¹⁶ A. Jacobs, Jan Bouws, 1902-1970. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklike, *Musicus* 20(2), 1992, p. 65.

¹⁷ A. Jacobs, Jan Bouws, 1902-1970. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklike, *Musicus* 20(2), 1992, p. 66.

¹⁸ A. Jacobs, Jan Bouws, 1902-1970. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklike, *Musicus* 20(2), 1992, p. 66.

¹⁹ A. Jacobs, Jan Bouws, 1902-1970. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklike, *Musicus* 20(2), 1992, p. 66.

Sy musiekstudie aan die Amsterdamse Universiteit het hom uitstekend toegerus vir sy werk op Stellenbosch. Baie van sy studente het erkenning aan sy leiding as dosent gegee. Die studente aan die Universiteit van Stellenbosch het ‘n besondere huldeblyk gebring, deur die Matie-sangfees van 1972 aan Bouws op te dra vir die bydrae wat hy tot die Suid-Afrikaanse musiekkultuur gelewer het.²⁰

Bouws se publikasies het ook in Nederland, België, Switserland, Oostenryk, Frankryk, Duitsland, Engeland, Denemarke en Hongarye verskyn. Bouws was ook sedert 1960 medewerker aan die Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie. Hy het bydraes tot die belangrikste musiekensiklopedieë en –tydskrifte van hierdie lande gelewer. Hy het byvoorbeeld aan *Die Musik in Geschichte und Gegenwart* bydraes gelewer oor John Joubert (Volume 7), Arnold van Wyk (Volume 14), William Bell (Volume 15) en Gideon Fagan (Volume 16). Bouws het dus nie net die Suid-Afrikaanse musiek aan die land bekend gestel nie, maar ook wêreldwyd. Deur sy lidmaatskap van internasionale organisasies en deur sy uitgebreide korrespondensie het hy tot die bekendstelling en die verwerwing van respek vir Suid-Afrika se bydrae in die buitelandse musiekwêrelde bygedra.²¹

In 1969 het die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging Bouws met die Jan van Riebeeck-penning vereer en in 1972 is hy ook met ‘n oorkonde van die FAK beloon.²²

Bouws het ook die werk van Suid-Afrikaanse komponiste oor die radio in Europa bekendgestel. Hy het selfs uitgewers vir Suid-Afrikaanse musiekwerke gevind. Nederlandse en Belgiese komponiste het die Suid-Afrikaanse tekste getoonset.²³ ’n Voorbeeld hiervan is die Opera “Asterion” op ‘n teks van N.P. van Wyk Louw deur Henk Badings. Talle publikasies het uit Bouws se hand verskyn, byvoorbeeld *Woord en*

²⁰ A. Jacobs. Jan Bouws, 1902-1970. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklewe. *Musicus* 20(2), 1992, p. 69.

²¹ C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*, p. 82.

²² C.J. Beyers (hoofred.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*, p. 82.

²³ *Die Burger*, 1978-01-31 (In Jan Bouws het ons land ‘n vriend verloor).

wysie van die Suid-Afrikaanse lied, in 1961; *Die Volkslied, weerklank van 'n volk se hartklop*, in 1962 en *Die volkslied, deel van ons erfenis*, in 1969.²⁴

In een van sy bydraes vir Vrouerubriek wat hy vir die SAUK gelewer het, het Bouws verklaar dat die volkslied slegs kultuurbesit word wanneer dit deur aktiewe deelname van 'n volk tot klank gebring word. Oor die kunслиd het Bouws 'n artikel gekryf met die titel: *Sestig jaar van die Afrikaanse kunслиd, 1908-1968*.²⁵ Hy het hiermee erkenning aan 'n paar baanbrekers betrokke by die samestelling van 'n bloemlesing van Suid-Afrikaanse liedere gegee, naamlik E. Conradie, P.J. Nienaber, G.S. Nienaber en R.M. Immelman. Sy boek *Komponiste van Suid-Afrika* het in 1971 verskyn en in 1972 het *Geskiedenis van die musiekonderwys in Suid-Afrika, 1652-1902* die lig gesien. Die boek is opgedra aan Philip McClachlan, dirigent van die Ad Libitum koor en professor in skoolmusiek aan die Universiteit van Stellenbosch.²⁶

Van 1935-1975 het Bouws navorsing oor die Suid-Afrikaanse musiekgeschiedenis gedoen en sy werk *Solank daar musiek* is, het in 1978 verskyn. Die manuskrip het hy kort voor sy dood in 1978 voltooi. Sy vrou het dit aan Tafelberg Uitgewers oorhandig wat dit gepubliseer het.²⁷

Bouws het ook talle komposisies nagelaat. Die volledige katalogus van sy komposisies sluit die volgende in:

A. Pedagogiese werke

1. *Blokfluitboekje, nommers 1-3* (uitgegee deur Boekmans en Van Popel);
2. *Eerste, tweede en derde klavierboeke* (1947);
3. *Het eerste pianoboek* (1940);
4. *Kuhlau variasies vir blokfluit en klavier* (1964);
5. *Speelliedjies van overal;*

²⁴ C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*, p. 82.

²⁵ J. Bouws, *Sestig jaar van die Afrikaanse kunслиd. 1908-1968*, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 9(1), Maart 1969.

²⁶ A. Jacobs, Jan Bouws, 1902-1970. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklewe, *Musicus* 20(2), 1992, p. 69.


²⁷ A. Jacobs. Jan Bouws, 1902-1970. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklewe, *Musicus* 20(2), 1992, p. 69.

6. *Twaalfliedjes vir klavier* (1947).
- B. Gepubliseerde liedere
1. "Die maan" (A.D. Keet);
 2. "Dis al" (Jan F.E. Cilliers);
 3. "Drinklied" (Eitemal);
 4. "Ek haat die felle daglig" (A.D. Keet);
 5. "Elf Afrikaanse liedere";
 6. "Kinderfantasie Kleinjan";
 7. "Japie en Ellie" (Verwerking);
 8. "Op my ou ramkietjie" (C.Louis Leipoldt);
 9. "Ou Magjaarse liedjie" (Eitemal);
 10. "Ryliedjie" (P. Beukes);
 11. "Slaapliedjie" (A.G. Visser);
 12. "Slampamperliedjie" (C.Louis Leipoldt);
 13. "Sonnedal" (A.D. Keet).
- C. Liedere in manuskrip
1. "Die dromer" (W.A. Boonzaaier, 1947);
 2. "Slaapliedje" (J.van Broekhuizen, 1933);
 3. "Wonderlik" (1935).
- D. Geleentheidskomposisies
1. "Feeslied vir Republiekdag" (11 Februarie 1966); en
 2. "Skoollied vir die Laerskool Westdene, Keetmanshoop" (G.Beukes, manuskrip).²⁸

Bouws se komposisiestyl was tradisioneel en soms volksliedmatig. Dit het sy voorliefde vir die vroeë liriese Afrikaanse digters verklaar.²⁹

²⁸ A. Jacobs. Jan Bouws, 1902-1970. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklewe, *Musicus* 20(2), 1992, p. 70.

²⁹ A. Jacobs. Jan Bouws, 1902-1970. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse musieklewe, *Musicus* 20(2), 1992, p. 70.



Figuur 10: Gerard (Gé) Korsten (1927-1999)
Uit: D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 135.

Laastens blyk dit duidelik uit ‘n opsomming van Bouws se boeke en artikels hoe wyd sy belangstellingsveld was en watter bydrae hy gelewer het tot die Suid-Afrikaanse musieklewe: hy het veertien algemene werke gelewer; elf historiese oorsigte; tien artikels oor musiekbelanghebbendes, 23 oor musiekperiodes in gebruik, 25 oor Afrikaanse volksmusiek, 27 oor musici, elf oor musiekonderwys, en nege oor bladmusiek.

Hy het 215 artikels in *Die Burger* geskryf en talte ander artikels in ander koerante. Bouws se eggenote het in Mei 2000 op 90-jarige leeftyd geskryf: “[h]y was een zeer populaire en geliefde docent.”³⁰

Volgens die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* was Bouws lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; die Maatschappy der Nederlandse Letterkunde (Leiden); die Internationale Gesellschaft für Musikwissenschaft, Basel; en die International Folk Music Council, Illinois.³¹

Uit bostaande blyk dit onteenseglik dat Jan Bouws ‘n enorme bydrae tot die musiekonderrig en –geskiedenis in Suid-Afrika gelewer het.

2. Gerard (Gé) Korsten (1927 – 1999)

Gé Korsten is op 29 Desember 1927 in Rotterdam, Nederland gebore. Sy ouers het met hulle gesin na Suid-Afrika geëmigreer. Gé, die jongste van agt kinders, was sewe jaar oud toe hy in Suid-Afrika aangekom het.³²

Sy vader was ‘n groot boukontrakteur en het dit goed gedink dat Korsten na skool ‘n ambag sou leer. Nadat hy in 1944 sy vakleerlingskap vir vyf jaar deurgeloop het, het Korsten as elektrisiën gekwalifiseer. Van 1949-1953 het hy as kontrakbestuurder en

³⁰ Geskrewe inligting: Juliana Bouws, Van Riebeeckstraat, Stellenbosch, 2000-05-05.

³¹ C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*, p. 82.

³² D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

kosterekenaar by ‘n groot maatskappy gewerk. Hy het daarna as bestuurder van die elektriese afdeling van Matthew-Hall in Kaapstad gewerk, wat van 1953-1955 in beheer van groot bouprojekte soos die Karel Bremer Hospitaal en die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) se gebou in Seepunt was.³³

In 1958 het Korsten sy eie onderneming, Gé Korsten Elektriese Kontrakteurs Eiendoms (Beperk), gestig en groot kommersiële en industriële installeringskontrakte by onder meer die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde in Groenkloof, Pretoria en ook verskeie Volkskasgeboue uitgevoer. In 1970 het hy die bedryf verkoop om hom heeltyds aan sy sangloopbaan te kan wy.³⁴

Korsten het van 1947 af (sy twintigste jaar) in kore en kwartette by die destydse SAUK gesing. In 1952 het hy met sangstudie aan die Suid-Afrikaanse Musiekkollege in Kaapstad begin. In dieselfde jaar het hy ook sy lewensmaat, Elna Burger, ontmoet en met haar getrou. Enkele jare later, in 1955, het hulle in Pretoria gaan woon en het hy sy sangstudie onder Albrecht Lewald voortgesit. Sy stem het ontwikkel in dié van ‘n liries-dramatiese tenoor. In 1955 was Korsten ook stigerslid van die Pretoriase Operagroep.³⁵

Vanaf 1958 af het hy sy sangstudie by Nellie du Toit voortgesit; hy het ook later teenoor haar verskeie operarolle vertolk. Hy het ook tenoorrolle teenoor Hanlie van Niekerk, Leonore Veenemans, Mimi Coertse en Susanne Davies gesing.³⁶

Van 1963-1964 het Korsten in Wenen onder Judith Helwig operasangklasse geneem. Na sy terugkeer in 1964 het sy sangloopbaan as operasanger floreer. Hy het gereeld as hooftenoor in verskillende operas, operettes, musiekblyspele en oratoriums vir die destydse streekrade, naamlik die Transvaalse Raad vir Uitvoerdende Kunste (Truk), die Kaaplandse Raad vir Uitvoerende Kunste (Kruik) en die streekrade in Natal en die Vrystaat, gesing. Een hoogtepunt was in 1968 toe hy in twee maande, Oktober en

³³ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

³⁴ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

³⁵ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

³⁶ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

November, in 89 konserte gesing het. Die operas waarin hy in dieselfde jaar gesing het, was onder meer: "Cavaleria Rusticana" by Kruik; die "Sigeuner Baron" vir die Streeksraad vir die Uitvoerende Kunste in die OVS (Sukovs) in April en Mei; die "Studenteprins" in Port Elizabeth in Mei en Junie; "Oklahoma" in Rhodesië in Junie en Julie; "Jenufa" vir Truk in Augustus en September en "Show Boat" in Oktober en November. Dit het sy gewildheid en groot repertoire duidelik laat blyk.³⁷

Tot en met 1996 het hy 57 plate en CD's opgeneem, waaronder heelwat in Engels. Hy het ook geestelike musiek met die Cantare-koor opgeneem en is begelei deur Pieter de Villiers. Die Brigadiers-platemaatskappy is in 1965 gestig en die maatskappy het 'n opname van Korsten ten bate van die Abraham Kriel Kinderhuis vrygestel. Dit was egter sy tweede langspeelplaat in 1966, waarmee Korsten sy eerste groot tree in die musiekwêreld gegee het. Die opname was getiteld *Gé Korsten sing*; daarop het hy onder meer "Erika" saam met die orkes van Con Lamprecht gesing. Hy het daarvoor die Sarie-toekenning in November ontvang.³⁸ In dieselfde jaar het hy ook 'n filmkontrak vir vyf jaar geteken. Hy het verskeie rolprente gemaak, waar onder "Krugermiljoene" in 1967; "Hoor my lied" in 1968; "Lied in my hart" in 1969; en "A new life" in 1970. In 1977 het die SAUK 'n reeks programme met die titel *Gé sing* opgeneem wat maandeliks van Junie daardie jaar uitgesaai is en wat daarna verskillende kere opgevolg is met nuwe programme – 30 altesaam.³⁹

Hy het ook van 1992 tot September 1994 in Frans Marx se sepie, "Egoli", opgetree. In 1991 het Korsten begin om meer ligte musiek te sing. Baie opnames van hom en Rina Hugo het op die mark verskyn, sommige daarvan ook op CD. Sy CD *Gé Korsten deur die jare* het binne 'n kort tydsbestek goue plaat-status bereik. Hy en Rina Hugo het saam hoogs suksesvolle konsertreise deur die land onderneem. Hulle stemme het goed

³⁷ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

³⁸ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

³⁹ Geskrewe inligting: E. Korsten, Genevafontein Aftreeoord, Bus 4340, George-Oos, 6539, 2001-02-13.

geharmonieer en dit het bygedra tot die sukses van ligte Afrikaanse musiek. In 1993 is die opname “Ek mis jou elke dag” as Afrikaanse treffer van die jaar bekroon.⁴⁰

Korsten se lys van konserte, uitvoerings en ander optredes is verstommend lank en omvattend. Korsten het byvoorbeeld feitlik alle bekende operarolle vertolk. Hy het baie toekenings as erkenning ontvang; onder meer die Orde vir Voortreflike Diens – Goud uit die hand van die destydse staatspresident. Vir enkele jare, van 1985 tot 1989, was Korsten ook direkteur van Kruik.⁴¹

Hy het saam met alle simfonie-orkeste van Suid-Afrika opgetree. Liedere-uitvoerings is in alle stede en op die platteland gehou, asook in Zimbabwe. Die Nederburgprys vir die beste televisiepersoonlikheid is in 1978 aan hom toegeken. Altesaam vyf Sarietoekenings is deur hom ontvang. Dit is waarom hy in die omgang as “Onse Gé” bekend geword het.⁴²

Sy belangrikste bydrae tot die Suid-Afrikaanse musiekbedryf is dat hy met sy gemaklike wisseling tussen klassieke en ligte musiek uiteenlopende gehore aan verskillende musiekstyle blootgestel het en hulle belangsteling daarin geprikkel het. Hy het ‘n onuitwisbare indruk op die musiekwêreld gemaak. Twintig van sy trefferopnames het goue status behaal. Meer as 56 albums van sy sang, alleen en saam met ander sangers, is uitgereik.⁴³

Sy huwelik van 48 jaar is geseën met vyf kinders; twee seuns en drie dogters, waarvan Gerard Jr. waarskynlik die bekendste is. Hy het, soos sy pa, ‘n musiekloopbaan gekies en het plaaslik en in die buiteland groot naam as violis en dirigent gemaak.⁴⁴

⁴⁰ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

⁴¹ Geskrewe inligting: E. Korsten. Genevafontein Aftreeoord, Bus 4340, George-Oos, 6539, 2001-02-13.

⁴² D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

⁴³ Geskrewe inligting: E. Korsten. Genevafontein Aftreeoord, Bus 4340, George-Oos, 6539, 2001-02-13.

⁴⁴ Geskrewe inligting: E. Korsten, Genevafontein Aftreeoord, Bus 4340, George-Oos, 6539, 2001-02-13.



Figuur 11: Carike Keuzenkamp (1947-)
Uit: D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 128.

Gé Korsten is op 29 September 1999 dood, maar sy stem word nog dikwels oor die radio gehoor.⁴⁵

“Gé Korsten het charisma soos wat geen ander sanger in hierdie land al gehad het of seker ooit sal hê nie,” het Mimi Coertze op Suid-Afrikaanse televisie op 6 Desember 1987 verklaar. Koos Human het in *Die Burger* van 29 November 1999 in “Klassieke klanke” die volgende berig: “‘n Mens besef nie hoe groot die verlies is dat nie meer van sy ernstige opvoerings opgeneem is nie.”⁴⁶ Vivian Laff het in die *American Record Guide, March-April 2000* geskryf: “[h]e appears to have confined his highly effective career to South Africa – our loss. He would be welcomed with open arms at every international opera house today.”⁴⁷

3. Carike Keuzenkamp (1947 -)

Elizabeth Maria Magdalena Keuzenkamp is op 3 Maart 1947 in Den Haag, Nederland gebore. Haar ouers het haar egter Carike genoem, wat ‘n samesetting van hulle eie name, naamlik – Carl en Rik – is. Die gesin het in 1952 na Suid-Afrika geëmigreer en het hulle in Alberton gevestig.⁴⁸

Carike Keuzenkamp het haar liefde vir musiek van haar pa geërf en in haar ouerhuis is altyd musiek gemaak. Gou het sy die trekklavier en kitaar gespeel. As lid van die Albertonse Hoërskool se skoolkoor het sy haar stem geoefen, ook deur aan kunswedstryde deel te neem. Sy het egter nooit ‘n sangloopbaan beplan nie, sy sing net graag.⁴⁹

Ná haar skooldae in Alberton het sy aan die Pretoriase Universiteit die graad B.A.(HOD) in 1968 behaal. Die Tukkies het haar egter raakgesien en in 1967 is sy as hulle

⁴⁵ S. Pretorius, *Ter nagedachtenis aan Gé Korsten*. Inligting van kompakskyf, Scorpio Music, 1999.

⁴⁶ K. Human, Klassieke klanke. *Die Burger*. 1999-11-29.

⁴⁷ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*. p. 136.

⁴⁸ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*. p. 136.

⁴⁹ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

joolkoningin gekroon.⁵⁰ Een van haar vriendinne, 'n dogter van die rolprentvervaardiger Jamie Uys, het haar oorgehaal om 'n klein rolletjie in 'n film van haar pa te vertolk. Dit was "Die professor en die prikkelpop" waarin sy die liedjie "Timothy" gesing het, wat deur een van haar medestudente vir haar geskryf is.⁵¹

Haar pa het haar oorreed om na die EMI-platemaatskappy se opname-ateljees te gaan en E. Nofal het 'n sogenaamde solus sewe-plaat daarvan gemaak. Dit was 'n kitstreffer en op Springbok Radio se treffersparade was dit spoedig in die eerste plek. Dit was die eerste keer dat 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar dit met 'n eerste opname vermag het. Springbok Radio was in daardie tyd die enigste handelsender.⁵²

Keuzenkamp het in 1968 met Olaus van Zyl getrou, maar sy het aangehou sing en kort daarna het haar eerste langspeelplaat die lig gesien. Haar man is toe vir 'n jaar na Amerika vir studies en Carike Keuzenkamp het saamgegaan. Met haar terugkeer het sy saam met Groep Twee, die sangpaar Sias Reyneke en Gert van Tonder, 'n paar konsertreise onderneem en nog van haar opnames is bekendgestel.⁵³

Sy het die gewilde kinderprogram "Kraaines" vir nege jaar lank op die Afrikaanse televisiekanaal van die SAUK aangebied. Sy het toe nie meer in konserte opgetree nie, omdat haar man en kinders vir haar belangriker as haar sangloopbaan was. Toe haar man in 1981 burgemeester van Randburg geword het, moes sy hom dikwels na amptelike geleenthede vergesel.⁵⁴

In 1981 het Merwede van der Merwe vier revueprogramme met Carike Keuzenkamp as gas aangebied en dit was 'n groot sukses. Saam met die Kraainesspan het sy in 1982 na Taiwan gegaan om te sien hoe kinderprogramme daar opgeneem is. Sy is toe genooi om op een van Taiwan se gewildste programme op te tree. Daar het sy haar treffer "Hoekatoeka" gesing. Met die herdenking van die simboliese aankoms van Bartolomeus Dias in

⁵⁰ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

⁵¹ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

⁵² D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

⁵³ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

⁵⁴ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

1987, is Carike Keuzenkamp gevra om die amptelike feeslied te sing. Die lied is in drie tale gemaak, Afrikaans, Engels en Portugees. Die lied “Kinders van die wind” van Koos du Plessis is ook in Portugees vertaal en as “Criancas de Vento” vir duisende Portugese bewonderaars opgeneem. Toe die Dias-korveel in Mosselbaai aangekom het vir die fees, was Keuzenkamp aan boord in Portugese drag. Dit was ook in 1987 dat sy haar 20 goue jare in die musiekbedryf met ‘n nuwe album, “Ek sing”, gevier het. ‘n Televisiehuldigingsprogram is ook hieroor gebeeldsend.⁵⁵

Keuzenkamp het ook talle kinderplate, waarvan “Heidi” seker een van die bekendste is, opgeneem en wat dan ook platinumstatus behaal het. Saam met Jannie Pelser het sy ook twee plate met geestelike musiek opgeneem, naamlik. “Jeugsangbundelliedere” in 1988 en 1989. Die langspeelplaat “Stap Saam Met My” het in 1991 verskyn en is ook op CD bemark.⁵⁶


Aangesien haar kinders teen 1997 uit die huis is, het Keuzenkamp op aandrang van haar man openbare optredes hervat om sodoende die sogenaamde leë nes-sindroom te bowe te kom. Verskeie albums van haar is uitgereik, onder meer “Twintig Mooiste Melodieë”, “Wouter Kabouter en ander treffers” en “Kom Sing en Loof”, ‘n gospelopname vir kinders. Haar mees onlangse CD’s is “Seisoene Van Die Lewe” wat in 2000 verskyn het, en twee CD’s vir kinders, naamlik “Carike in Kinderland”.⁵⁷

Keuzenkamp het verskeie toekenning vir haar sang ontvang. In 1981 het sy ‘n Sarie-toekenning as die gewildste sangeres van ligte Afrikaanse musiek ontvang. Sy is twee keer vir ‘n Artes-toekenning vir haar bydrae tot ligte Afrikaanse musiek benoem. Sy is vereer met ‘n toekenning vir haar bydrae tot lichte Afrikaanse musiek deur die Junior Rapportryerskorps van Bronkhorstspruit. Sy het ‘n spesiale toekenning in 1980 van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Poppespel as beste aanbieder van kinderprogramme op Afrikaanse televisie ontvang. Keuzenkamp het ook ‘n oorkonde van die Krugersdorpse Rapportryers in 1988 ontvang, asook ‘n merietoekenning van die stadsraad van

⁵⁵ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*. p. 136.

⁵⁶ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*. p. 136.

⁵⁷ Geskrewe inligting: C. Keuzenkamp, Posbus 17134, Doornfontein, 2001.



Figuur 12: Arthur Wegelin (1908-1995)
Uit: NALN-versameling.

Randburg in 1990. Sy het in 1991 die Erkentlikheidtoekenning van die Afrikaanse Sakekamer van Pretoria ontvang. Die Universiteit van Pretoria het haar met ‘n Lauratus-toekenning vir haar bydrae tot kultuur vereer. In 1990 het sy ook ‘n toekenning van die Stadsraad van Brakpan vir die “gewildste Afrikaanse sangeres” ontvang in die “Kies Jou Ster-kompetisie”.⁵⁸

Stap Saam Met My, uitgegee in 1991, is haar 30ste album waarop sy een van haar grootste treffers – “Dis ‘n Land”, geskryf deur Johann Stemmet, ingesluit het. Sy het in 1992 haar geboortestad besoek en het daar met die komponis, Vader Abraham, kennis gemaak. Hy is ‘n skepper van gewilde kinderliedjies waarvan verskeie ook in Afrikaans vertaal en gesing is.⁵⁹

Die lys van haar trefferliedjies is baie lank en baie gewild. Ondanks persoonlike probleme met haar gesondheid het Carike Keuzenkamp dieselfde mooi, ongekunstelde, vriendelike sangeres gebly wat haar optredes hoofsaaklik tot damesoggende beperk.⁶⁰ Die Suid-Afrikaanse musiekpubliek kan dankbaar wees dat die ouers van Carike Keuzenkamp besluit het om hulle in Suid-Afrika te vestig.⁶¹ Keuzenkamp het self haar gewildheid toegeeskryf aan die feit dat sy vir baie jare nie as sangeres opgetree het nie. Tydens haar TV-jare het sy geen sangoptredes gehad nie en sy reken dat die publiek haar daarom onthou en nog nie uitgekuier is met haar as sangeres nie. Sy het gesê: “ek is nog altyd lief om te sing, maar het nog nooit na sukses gehunker nie.”⁶²

4. Arthur Wegelin (1908 - 1995)

Arthur Wegelin, komponis, pedagoog en navorser is op 5 Maart 1908 te Nijmegen, Nederland gebore. Hy was ‘n violis in die Utrechtse Stedelijk Orkest van 1933-1942 en leier daarvan vir vyf jaar. Daarby was hy ook ‘n bekende vioolleerdeester in die

⁵⁸ Geskrewe inligting: C. Keuzenkamp, Posbus 17134, Doornfontein, 2001.

⁵⁹ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

⁶⁰ C.Claasen, Immergroen Carike, *Finesse*, Oktober 2000, p.16.

⁶¹ D.C. Pretorius, *Musieksterre van gister en vandag*, p. 136.

⁶² L. Clunies-Ross, Dit is ligloop in haar erwe, *Rooi Rose*, 1999-11-10, p. 15.

provinsie Utrecht. Hy was ook lid van die Koninklike Nederlandse Toonkunstenaarsvereniging.⁶³

In sy tydperk as musiekonderwyser het hy honderd skoolkonserte gereël. Op die ouderdom van 39 jaar het hy as wewenaar met twee jong kinders besluit om na Suid-Afrika te emigreer waarvan sy familie reeds gewoon het.⁶⁴ Nadat hy eers in 1947 as vryskutmusikus in die Kaap gewerk het en gereeld met die Kaapstadse Stadsorkes opgetree het, is hy in 1951 as dosent in viool by die konservatorium van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) aangestel. Na verloop van tyd is hy bevorder tot lektor en later tot senior lektor, terwyl hy self deur die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) vir sy M.Mus.-graad gestudeer het.⁶⁵

Hierdeur het hy 'n *Fellow for Violin* van die Trinity College in Londen geword. In 1961, toe hy senior lektor was, het hy harmonie, kontrapunt, orkestrasie, komposisie, viool en skoolmusiek gedoseer.⁶⁶

Hy het in 1959 die Bothner-Beurs ontvang om verder in vioolmetodiek, komposisie en skoolmusiek te studeer. Van 1966 tot en met sy aftrede in Junie 1970 het hy as Hoof van die Musiekdepartement van die Universiteit van Port Elizabeth komposisie gedoseer. Hy het daarna egter nog komposisie aan die Universiteit van Pretoria ook gedoseer. Toe hy egter finaal afgetree het, het hy in 1973 tyd gehad om navorsingswerk te doen waarmee hy reeds in Port Elizabeth begin het. Die navorsing het gehandel oor 'n stelsel van musiekaanlegtoetse vir hoër- en laerskoolleerlinge. Hy het die studie toe vir die Instituut vir Psigometriese Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) onderneem.⁶⁷ Hierdie toetse is by voltooing in 1975 selfs in die buiteland met geesdrif begroet.⁶⁸

⁶³ Geskrewe inligting: E. Alma, Evergreenlaan 20, Constantia, 7800, 2000-06-01.

⁶⁴ Geskrewe inligting: A. Wegelin, Evergreenlaan 20, Constantia, 7800, 2000-06-01.

⁶⁵ Geskrewe inligting: E. Alma, Evergreenlaan 20, Constantia, 7800, 2000-06-01.

⁶⁶ *International who's who in music* 56, June 1959, p. 15.

⁶⁷ J.P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*, p. 477.

⁶⁸ Geskrewe inligting: E. Alma, Evergreenlaan 20, Constantia, 7800, 2000-06-01.

Van 1978 af het Wegelin hom heeltyds op komposisie toegelê. Hy was die outeur van twee boeke⁶⁹ oor harmonie en skoolmusiek (in Afrikaans) en het ook talle artikels oor musiek vir vaktydskrifte geskryf.

Wegelin was ‘n lid van die Akademie vir Wetenskap en Kuns, en ‘n erelid van die Society of Music Teachers sedert die oprigting van die vereniging in 1956. Hy was in Suid-Afrika nasionale president van die Musiekonderwysersvereniging (SAMVO) vanaf 1956.⁷⁰ Hy was ook ‘n stigterslid van die Musicalogical Society of South Africa en van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging. Hy is ook vermeld in die *International who's who in music*, asook in die *Dictionary of international biography*. Hy was ‘n pionier op die gebied van jeugorkest. Onder die skuilnaam “Oom Willem” het hy ook ‘n reeks opvoedkundige werke vir die jeug, wat hy self uitgegee het, geskryf.⁷¹

Ter geleentheid van die 80ste bestaansjaar van die Kaapstadse Simfonie-orkes het Wegelin ‘n huldigingswerk gekomponeer.⁷² Sy betrokkenheid by komposisie strek oor ‘n tydperk van 60 jaar. Hy het ‘n lang lys van komposisies agter sy naam wat kamermusiek, orkesmusiek, konserte en koorwerke insluit. Sy komposisies “Voices from the African Continent” vir viool en klavier; “Dialoog vir viool”; ‘n sonate vir viool en klavier; twee klavier trios en twee snaarkwartette is ‘n beknopte opsomming van sy werk.⁷³

Wegelin het ook in die Afrikaanse letterkunde belanggestel. Hy het gedigte van onder andere Eugéne Marais, G.A. Watermeyer, Boerneef, Ingrid Jonker, C. Louis Leipoldt en baie ander gebruik vir sy liedere en koorwerke.⁷⁴ Hy het ook self gedig. In 1992 het hy vir Unisa en Transnet se Internasionale Snaarkompetisie in Pretoria ‘n stuk vir viool, asook vir die Christian Altenberg Violin Masterclasses gekomponeer.⁷⁵

⁶⁹ *Praktiese harmonieleer van die diatoniek* (Potchefstroom, 1962) en *Skoolmusiek vir Suid-Afrika: punte en kontrapunte* (Kaapstad, 1962).

⁷⁰ Geskrewe inligting: E. Alma, Evergreenlaan 20, Constantia, 7800, 2000-06-01.

⁷¹ S. Grové, Arthur Wegelin, 1908-1995: ‘n huldeblyk, *VUKA SA*, Desember 1995, p. 88.

⁷² S. Grové, Arthur Wegelin, 1908-1995: ‘n huldeblyk, *VUKA SA*, Desember 1995, p. 88.

⁷³ *International who's who in music* 56, June 1959, p. 15.

⁷⁴ *International who's who in music* 56, June 1959, p. 15.

⁷⁵ *International who's who in music* 56, June 1959, p. 15.



Figuur 13: Cornelis Pama (1916-1994)

Uit: *Die Burger*, 1994-10-25 (Cor Pama was 'n ware kultuurmens), p. 4.

Stefans Grové het na die dood van Wegelin in *Beeld* op 16 Oktober 1995 soos volg berig: “[p]as nadat ek in 1947 my laaste eksamen as student in Kaapstad geskryf het, het ek Wegelin vir die eerste keer ontmoet. Hy was moeg vir die oorlog en die troosteloze bestaan in die na-oorlogse Nederland. Hy wou hier sy geweldige ondernemingslus kom uitleef.”⁷⁶

“Hy het sy viool en ‘n tas vol sonates saamgebring. Ons het dadelik by mekaar aanklank gevind en besluit om as viool-klavierduo die hele land op horings te neem. Ons het ‘n reeks beplan soos die Beethoven-sonates en ‘n reeks Franse en Nederlandse Vioolmusiek. Wegelin wou skoolkonserte reël en het vierhonderd brieve aan skoolhoofde gestuur, maar die antwoord was meestal negatief. Wegelin het ‘n lespraktyk op Stellenbosch en Paarl begin en ook een maal per week, viool op die rug, per motorfiets deur weer en wind in Worcester gaan les gee. Wegelin wat op 6 Oktober 1995 oorlede is, het diep spore in ons musieklewe getrap, nie alleen as uiters knap navorser nie, maar ook as pedagoog en komponis. Hy was ‘n aartsoptimis vir wie die lewe ‘n lied was.”⁷⁷

Naskrif: Tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het die Duitse besetters in Nederland alle kunstenaars verplig om aan die sogenaamde Kultuurkamer te behoort. Dié wat geweier het, mog nie meer opgetree het nie. Dit verklaar waarom Wegelin slegs tot 1942 lid van die orkes was. Die meeste Nederlandse kunstenaars het geweier om by die Kultuurkamer aan te sluit en kon sodoende nie meer amptelik optree nie.⁷⁸

5. Cornelis Pama (1916 - 1994)

Cor Pama is op 5 November 1916 in Rotterdam, Nederland gebore en het sy skoolopleiding daar ondergaan. Hy het vroeg reeds ‘n sterk belangstelling in heraldiek en genealogie ontwikkel. Op twintigjarige leeftyd het Pama mede-oprigter en redakteur van die tydskrif *Nederlandse Archief Voor Genealogie en Heraldiek* geword. Dit het sy

⁷⁶ *Beeld*, 1995-10-16.

⁷⁷ *Beeld*, 1995-10-16.

⁷⁸ *Beeld*, 1995-10-16.

skryftalent ontwikkel en as negentienjarige het hy reeds saam met 'n aantal jeugdiges die tydskrif *Liebaart* uitgegee.⁷⁹

Ná 'n verblyf van agt jaar in Engeland het hy in 1955 as bestuurder van die Londense firma W.G.H. Foyle se Kaapstadse dogterboekwinkel na Suid Afrika gekom. Kort na sy aankoms is hy tot lid van die komitee wat ondersoek moes instel na die oprigting van 'n staatsburo vir heraldiek benoem. Hy het uit die staanspoor in die Raad van Heraldiek, toe dit in 1962 gestig is, gedien.⁸⁰ In 1968 is Pama as direkteur van die Uitgewery A.A. Balkema aangewys. Van 1973 af was hy 'n paar jaar aan Tafelberg Uitgewers as redakteur vir vakliteratuur verbonde.⁸¹

In opdrag van die destydse regering is Pama in 1961 aangestel om die staatssimbole van die Republiek van Suid-Afrika te ontwerp. Dit het die goue ampstawwe vir die Volksraad en Senaat, en die wimpel en serp van die Staatspresident omvat, asook die wapen vir die Presidentsraad.⁸²

Pama het 'n aantal boeke oor die onderwerp van heraldiek geskryf:

1. *Onze afstamming*, 1937;
2. *Het volkskarakter in de heraldiek*, 1938;
3. *Ons familiewapen*, 1939;
4. *Heraldiek en ex Libris*, 1940;
5. *Het wapen der Nederlanden*, 1941;
6. *Het geslacht Pama, geschiedenis van een Hunterlandse familje*;
7. *Heraldiek in Suid-Afrika*, 1956;
8. *Die Unievlag*, 1958;
9. *Die wapens van die ou Afrikaanse families*, 1959;
10. *Simbole van die Unie*, 1960;
11. *Rietstaps Handboek der Wapenkunde*, 1987;

⁷⁹ C. Pama, *Die groot Afrikaanse familienaamboek*, stofomslag.

⁸⁰ C. Pama, *Die groot Afrikaanse familienaamboek*, stofomslag.

⁸¹ G. de Kock, Cor Pama, *Familia* 31(4), 1994, p. 70.

⁸² G. de Kock, Cor Pama, *Familia* 31(4), 1994, p. 70.

12. *Heraldiek, geskiedenis van die familiewapens van die Middeleeue tot heden*, 1963;
13. *Lions and Virgins, state symbols in South Africa* 1965, 1967-1962;
14. *Heraldiek en genealogie, een encyclopedisch vademecum*, 1969;
15. *Flags of Southern Africa*, 1981;
16. *Vlae van Suider Afrika*, 1983;
17. *Heraldiek ABC*, 1983; en
18. *Die groot Afrikaanse familienaamboek*, 1983.

Verskeie populêre boeke oor die geskiedenis en kultuur van die Kaap het ook uit sy pen verskyn, naamlik:

1. *Vintage Cape Town, 20 historic houses and families in and around Cape Town*, 1975;
2. *Regency Cape Town*, 1975;
3. *Bowler Cape Town, life at the Cape 1834-68*, 1977;
4. *The wine estates of South Africa*, 1979; en
5. *Wagon road to Wynberg*, 1979.⁸³

Pama was die dryfveer agter die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Buro vir Heraldiek. In 1963 en sedert die totstandkoming van die *Wet op Heraldiek* in daardie jaar is daar regsbeskerming vir geregistreerde familiewapens en dit is sedert 1980 ‘n oortreding van die Wet om ‘n familiewapen te verskaf tensy die verskaffer oor ‘n sertifikaat van egtheid beskik wat deur die staatsheraldikus uitgereik is. In die tydskrif *Familia* het Gideon de Kock, redakteur van *Familia*, soos volg oor Pama geskryf: “bo en behalwe vir sy groot bydrae op ander gebiede, huldig ons hom vir sy onmeetbare bydrae tot genealogie in Suid-Afrika. Hy was ‘n stigterslid en baie jare president van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika. Van die begin af tot 1994 was hy redakteur van *Familia*.⁸⁴

⁸³ *Die Burger*, 1991-11-05 (Ontwerper van die Volksraad se ampstaf word 75), p. 4.
⁸⁴ G. de Kock, Cor Pama, *Familia* 31(4), 1994, p. 70.

Aan die begin moes hy dikwels sonder hulp die publikasie en versending van die blad behartig. Een van sy grootste bydraes was die publikasie van die bygewerkte en uitgebreide heruitgawe van G.C. de Villiers se *Geslagsregisters van die Kaapse Families* in drie dele. Later het *Die groot Afrikaanse familienaamboek* in 1983 gevvolg en meer onlangs, in 1992, *British families in South Africa* waarin meer as 1100 vanne van Britse herkoms verklaar word.⁸⁵

Erkenning vir sy belangrike werk het gekom in 1969 toe die Erepening vir Kultuurhistoriese prestasie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken is. Hy het ook verskeie andere binne- en buitelandse eerbewyse ontvang, onder meer lewenslange erelidmaatskap van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika.⁸⁶

Pama was ook baie jare eresekretaris van die Van Riebeeckvereniging, asook van die Vriende van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, en bestuurslid van talle inrigtings en verenigings.⁸⁷ In die Nederlandse gemeenskap is hy hoog geag as hoofredakteur van die *Nederlandse Post*, 'n maandblad vir oud-Nederlanders met nuus uit die ou vaderland. Pama was lid van die Raad van Kuratore vir die Kasteelmuseum en die Willem Fehr-Versameling in die Kasteel, asook erekurator van die Museum vir Nasionale Simbole in Simonstad en lid van die Nasionale Simbolekommissie onder voorsitterskap van professor Elize Botha.⁸⁸

Ander toekennings wat aan Pama gedoen is, was die J. Brachen-Erepenning van die stad Salt Lake City in die Verenigde State van Amerika; 'n erepening *Pro Merito Genealogic* van die *Deutsche Zamstalstelle fur Personen und Familien Geschichte*; en uit Luxemburg het Pama 'n eredoktersgraad ontvang.⁸⁹


⁸⁵ P. Westra, Kaapstadse kultuurman oorlede. *Die Burger*, 1994-10-25, p. 4.

⁸⁶ P. Westra. Kaapstadse kultuurman oorlede. *Die Burger*, 1994-10-25, p. 4.

⁸⁷ Geskrewe inligting: F.G.Brownell, Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 2001-02-21.

⁸⁸ Geskrewe inligting: F.G.Brownell, Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 2001-02-21.

⁸⁹ Geskrewe inligting: F.G.Brownell, Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 2001-02-21.



Figuur 14: Piet Westra (1937-)

Uit: N.A.S. Loes, Piet Westra neemt afscheid van Nederlandse Post, *Nederlandse Post*, September 1998, p. 21.

Sy treffende laaste bydrae tot die heraldiek van Suid-Afrika is gelewer as lid van die komitee wat 'n nuwe landsvlag moes ontwerp. Sy heengaan op 23 Oktober 1994, in die ouerdom van 77 jaar, was 'n groot verlies vir die Suid-Afrikaanse samelewing en die genealogie in besonder.⁹⁰

Suid-Afrika in die algemeen en Kaapstad in besonder is veel verskuldig aan die teruggetrokke, beskeie en minsame mens wat Cornelis Pama was. Sy heengaan beteken grotendeels die einde van 'n era. Hy was waarskynlik een van die laaste ware here uit die Suid-Afrikaanse stamland Nederland, wat hom as immigrant so deeglik in sy nuwe tuiste laat geld het.⁹¹

Pama het baie na aan die siel van die Suid-Afrikaanse staatsbestel kom staan met sy ontwerpe van die heraldiese simbole van sy aangenome Vaderland, 'n taak wat hy oor die jare met 'n fyn kunssin en buitengewone kundigheid vervul het. Daarby het hy vir die Afrikaner, die afstammeling van soveel Europese voorsate, die unieke erven van sy persoonlike verlede ontsluit.⁹²

6. Piet Westra (1937 -)

Die gesin Westra, bestaande uit die ouers en vyf kinders, het in 1953 uit Nederland na Suid-Afrika geëmigreer. Die rede vir hulle emigrasie was hoofsaaklik ekonomies van aard en ter wille van die toekoms van die kinders. Die vader van die gesin was onder die indruk dat die Afrikaners 'n baie godsdienstige volk is en dus 'n goeie plek sou bied om sy gesin te vestig.⁹³

Piet Westra was sestien jaar oud toe hulle in die land aangekom het. Hy het reeds in Nederland sy skoolloopbaan voltooi, die sogenaamde Lagere School en Mulo, wat Meer

⁹⁰ G. de Kock. Cor Pama. *Familia* 31(4), 1994. p. 70.

⁹¹ *Die Burger*, 1994-10-26 (Cor Pama), p. 14.

⁹² *Die Burger*, 1994-10-25 (Cor was 'n ware kulturmens), p. 5.

⁹³ Persoonlike inligting: P. Westra. Uitvlugt 18, Pinelands, 7405, 2000-05-30.

Uitgebreide Laer Onderwys beteken. Hier aangekom, het Piet Westra aanvanklik begin werk, maar hy het gou besef dat om te kan vorder, hy matriek benodig het. Hy het by Hoërskool Hendrik Verwoerd in Pretoria ingeskryf en het in 1955 gematrikuleer.⁹⁴

Hy het by die Transvaalse Biblioteek begin werk en het saans klas aan die Universiteit van Pretoria bygewoon. Hy het in 1958 sy B.Bibl.-graad behaal, wat geen geringe prestasie was nie as in ag geneem word dat hy bedags gewerk het en in die aande klasse bygewoon en studeer het.⁹⁵ Piet Westra is in 1976, nadat hy by verskillende biblioteke in Pretoria gewerk het, benoem tot onderdirekteur van die Staatsbiblioteek. Net vyf jaar later, in 1981, het Piet Westra Direkteur van die Suid-Afrikaanse Biblioteek geword. Die doel van hierdie biblioteek is om alle gepubliseerde en ongepubliseerde erven van Suid-Afrika te versamel, te ontsluit en vir gebruik beskikbaar te stel.⁹⁶

Sedert 1818 versamel dié biblioteek alles wat oor en in Suid-Afrika gepubliseer is. Dit is 'n gewigtige en verantwoordelike taak om as direkteur van dié biblioteek op te tree, 'n taak wat hy egter volgens kenners uitmuntend uitgevoer het.⁹⁷ By Westra se afskeid met sy afrede skryf Frank R. Bradlow in die *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* soos volg: "[a] librarian is no longer regarded merely as a custodian of a library, but also has to be able to shape reading habits and add information which improves the quality of life of every citizen".⁹⁸

Ná 'n direkteurskap van sewentien jaar kon Piet Westra terugkyk op 'n vrugbare loopbaan. Die resultate daarvan was duidelik sigbaar: in 1981 was daar 11 800 gebruikers en dit het teen 1997 tot 154 000 gebruikers toegeneem. Waar in 1981 'n totaal van 68 000 titels aangevra is, het dit in 1997 tot 154 000 vermeerder. Die getal fotokopieë wat aangevra en gemaak is, het toegeneem van 8 000 tot 374 000.⁹⁹

⁹⁴ Persoonlike inligting: P. Westra, Uitvlugt 18, Pinelands, 7405, 2000-05-30.

⁹⁵ *Pretoria News*, 1981-10-26 (Library post to city man), p. 14.

⁹⁶ Persoonlike inligting: P. Westra, Uitvlugt 18, Pinelands, 7405, 2000-05-30.

⁹⁷ Persoonlike inligting: P. Westra, Uitvlugt 18, Pinelands, 7405, 2000-05-30.

⁹⁸ F.R. Bradlow, Farewell tribute to Piet Westra, *Quarterly Bulletin of South African Libraries* 52(3), 1998, p. 91.

⁹⁹ F.R. Bradlow, Farewell tribute to Piet Westra, *Quarterly Bulletin of South African Libraries* 52(3), 1998, p. 91.

In 1982 het Westra die Komitee van Hoofde van Groot Biblioteke in die Wes-Kaap gestig wat gereeld byeengekom het om biblioteek- en inligtingdienste te koördineer.¹⁰⁰

Hy het ook meegewerk aan die formulering van die *Legal Deposit of Publications Bill* in 1985, asook aan die *National Libraries Act* in dieselfde jaar.¹⁰¹

Onder leiding van Westra het daar ook 50 publikasies tot stand gekom, waaronder die *Suid-Afrikaanse bibliografie* in ses dele wat alle gegewens bevat oor alle publikasies oor Suid-Afrika vir die tydperk 1800-1925. Aan die volgende dele word nog gewerk. ‘n Groot deel van die inligting in die Staatsbiblioteek is reeds via internet beskikbaar gestel deur die gegewens op rekenaar te plaas.¹⁰²

In 1997 het die *Centre for the Book* onder sy leiding tot stand gekom. By hierdie sentrum word onder meer geletterdheidsprojekte aangebied en word minderbevoordele kinders die geleentheid gebied om die waarde en genot van boeke te leer ken. Die sentrum gee huis aandag aan die deel van die bevolking wat nie bekend is met biblioteke nie en hulle word aangemoedig om daarvan gebruik te maak.¹⁰³

Westra was tydens die voor-demokratiese regering (1994) van Suid-Afrika ook voorsitter van die Sensuurkomitee op Publikasies van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese. Dié komitee het hom verset teen die beleid van sensuur deur die regering. Westra was van oordeel dat daar vrye toegang behoort te wees tot alle boeke en pamflette wat die regering verbied het. Hy was van mening dat “as jy jou vyand wil bestry, dan moet jy hom ken”. Westra het die beperkings laat ophef op honderde boeke

¹⁰⁰ F.R. Bradlow, Farewell tribute to Piet Westra, *Quarterly Bulletin of South African Libraries* 52(3), 1998, p. 92.

¹⁰¹ F.R. Bradlow, Farewell tribute to Piet Westra, *Quarterly Bulletin of South African Libraries* 52(3), 1998, p. 93.

¹⁰² M. van Bart, S.A Biblioteek gee veilige tuiste aan ons boeke-kultuurskat, *Die Burger*, 1990-06-30, p. 3.

¹⁰³ F.R. Bradlow, Farewell tribute to Piet Westra, *Quarterly Bulletin of South African Libraries* 52(3), 1998, p. 94.



Figuur 15: Cornelis Struik (1903-1970)
Uit: Persoonlike versameling van mev. J. Struik, 2001-07-12.

wat oor die politiek en mense soos Nelson Mandela handel om dit vir die breë publiek beskikbaar te stel.¹⁰⁴

Onder leiding van Westra is by die Staatsbiblioek ook ‘n laboratorium vir die bewaring van gedrukte materiaal geskep wat ‘n belangrike onderafdeling van alle groter biblioteke is en waaraan vroeër min of geen aandag geskenk is nie.¹⁰⁵

Piet Westra was redakteur van die kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek. Hy was ook raadslid van die Huis der Nederlanden in Pinetown en ook voorsitter van die V.O.C. Forum wat in samewerking met Nederland die herdenking van die stigting van die Verenigde Oosindiese Compagnie in 2002 herdenk het.¹⁰⁶ Hy is voorsitter van die Van Ewijk Stigting wat finansiële bydraes aan mense of instellings wat gemoeid is met kulturele betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika maak.¹⁰⁷ Westra was ook jare lank ‘n raadslid van die maandblad *Nederlandse Post* en het ‘n erepenning gekry van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging wat aan mense wat hulle met die bevordering van kulturele uitruiling tussen Nederland en Suid-Afrika onderskei, toegeken word.¹⁰⁸

7. Cornelis Struik (1903 - 1970)

Cornelis Struik is in 1903 in Enkhuizen, Nederland gebore. Na sy skoolopleiding het hy by ‘n groot boekhandel in Amersfoort, Nederland begin werk. Mettertyd het die onderneming hom as bestuurder van Kolff en Kie, ‘n groot boekhandelaar in Batavië, Indonesië, aangestel.¹⁰⁹

¹⁰⁴ F.R. Bradlow, Farewell tribute to Piet Westra. *Quarterly Bulletin of South African Libraries* 52(3), 1998, p. 92.

¹⁰⁵ F.R. Bradlow, Farewell tribute to Piet Westra, *Quarterly Bulletin of South African Libraries* 52(3), 1998, p. 95.

¹⁰⁶ *Die Burger*, 2001-06-25 (P. Westra, SA en Nederland maak gereed om VOC se erfenis te gedenk), p. 4.

¹⁰⁷ *Beeld*, 2000-10-21 (Van Ewijk Stichting 20 jaar oud), p. 14.

¹⁰⁸ *Die Burger*, 1999-04-20 (Piet Westra kry erepenning van Nederlanders), p. 4.

¹⁰⁹ Persoonlike inligting: J. Struik, Berghof 408, Hofstraat 44a, Gardens, Kaapstad, 2001-07-13.

Ten tyde van die Tweede Wêreldoorlog is Struik as krygsgevangene van Japan in Burma as spoorwegamptenaar gebruik. Na die beëindiging van die Oorlog en met die onafhanklikheid van Indonesië moes Struik en sy gesin in 1947 na Nederland vlug nadat hulle al hulle persoonlike besitting verloor het. In 1948 is Struik by die maatskappy De Bussy in Amsterdam aangestel. Hierdie onderneming het ook twee boekwinkels in Suid-Afrika bedryf: in Pretoria onder die naam De Bussy en in Kaapstad onder die naam HAUM (Hollands-Afrikaanse Uitgewersmaatskappy). In Nederland het Cornelis Struik al die administrasie van albei takke gedoen. Hierdeur het hy onreëlmatighede in altwee winkels ontdek en is hy persoonlik na Suid-Afrika gestuur om ondersoek in te stel.¹¹⁰

Dit het tot die afdanking van albei bestuurders geleid, waarop Struik aansoek gedoen het om die pos as bestuurder van die Kaapstadse winkel, ‘n pos wat hy ook dadelik gekry het. Die gesin Struik, wat intussen drie seuns ryker geword het, het in Junie 1951 as volwaardige immigrante in Kaapstad aangekom.¹¹¹

Die verouerde winkel van HAUM is gemoderniseer en vergroot, waarna Struik die verliese binne twee jaar in ‘n wins omgeskep het. Die Nederlandse eienaars van HAUM wou ‘n groot Europese kontrak aangaan en het besluit om Struik opdrag te gee om altwee winkels in Suid-Afrika te verkoop om die kontant beskikbaar te stel. Struik, wat groot moontlikhede in die Suid-Afrikaanse boekebedryf gesien het, het toe besluit om in Suid-Afrika aan te bly en om met sy eie boekhandel te begin.¹¹²

Met behulp van ‘n 100%-lening deur die Nederlandse Bank, ‘n goeie kennis van Africana-boeke, en sy vrou se administratiewe kennis, het hy sy eie besigheid begin. Hy het begin deur volledige versamelings op te koop waarvan sy vrou katalogusse saamgestel het wat aan vooraanstaande biblioteke, soos die Parlementsbiblioteek, Staatsbiblioteek en universiteitsbiblioteke, gestuur is, asook aan museums in Suid-Afrika en in die buiteland. Aanvanklik het hulle uit hulle huis gewerk, maar die ruimte het gou

¹¹⁰ Persoonlike inligting: J. Struik, Berghof 408, Hofstraat 44a, Gardens, Kaapstad, 2001-07-13.

¹¹¹ Persoonlike inligting: J. Struik, Berghof 408, Hofstraat 44a, Gardens, Kaapstad, 2001-07-13.

¹¹² Persoonlike inligting: J. Struik, Berghof 408, Hofstraat 44a, Gardens, Kaapstad, 2001-07-13.

te klein geword omdat daar ‘n groot vertroue in Struik se kennis en integriteit was en baie belangrike versamelings vir hom aangebied is, veral uit boedels.¹¹³

Struik het toe ‘n winkel in Koningin Victoriastraat in Kaapstad gehuur, wat spoedig die bymekaarkomplek van versamelaars geword het. Die kopers was dikwels staats- en universiteitsbibliotekaris. Hy het dit egter voor oë gehou dat dat die bronne vir die verkryging van seldsame boeke, kaarte en prente uitgeput sou raak, want as hulle eers in die groot biblioteke was, sou dit nie weer op die mark kom nie. As oplossing het Struik besluit om self Africana te skep deur fotografiese herdrukke in klein oplaag van seldsame werke te maak.¹¹⁴

So het herdrukke van boeke van Burchell en selfs Theal se *History of South Africa* ontstaan in die tydperk van 1959 tot 1967. ‘n Reeks getiteld *Africana Collectanae* met oplae van 500 tot 750 eksemplare het ontstaan, waarin 50 titels verskyn het. In ‘n ou tydskrif het Struik byvoorbeeld ‘n verhaal in briefvorm gevind wat in 1830 deur ‘n Engelse dame oor die lewe aan die Kaap geskryf is. Hy het afdrukke van die kunswerke van Thomas Bowler saam met die briewe gebruik en onder die titel van *Life at the Cape: a hundred years ago* uitgegee. Dit moes verskeie kere herdruk word.¹¹⁵

Skrywers het hierna ook met hulle eie manuskripte na vore gekom en Struik het bepaal dat sulke manuskripte altyd Afrikagerig moes wees. So het die *Hunter and his art* van Rudner en ook *Gentleman’s walk* en *Grand parade* van Hyman Piccard oor die geskiedenis van Kaapstad in 1970 die lig gesien. In die sestigerjare het Struik se besigheid sterk uitgebrei. Sy middelste en jongste seuns, Piet en Gert, het in die bedryf belanggestel en na hulle skoolopleiding en militêre diensplig is hulle na boekhandelaars in die bedryf vir opleiding gestuur. Piet is na Van Schaik in Pretoria gestuur en Gert na Adams in Durban. Hulle moes hulle eie potjie leer krap en mag geen voorkeurbehandeling gekry het nie. Sodoende het hulle alle aspekte van die boekebedryf leer ken.¹¹⁶

¹¹³ Persoonlike inligting: J. Struik, Berghof 408, Hofstraat 44a, Gardens, Kaapstad, 2001-07-13.

¹¹⁴ Persoonlike inligting: J. Struik, Berghof 408, Hofstraat 44a, Gardens, Kaapstad, 2001-07-13.

¹¹⁵ Persoonlike inligting: J. Struik, Berghof 408, Hofstraat 44a, Gardens, Kaapstad, 2001-07-13.

¹¹⁶ Persoonlike inligting: J. Struik, Berghof 408, Hofstraat 44a, Gardens, Kaapstad, 2001-07-13.

In 1969 is Cornelis Struik met maagkanker gediagnoseer. Dit was ook die einde van planne om die twee seuns verdere ervaring in die buiteland te laat opdoen. Struik het toe reeds 'n ruim boekwinkel in Waalstraat gehad wat 'n baie groot voorraad boeke gehad het wat alles oor die vasteland van Afrika gehandel het. Baie toeriste het hier kom inligting soek, studente het die wye verskeidenheid boeke as naslaanbron gebruik, en Struik is selfs deur die Library of Congress in Washington, DC, in die VSA as amptelike leweransier aangewys.¹¹⁷

Cornelis Struik is op 25 Oktober 1970 oorlede nadat hy aan sy seuns Piet en Gert opdrag gegee het om die bedryf voort te sit. Mev. Jo Struik is as besturende direkteur aangestel. Mev. Struik en haar twee seuns het, helaas, nie een voldoende kennis oor Africanaboeke gehad nie. Op aandrang van Gert is die winkel gesluit en het hulle hulle op die uitgewery toegespits.¹¹⁸

Piet het die produksie bestuur en was net met die hoogste gehalte tevrede wat vir die maatskappy 'n uitstekende naam in die bedryf besorg het. Ervare vakmanne is in diens geneem en net die beste fotograwe is gekontrakteer. Gert het ander ondernemings wat finansieel of andersins in die knyp was, oorgeneem en weldra het Struik honderde werknemers gehad. In 1974 het die oudste seun, Willem, wat hom as wiskundige en onderwyser bekwaam het, ook by die uitgewery aangesluit. Struik Uitgewers het deur deelname aan internasionale boekeskoue soos die *Frankfurter Buchmesse* wye bekendheid verwerf en van sy boeke is in Duits, Frans en selfs Japannees vertaal. Takke van die onderneming is ook in Londen, Brittanje en in Sydney, Australië gestig onder die naam *New Holland Publishers* omdat die naam Struik deur buitelanders onuitspreekbaar gevind is. Mev. Struik is deur 'n ernstige hartaanval in 1974 genoodsaak om af te tree en Gert het oorgeneem as besturende direkteur.¹¹⁹

¹¹⁷ Persoonlike inligting: J. Struik, Berghof 408, Hofstraat 44a, Gardens, Kaapstad, 2001-07-13.

¹¹⁸ Persoonlike inligting: J. Struik, Berghof 408, Hofstraat 44a, Gardens, Kaapstad, 2001-07-13.

¹¹⁹ Persoonlike inligting: J. Struik, Berghof 408, Hofstraat 44a, Gardens, Kaapstad, 2001-07-13.

Nadat die broers op sakegebied verskil het, het Willem sy derde aandeel in die maatskappy aan sy broers terugverkoop en het hy eers by Nasionale Pers en later by Perskor gewerk. In 1991 het Piet ook sy aandeel aan Gert verkoop en sy eie uitgewery onder die naam Fernwood Press begin. Hy het gespesialiseer in uitgawes van luukse gedenkboeke en in sogenaamde koffietafelboeke en het weldra 'n uitstekende naam vir homself verwerf. In 1994 het Gert besluit om na Sydney, Australië te emigreer en om die reeds bestaande tak daar uit te brei.¹²⁰

Al bestaan die oorspronklike firma Struik nie meer soos dit deur Cornelis gestig is nie, bly dit tog as uitgewery steeds een met 'n geëerde naam in die bedryf. Deur sy versiendheid is baie kosbare Africanaboeke vir die nageslag deur herdrukke en versamelings wat deur hom opgebou is, bewaar.

8. Samevatting

Uit bovenoemde bydraes blyk dit dat die Nederlanders voluit gewerk het aan die kulturele lewe van hulle nuwe vaderland met blywende gevolge vir musiek, heraldiek en biblioteke.

¹²⁰

J. Pitman, Struik seeks new empire in Australia, *Weekend Argus*, 1990-08-31, p. 7.

IV DIE EKONOMIESE BYDRAE VAN ENKELE NEDERLANDSE IMMIGRANTE TOT SUID-AFRIKA

Ekonomie is volgens die *Handboek van die Afrikaanse Taal* “die wetenskap wat hom besig hou en toespits op die studie van die organisasie wat in die mens se stoflike behoeftes voorsien.”¹ Koenen se *Nederlandse Woordeboek* definieer ekonomie as: “de wetenschap die het menselijk streven tot welvaart tot onderwerp heeft, in zoverre er beperkte voorradige middelen voor nodig zij. Ook staathuishoudkunde genoemd.”²

Wanneer daar na die ekonomiese bydrae van enkele Nederlandse immigrante gekyk word, sal gefokus word op die bydraes wat hierdie immigrante tydens hulle verblyf in Suid-Afrika binne ekonomiese verband tot stand gebring het, met ander woorde, besighede, ondernemings, leierskap en innoverende denke.

Die persone/ondernemings wat hier bespreek word, is die volgende: die blomboere van Roodepoort wat 'n nuwe kultuur gevestig het met die verbouing van blombolle en plante en wat die grootste blommemark in Afrika, genaamd Multiflora, tot stand gebring het; Renee-farms wat 'n groot tamatieboerdery met 'n nuwe plantwyse ontwikkel het; Marinus Daling wat as hoof van Sanlam van 1978 tot sy afsterwe 'n groot bydrae tot die lewensversekeringsbedryf gelewer het; mnr. Piet van Hoven, Direkteur van Comair en Kulula.com – wat die enigste werklik private lugdiens in Suid-Afrika is wat deur goedkoop lugreise dit vir feitlik elkeen moontlik maak om vinnig by sy bestemming uit te kom; en Bosal, die groot fabriek vir motorbenodighede wat deur mnr. Karel Bos van die grond af tot stand gebring is en nou 'n groot uitvoerder en werkskepper in Suid-Afrika is.

¹ P.C. Schoonees (red.). *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 195.

² M. J. Koenen, *Nederlandse woerdeboek*, p. 260.

1. Jochem en Jacob Toxopeus: Strubensvallei Blomkwekery en Multiflora Blommemark

Pieter Toxopeus, afkomstig uit Rotterdam, Nederland, was 'n tuberkuloselyer wat deur sy dokter aangeraai is om in 'n droër klimaat te gaan woon. In 1918 het hy na Suid-Afrika geëmigreer met die doel om hom in Pietermaritzburg te gaan vestig. Die klimaat daar was egter ook nie geskik nie, en Pieter het na Johannesburg gegaan. Kort ná sy aankoms het 'n brand feitlik al sy besittings verwoes en die boere van die omgewing moes kollekteer om hom weer op sy voete te kry. Kort daarna, ook in 1918, het die Groot Griep hom platgetrek. Die Toxopeus-gesin se beginjare is gekenmerk deur armoede. Die kinders, Jacob en Jochem, kon aanvanklik nie skool gaan nie, omdat hulle nie klere gehad het nie. Na standerd ses het die broers na die Arthur Matthews-skool in Maraisburg gegaan, waar hulle standerd agt geslaag het. Jacob het ná skool by sy vader met blomme begin boer, terwyl Jochem 'n tweejaarlange opleiding as passer en draaier gevolg het. Pieter het blomme gekweek op 'n gehuurde stukkie grond, en die broers moes elke dag na skool in die blomboerdery gehelp het. So het die Toxopeus-broers in die blomkwekery beland en uiteindelik suksesvol geword.³

In 1945 het Jochem en Jacob met 'n eie blommemark begin. Jacob was die dryfkrag agter die stigting van Multiflora.⁴ Die gaping in die mark het ontstaan omdat blomboere wat toe reeds produkte gelewer het, ontevrede was met die diens wat hulle van 'n bestaande onderneming van afslaers gekry het. Dit was omdat die afslaers eers groente en vrugte opgeveil het en die blomkwekers tot laat moes wag voordat hulle produkte aan die beurt gekom het. As gevolg hiervan het hulle eers laat in die dag op hulle plase aangekom. Nog 'n probleem was dat die grondpaaie van destyds in die reënseisoen onbegaanbaar geword het. Blomme kon net twee keer per week met wa en perde na die mark gestuur word.⁵

³ Anoniem. Toxopeus-manuskrip, p. 1.

⁴ J. Gottsman. *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 20.

⁵ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 21.

Multiflora se plan was om blomme direk aan verbruikers te verkoop op 'n kommisiegrondslag. Dit was 'n private maatskappy met Jacob Toxopeus as eerste voorsitter en na hom het Jochem die pos vir 23 jaar beklee.⁶ Die maatskappy het vier aandeelhouers gehad wat elkeen 7 500 pond daarin belê het. Aangesien elkeen van die aandeelhouers 'n gevestigde belang in die onderneming gehad het, het dit vanself gespreek dat elkeen ook sy uiterste bes sou doen om 'n sukses van die saak te maak.⁷

'n Perseel van drie standplase is naby die ander markte op die hoek van Jeppe- en Beckerstraat in Johannesburg gekoop. Die ou Fatti's en Monis-gebou se grondvlak en kelderverdieping is in 'n blommemark omskep.⁸ Toe die grondvlak se ruimte te klein geword het, is 'n platform ingesit wat hulle toegelaat het om blomme van die vloer tot die dak uit te stal. Die hantering van die blomme het egter probleme geskep, want daar was nie tafels nie en los houers met blomme het oral rondgestaan. Kopers was veronderstel om blomme van bo af te neem, maar het dikwels blomme onder uit die stapel probeer trek, wat baie skade veroorsaak het. Hulle het toe werkers aangestel om die blomme vir kopers aan te gee, en dit het die probleem opgelos.⁹

Multiflora het 'n reputasie van onkruikbaarheid verwerf en nadat sommige afslaers hulle aan oneerlikheid skuldig gemaak het, het Multiflora sy eie afslaers begin oplei, wat die probleem opgelos het.¹⁰ Die onderneming het gegroei van 'n aanvanklike jaarlikse omset van R200 000 tot R1 miljoen in 1963. Die oppervlak waarop sake gedoen is, het binne twee jaar verdubbel. As gevolg van voortgesette groei en die verskuiwing van die munisipale mark na City Deep in Johannesburg in die jare sewentig, het die blomkwekers 'n perseel van ses hektaar in City Deep bekom waar 'n hoogs moderne gebou vir Multiflora in 1975 in gebruik geneem is. Die nuwe gebou se vloeroppervlak het 10 000 vierkante meter beslaan.¹¹

⁶ Anoniem, Toxopeus-manuskrip, p. 67.

⁷ Anoniem, Toxopeus-manuskrip, p. 1.

⁸ J. Gottsman. *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 21.

⁹ Anoniem, Toxopeus-manuskrip, p. 68.

¹⁰ Anoniem, Toxopeus-manuskrip, p. 71.

¹¹ Anoniem, Toxopeus-manuskrip, p. 72.

Blomveilings is toe geskoei op die lees van die Nederlandse blommemark in Aalsmeer, wat die grootste in die wêreld is. 'n Elektriese klok is aan 'n rekenaar gekoppel en inligting oor die blomme wat aangebied word, word daagliks in die rekenaar ingevoer. Op dié wyse kan twee verkoopsmanne 1 200 transaksies per uur hanteer. Die elektroniese stelsel het ook meegebring dat wanpraktyke van die verlede nou uitgeskakel is.¹²

Op die nuwe mark word die blomme op 'n waentjie ingestoot, 'n beampie hou 'n voorbeeld op en die verkopers stel die wysers op die klok wat afloop tot iemand sy knoppie druk. Elke koper mag net 'n maksimum van drie houers blomme op 'n slag koop. Dit verseker dat almal 'n billike kans kry. Verdere uitbreiding het noodsaaklik geword en in 1986 is die lokaal se grootte verdubbel.¹³

Multiflora het ook 'n filiaal wat "Grandiflora" genoem word. Grandiflora spesialiseer in verpakkingsmateriaal, teenplaagmiddels, tuin- en bloemistebenodighede, potplante, bruidsuitsrustings, asook benodighede vir huweliksonthale en ander funksies.¹⁴

Sowat 18 miljoen bosse snyblomme word jaarliks by Multiflora bemark, wat nagenoeg 70% van die Suid-Afrikaanse blommeproduksie beloop. Danksy die nabijheid van die Johannesburgse Internasionale Lughawe kan die mark ook internasional meeding.¹⁵

Die inisiatief van twee eenvoudige kwekers, Jacob en Jochem, het groot ekonomiese gevolge vir die land en die kwekers in besonder gehad.¹⁶

¹² J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 23.

¹³ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 24.

¹⁴ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 12.

¹⁵ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 12.

¹⁶ Anoniem, Toxopeus-manuskrip, p. 78.

2. Harry de Leeuw en Floor Barnhoorn: Hadeco

Hadeco, vandag een van die wêreldleiers op die gebied van teel, kweek en wêreldwye verspreiding van blombolle, het kort ná die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) 'n nederige begin by Little Falls naby Roodepoort gemaak.¹⁷

Die stigters van Hadeco, Harry de Leeuw en Floor Barnhoorn, het reeds voor die Oorlog belangstelling in Suid-Afrika getoon. Altwee is afkomstig van Sassenheim, Nederland, die sentrum van die blombolstreek. Albei het op veertienjarige leeftyd die skool verlaat en met blombolle gaan werk. Beide het hulle deur middel van aandklasse verder in onder meer Boekhou en Engels bekwaam.¹⁸

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het die blombolmark in Nederland egter heeltemal vernietig. Barnhoorn het bonesaad en ander voedselsoorte verkoop om 'n bestaan te maak. Na die Oorlog het 'n neef van hom, Martin van Duyn, hom besoek. Van Duyn het reeds voor die Oorlog na Suid-Afrika geëmigreer. Hy het Floor Barnhoorn daarvan oortuig dat Suid-Afrika groot moontlikhede aan kwekers kon bied. 'n Plaaslike boer en blomkweker het finansiële steun aan Barnhoorn en De Leeuw belowe. Nadat De Leeuw sake in 1946 vir vier maande in Suid-Afrika kom ondersoek het, het hy die groot stap gewaag.¹⁹

In Februarie 1947 het die gesin De Leeuw na Suid-Afrika verhuis. Die gesin het hulle op Little Falls, Roodepoort, gevestig as gevolg van die feit dat Van Duyn, wat 'n lewensredder in Scottburgh was, kennis gemaak het met die familie Humphries aan wie die plaas by Little Falls behoort het. Humphries het nie self geboer nie, maar was verbonde aan die goudmyne. Hy was bereid om twee hektaar van sy plaas op Little Falls aan De Leeuw te verhuur, met die reg op leiwater.²⁰

¹⁷ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 36.

¹⁸ Hadeco-brosjyre, <http://www.hadecoflowers.com>, p. 1.

¹⁹ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 36.

²⁰ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 37.

Die Toxopeus-broers was reeds voor die Oorlog blomboere van aansien in die Strubensvallei deurdat hulle bewys het dat die area geskik was vir blomboerdery; dit het die keuse vir De Leeuw vergemaklik. Harry de Leeuw het egter gou agtergekom dat die kweek van blombolle vir die plaaslike arbeiders vreemd is. Hy kon ook nie alleen die blombolkwekery behartig en landwyd reis om die bolle te bemark nie. Daarom het hy 'n vriend, Piet Overvliet, gevra om by hom aan te sluit omdat Overvliet hierdie soort bedryf goed geken het.²¹

Aanvanklik het dit baie moeilik gegaan. Die waterval se water het nie 'n konstante vloei gehad nie. Die grond was baie hard en klipperig in vergelyking met die duinsandgrond in Nederland. Ook die klimaat was 'n groot struikelblok. Die seisoene was verskillend. Om dus 'n nuwe soort boerdery in 'n onbekende land te vestig, het pionierswerk beteken.²²

Om die kontantvloei vir die gesinne en die boerdery gesond te hou, het Harry de Leeuw 'n soort maagtablet uit Nederland ingevoer. Dit is in groot maat ingevoer en is deur mev. De Leeuw in kleiner kartondosies verpak. Na 'n aanvanklike bestelling ter waarde van R30-00 die eerste maand, het dit so verbeter dat die inkomste, tesame met die aanplant van gladiole, wat inheemse blomme is en binne drie maande geoes kan word, die boerdery aan die gang gehou het.²³

In Maart 1948 het Floors Barnhoorn na Suid-Afrika gekom. Die gesin was reeds in Nederland met die De Leeuws bevriend, en dus het hulle ook na Little Falls gekom. Mev. Barnhoorn was baie teleurgesteld toe sy haar eerste huisie sien. Daar was geen krag, badkamer, kombuis, of toilet in die huis nie, met slegs 'n waterkraan buite die huis.²⁴

²¹ Persoonlike inligting: P. Overvliet, 1995-04-05.

²² J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 38.

²³ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 40.

²⁴ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 41.

Harry de Leeuw het met 'n karavaan deur die land gereis en bestellings vir bolle geneem. Die bolle is van Nederland af ingevoer, plaaslik vermeerder en dan verkoop.²⁵

Floors Barnhoorn het baanbrekerswerk vir die bokultuur in Suid-Afrika gedoen. Deur 'n proses van eliminasie en probleemoplossing het hy en Overvliet die kweek van bolle in Suider-Afrika gevestig.²⁶

Teen 1975 het Barnhoorn 'n skool vir die kinders van sy arbeiders op sy plaas opgerig; aanvanklik net van graad een tot graad vyf, met twee onderwysers. Die skool is mettertyd vergroot.²⁷

As groothandelbokweker oorheers Hadeco tans die mark. Sowat 45 soorte bolle word bemark, wat ongeveer 80 miljoen bolle per jaar bedra. Van die middel van die sewentigerjare het die firma ook die kweek van snyblomme aangedurf. Sowat veertig soorte snyblomme, ongeveer 30 miljoen stingels, word jaarliks bemark.²⁸ Die permanente personeel bestaan uit ongeveer 890 persone wat op agt plase werk waarvan sommige in Belfast en Brits is en dan ook in Roodepoort.²⁹

Hadeco doen ook weefselkultuurvermeerdering in hulle eie laboratorium vir hulleself en slegs op kontrakbasis vir ander plantelers. Die laboratorium vervul 'n belangrike funksie deurdat dit bolle en plantjies van nuwe variëteite vinnig kan vermeerder vir bemarking of vir kliënte, ook vir die buiteland.³⁰

²⁵ Persoonlike inligting: N.R. de Leeuw, 1995-03-20.

²⁶ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 46.

²⁷ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 46.

²⁸ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 47.

²⁹ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 24.

³⁰ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 48.

3. Luit Kiewiet: Floral Farm

Soos baie ander Nederlanders wou Berend Kiewiet ná die Tweede Wêreldoorlog uit Nederland weggaan. Die verwoesting en gebrekkige geleenthede wat daar vir 'n gesin met vier jong kinders bestaan het, het veroorsaak dat hulle na die jong oorsese blomkwekersbedryf gekyk het vir die toekoms. Berend is in Nederland vir die blombolbedryf opgelei.³¹

'n Advertensie in 'n plaaslike koerant, wat deur ene meneer Veldsman geplaas is, het die deurslag gegee dat die keuse op Suid-Afrika gevallen het. Veldsman is reeds in die twintigerjare deur die Nederlandse regering na Suid-Afrika gestuur om boerseuns uit Nederland, wat na die Eerste Wêreldoorlog wou emigreer, te help.³²

Die gesin Kiewiet het op 23 Januarie 1950 in Suid-Afrika aangekom. Na 'n aanvanklike verblyf van vyf maande op 'n plaas in Lydenburg, het Berend en sy gesin hulle by die Toxopeus-kwekery in die Strubensvallei naby Roodepoort aangesluit.³³

Luit, oudste seun van Berend Kiewiet, wat eintlik 'n opgeleide elektrisién was, het by Harry de Leeuw begin werk. In die vier jaar wat hy daar gewerk het, het hy die blomkwekersbedryf leer ken.³⁴

In 1953 het Berend 22 morg grond, Wilgespruit nommer 176-177, in die Roodepoort-omgewing gekoop, en begin blomme plant. Hy moes met min kontant voorhande op klein skaal begin, maar die voordeel was dat hy hier twee maal per jaar kon plant as gevolg van die klimaat. Berend het 'n grondige kennis van grond en bemesting vir elke soort blom opgedoen.³⁵

³¹ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 70.

³² J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 70.

³³ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 71.

³⁴ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 43.

³⁵ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 43.

Snyblomme kon binne drie tot vyf maande 'n kontantvloei genereer. Die omset was baie vinniger en benodighede per oppervlakte grond minder as vir ander gewasse.³⁶

Die blomboere het ook ander weë gebaan. Die pad na die Kiewiet-plaas, Kiewietsdal, naby Florida was in daardie dae baie sleg en veral in die reëntyd onbegaanbaar. Mn. Luit Kiewiet onthou dat dit veral in die jare 1954-1955 met die baie reën 'n probleem was om die blomme na Johannesburg toe te bring. Jacob Toxopeus was destyds lid van die Paaieraad en Luit Kiewiet het sy raad gevra. 'n Vergadering is gehou en saam met die provinsie is besluit om volgens die sogenaamde pond-vir-pond stelsel 'n pad te bou. By bure en ander blomboere is sowat vyfhonderd pond bymekaar gemaak. Die paaiedepartement het 'n gelyke bedrag bygedra en toe kon die pad verbeter word. Gruis van die destydse Strubengoudmyn se afvalhoop is gebruik om die pad mee te maak.³⁷

Die blomboere het mekaar onderling gehelp: Multiflora wat in 1954 nog in Jeppestraat, Johannesburg, was het die blomme van Kiewiet verkoop; Luit het 'n tweedehandse bakkie vir 150 pond gekoop, waarmee hy die blomme na die blommemark kon vervoer. Luit kon die bakkie egter eers drie jaar later betaal nadat hy dit vir 200 pond verkoop het. Die Kiewiets het vir Hadeco blombolle, onder meer tjienkerietjies, op kontrak gekweek. Hulle het die plantmateriaal van Hadeco betrek en dit teen vergoeding vermeerder. Was dit nie die geval gewees nie, sou hulle nie 'n begin kon gemaak het nie.³⁸

Berend Kiewiet het in 1959 grond op Honingklip gekoop en het daar kweekhuise opgerig sodat hy kon begin spesialiseer in angeliere en krisante. Hy het mettertyd sy onderneming aan sy drie seuns oorgedra en afgetree.³⁹

³⁶ J. Gottsman. *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 43.

³⁷ Persoonlike inligting: L. Kiewiet, 1995-06-14.

³⁸ Persoonlike inligting: L. Kiewiet, 1995-06-14.

³⁹ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 45.

4. Toon Versteeg: Versteeg Potplant Kwekery (Edms) Beperk

Die gesin Versteeg het teen die einde van 1953 van Berkel, Nederland na Suid-Afrika geëmigreer. Jacob Toxopeus het Berkel besoek en iemand gesoek om by sy onderneming te kom werk. Sodoende het Toon Versteeg van Strubensvallei Blomkwekery bewus geword.⁴⁰

Versteeg het na sy aankoms in Suid-Afrika begin om die potplantafdeling van Toxopeus te bestuur. Toxopeus het later besluit om hierdie afdeling te staak en Versteeg moes toe besluit of hy die onderneming gaan oorneem en of hy saam met Toxopeus uitsluitlik met snyblomme gaan werk. Dit dagteken die begin van Versteeg Potplant Kwekery in 1960.⁴¹

Versteeg het aanvanklik die kweekhuise van Toxopeus gehuur, maar in 1963 het hy self grond gekoop wat aanvanklik deel van Strubensvallei, naby Roodepoort, was. In 1965 het die kwekery na die huidige standplaas in Hendrik Potgieterweg, Johannesburg, verskuif en is kweekhuise opgerig. Die besigheid het sterk uitgebrei, aangesien sy seun Cees en kleinseun Anton hulle by die kwekery aangesluit het.⁴² Die twee Versteegdogters en hulle mans het aanvanklik ook by Versteeg-kwekery gewerk, maar het later hulle eie ondernemings begin.⁴³

Die Versteegs het besproeiingstegnieke sodanig verfyn dat dit baie water en voedingstowwe bespaar het. In 'n waterarm land verteenwoordig dit groot vooruitgang.⁴⁴

Die kweekhuise is ook gemoderniseer en lug- en hittesirkulasie handhaaf 'n stabiele temperatuur. Versteeg Potplante verskaf 'n groot verskeidenheid plante aan die publiek wat deur middel van saad, steggies of lopers gekweek word.⁴⁵

⁴⁰ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 49.

⁴¹ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 50.

⁴² J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 49.

⁴³ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 49.

⁴⁴ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 49.

⁴⁵ Persoonlike inligting: C. Versteeg, 2002-11-12.

In 1960 het Versteeg arbeiders uit Malawi en Mosambiek begin invoer, maar as gevolg van regeringsbeleid moes die arbeiders na hulle eie lande terugkeer en het Versteeg arbeiders uit Venda en Gazankulu gewerf omdat hulle meer geneig was tot intensiewe landbou as byvoorbeeld die Zoeloes. Huisvestiging vir die werkers is op die eiendom verskaf.⁴⁶

Die kwekery het ook 'n groot kombuis waar daagliks drie maaltye vir die werkers voorberei word. Opleiding word aan elke werker in 'n bepaalde rigting gegee, sodat hy/sy ten volle produktief kon wees, byvoorbeeld die saai van sade; sny en uitplant van steggies; uitbreek van ongewenste plantmateriaal; die gereedmaak van bestellings; en die bestuur van afleveringsvoertuie.⁴⁷

Van die plante wat deur Versteeg gekweek word, sluit in: Pointsettia's, Kalanchoë, Peperomia, Ficus, en varings.⁴⁸

As gevolg van hersonering en dorpsuitbreiding het die kwekery in 1999 na Brits verskuif.⁴⁹

Die blomkwekery het ook tot die ontstaan van nuwe ondersteuningsbedrywe wat gespesialiseerde dienste verskaf, aanleiding gegee, soos byvoorbeeld Buys Electrical, wat spesifieke werk vir blomkwekerye doen, asook ingenieursondernemings wat kweekhuise en ander konstruksies oprig.⁵⁰

Versteeg onderneem uit die staanspoor self die bemarking van hulle produkte en plante word by bloemiste, kwekerye en handelaars aangelewer.⁵¹

⁴⁶ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 51.

⁴⁷ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 51.

⁴⁸ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 51.

⁴⁹ Persoonlike inligting: C. Versteeg, 2002-01-19.

⁵⁰ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 84.

⁵¹ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 50.

5. Lous van Geest: LVG Potplants

Lous van Geest, stigter van LVG Potplants, is van Westerland in Nederland afkomstig. Dit word die “glasestad” genoem omdat dit verwys na die baie kweekhuise van glas waarin blomme, groente, ens. gekweek word.⁵²

Hy het sy eie blomkwekery in Nederland gehad nadat hy eers kwaliteitmeester vir een van die grootste blommemarkte ter wêreld was.⁵³

In 1983 het Van Geest kennis gemaak met Pieter Toxopeus wat Nederland besoek het om die jongste vordering van kweekhuisbou te ondersoek. Pieter het Lous genooi om by hulle bedryf te kom werk; hy sou as bestuurder van Wilgespruit aangestel word. Sake het egter anders verloop aangesien die vorige besuurder, wat siek was, herstel het. Lous van Geest het toe vir twee jaar as blomaankoper vir Pieter se blomwinkels in Bryanston, Vereeniging en Rustenburg gewerk.⁵⁴

In 1985 het Lous van Geest homself op die kweek van potplante begin toespits, nadat hy 'n opening daarvoor in die mark raakgesien het.⁵⁵ Binne drie jaar het hy in Muldersdrift (geleë tussen Randburg en Krugersdorp) vyf hektaar onder potplante gehad. Omdat hy gehoor het dat Venda rypvry was en dat daar 'n standhoudende rivier was, het hy met die toenmalige Venda-owerheid onderhandel om 'n gesamentlike onderneming te stig vir die kweek van potplante. Dit sou baie werksgeleenthede skep. Daar sou 250 ha eksotiese plante vir die uitvoermark gekweek kon word.⁵⁶

Die klimaat van Venda was egter nie optimaal gesik vir die kweek van potplante nie. Daar was aanvanklik blanke bestuurders, maar deur regstellende aksie het die situasie

⁵² J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 61.

⁵³ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 61.

⁵⁴ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 61.

⁵⁵ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 95.

⁵⁶ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 61.

verander. Gebrek aan kennis en ervaring en die herinlywing van dié gewese tuisland by Suid-Afrika het daartoe gelei dat die projek gestaak is.⁵⁷

Op 1 Januarie 1995 het Lous van Geest en sy seun die potplantkwekery van Pieter Toxopeus oorgeneem. Pieter wou meer op snyblomme konsentreer.⁵⁸

Lous van Geest het die kweekhuise van Wilgespruit Blomkwekery gehuur. Een kweekhuis beslaan sowat 10 000m². 'n Kunsmatige gunstige klimaat word hier binne vir die betrokke plantsoort geskep.⁵⁹

In 1985 is sowat 80% van die plantsteggies ingevoer, hoofsaaklik uit Nederland. As gevolg van die afname in die waarde van die Rand, het hulle toe probeer om soveel moontlik plantmateriaal self te vermeerder. In Nederland word egter voortdurend nuwe soorte kleure en geure ontwikkel en is daarom steeds die hoofbron van nuwe plantmateriaal.⁶⁰

LVG verskaf tans plante landswyd. Weekliks neem trokke LVG-potplante na verskillende plekke, tot in Namibië. Op besige dae word daar daagliks 40 000-50 000 plante uitgestuur.⁶¹

Sowat 80% van die arbeiders is van Venda en hulle pas goed by die intensiewe verbouingsmetodes wat deur potplantboerdery vereis word, aan. Huisvesting vir die arbeiders word verskaf en werksooreenkomste word met die arbeiders gesluit, wat tot gevolg het dat die arbeidsmag redelik stabiel is.⁶²

Lous van Geest meen dat die groot sametrekking van blom- en potplantkwekers, wat van die Constantia-kom en tot by Tarlton, naby Krugersdorp strek, te danke is aan die

⁵⁷ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 61.


⁵⁸ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 96.

⁵⁹ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 61.

⁶⁰ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 61.

⁶¹ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 61.

⁶² J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 61.



Figuur 16: Marinus Daling (1946-2002)

Uit: *Naweek Beeld*, 2001-12-22 (S.A. gaan dankbaar voortbou op Daling se nalatenskap), p. 13.

gunstige klimaat, 'n toereikende watervoorraad en maklike bereikbaarheid van die mark.⁶³

6. Marinus Daling: Uitvoerende Voorsitter van Sanlam (1946 – 2002)

Marinus Huig Daling is op 25 Februarie 1946 op Smilde in die provinsie Drente, Nederland gebore. Sy ouers het in April 1948 besluit om na Suid-Afrika te emigreer. Hulle het hulle aanvanklik in Lydenburg se omgewing gevestig waar Daling sr. 'n boer was. Komende uit 'n water- en reënryke Nederland, was dit 'n baie moeilike taak om by landbou in 'n waterarm land aan te pas en 'n sukses daarvan te maak.⁶⁴

Daling sr. het vir 'n rukkie vir Imperial Cold Storage gewerk waarna die gesin hulle op die Springbokvlakte gevestig het.⁶⁵ Marinus Daling se eerste skooljare was by 'n plaasskool op 'n plekkie met die naam Lehau. Dit was 'n nuwe skool en die leerlinge moes die eerste drie maande in 'n tent onderrig ontvang, aangesien die skoolgebou nog nie voltooi was nie. Daling onthou goed dat hy die eerste kind in dié skool was wat pak gekry het, terwyl hy nie eers die skuldige was nie. Hy was vier jaar oud toe sy ouer broer skool toe is. Sy ouers was baie besig en het nie geweet wat om met hom te doen nie, en het die skool genader om te vra of hy maar saam met sy ouer broer kon begin leer. Sy hoërskooljare het Daling aan die Hoëskool Nylstroom deurgebring waar hy op sestienjarige leeftyd gematrikuleer het.⁶⁶

Hy het hierna sy studies aan die Universiteit van Pretoria voortgesit waar hy in die elektrotegniese ingenieurswese begin studeer het, hoewel dit nie sy eintlike rigting was nie. Hy het dan ook sy vakke so gekies dat hy wel van studierigting kon verander. In sy

⁶³ J. Gottsman, *Die blomkwekers van Roodepoort*, p. 98.

⁶⁴ *Sake Beeld*, 1998-10-26 (Sakemanne, maatskappye, loopbane), p. 5.

⁶⁵ *Sake Beeld*, 1998-10-26 (Sakemanne, maatskappye, loopbane), p. 5.

⁶⁶ *Sake Beeld*, 1998-10-26 (Sakemanne, maatskappye, loopbane), p. 5.

tweede studiejaar het hy 'n Sanlambeurs ontvang nadat hy sy studierigting na 'n B.Sc.-kursus verander het.⁶⁷

Die eerste gedagte om 'n aktuaris te word, het reeds in matriek by hom opgekom. Sy wiskunde-onderwyser het toe vir hom vertel dat hy sy werk gaan bedank om aktuaris te word. Op 'n vraag van Daling het hy gesê 'n aktuaris is "iemand wat allerlei ingewikkeld somme doen en R600 per maand verdien"⁶⁸, wat in die sestigjare 'n groot salaris was.

Na voltooiing van sy B.Sc.-graad, wat hy in 1965 met lof behaal het, het hy by Sanlam begin werk. Terselfdertyd het hy sy aktuariële studies op 'n korrespondensiegrondslag aangepak by die Faculty of Actuary in Edinburgh, Skotland.⁶⁹

Hy het die eksamen met sy eerste probeerslag gedruip, maar het wel in die daaropvolgende jaar geslaag. Daling het hieroor opgemerk dat as hy die vak nie gedruip het nie, hy buitendien te jonk sou gewees het om as aktuaris te kwalifiseer.⁷⁰

Hy het sy loopbaan by Sanlam begin in die aktuariële afdeling waar hy in die bestuurskant ingegooi sou word, maar sy eerste werklike bestuurspos was in die groep se pensioenafdeling waar hy in 1974 assistent-hoofbestuurder van pensioene geword het – op 28-jarige leeftyd. Hierna het sy loopbaan by Sanlam hom na die administrasie- en bemarkingskant van die bedryf gevoer.⁷¹

Die eertydse voorstander van Sanlam, dr. Fred du Plessis, het hom in 1978 as hoof van beleggings aangestel. Sy kennis van beleggings was op daardie tydstip so beperk dat hy vir nege maande lank elke môre om vieruur werk toe gegaan het om meer oor daardie vakgebied te leer.⁷²

⁶⁷ *Sake Burger*, 1998-10-26 (Marinus Daling trap oor 30 jaar diep spore by Sanlam), p. 5.

⁶⁸ *Sake Burger*, 1998-10-26 (Marinus Daling trap oor 30 jaar diep spore by Sanlam), p. 6.

⁶⁹ *Sake Burger*, 1998-10-26 (Marinus Daling trap oor 30 jaar diep spore by Sanlam), p. 6.

⁷⁰ *Sake Burger*, 1998-10-26 (Marinus Daling trap oor 30 jaar diep spore by Sanlam), p. 6.

⁷¹ *Sake Burger*, 1998-10-26 (Marinus Daling trap oor 30 jaar diep spore by Sanlam), p. 5.

⁷² *Sake Burger*, 1989-04-25, p. 10.

Die groep het aan die einde van 1984 besluit om sy strategiese beleggingsfunksie van sy portefeuilje beleggingsfunksie te skei en Sankorp is in 1985 gestig waarna al die strategiese beleggings na die nuwe afdeling oorgeplaas is. Daling is in daardie jaar ook as Sankorp se eerste uitvoerende hoof aangestel. Op daardie tydstip was hy ook die enigste werknemer.⁷³

Mnr. Pierre Steyn is in 1984 as Hoof van Sanlam aangestel. Op daardie tydstip het uiteenlopende bedrywe deel van Sanlam se strategiese beleggings gevorm, onder meer Gencor, Murray en Roberts, en Malbak. Hulle het met die vorming van Sankorp 'n geëkwiteerde verlies getoon, maar dié syfers is egter in 'n betreklik kort tyd in 'n wins omgeskep.⁷⁴

Daling het self verklaar dat hy al in die tagtigerjare besluit het dat die aanvanklike strategie van beheer en grootte nie voldoende was nie, maar eerder 'n waardetoevoeging. As hy daaraan terugdink, erken hy dat dit reeds die kiem van Sanlam se latere demutualisering was. Die bedrywe onder sy beheer is gerasionaliseer om meer gerigte eenhede te word.⁷⁵

Daling was van mening dat sy tyd by Sankorp 'n fantastiese ervaring en 'n geleentheid was om met 'n wye verskeidenheid van mense saam te werk. Na die afsterwe van Steyn is Daling benoem as nie-uitvoerende voorsitter van Sanlam. In 1997 het hy egter uitvoerende voorsitter geword na die bedanking van mnr. D. Smith. In 1998 is Daling ook verkies tot uitvoerende voorsitter van Sanlam Beperk.⁷⁶

In 'n artikel in die *Financial Mail* van 9 Maart 2001 word Daling soos volg beskryf: "when Marinus Daling took over as executive chairman in 1997, life insurer Sanlam was in no shape to internationalise. Daling's formidable task was to transform the unlisted, bureaucratic, financially ailing business into a profitable quoted company. Under his

⁷³ Sake Burger, 1989-05-13, p. 9.

⁷⁴ Sake Burger, 1989-05-13, p. 9.

⁷⁵ D. Basson, Daling, hier is die antwoorde, *Finansies en Tegniek*, 2002-01-11 p. 9.

⁷⁶ Sake Burger, 1998-10-26 (Marinus Daling trap oor 30 jaar diep spore by Sanlam), p. 6.

leadership, Sanlam was listed on the Johannesburg stock-exchange in November 1998, eliminated losses in its medical devision and rationalised its sales force. It's now ready to pounce on opportunities overseas.”⁷⁷

Helaas is die sukses deur Daling se ernstige siekte oorskadu. As gevolg daarvan het Daling voorgestel dat die funksie van uitvoerende voorsitter verdeel moes word in dié van nie-uitvoerende voorsitter en dié van 'n hoof uitvoerende beampie, welke pos deur dr. Leon Vermaak gevul sou word, terwyl Daling self nie-uitvoerde voorsitter gebly het.⁷⁸

Daling was bekend as 'n “reguitprater” wat geen onsin geduld het nie, maar deur Sanlam se topstruktuur vir sy integriteit gerespekteer is. Volgens Hein Swart, ekonomiese redakteur van *Die Burger*, was Marinus Daling die rustigheid self, met 'n stille vasberadenheid om die soveelste uitdaging in sy lewe (sy siekte) te aanvaar. Hy het vertroue uitgestraal en het alles wat nodig is gehad om die belangrike en invloedryke betrekking as voorsitter van Sanlam te vul.⁷⁹

By die uittrede van Daling in Desember 2001 uit Sanlam se direksie is berig dat sy uittrede die einde van 'n tydperk vir Sanlam beteken, aangesien Daling en Sanlam sinoniem was. Daling het 'n strategiese sleutelrol gespeel met die skep van NAIL (New African Investment Limited) in 1993 toe 'n aandeel in Metropolitan Life aan swart bemagtigingsgroepes beskikbaar gestel is.⁸⁰ Daling het in die laat jare tachtig die korporatiewe herstrukturering en ontknopping van Sanlam begin. Hy kon sien dat die fokus van Sanlam op finansiële produkte moet wees. Sanlam se strategiese bates – Gencor, Federale volksbeleggings, Nissan, en Malbak – is ontknoop. Checkers is aan Shoprite verkoop. In 1992 was hy betrokke toe Sanlam Bankorp aan Absa verkoop het.

⁷⁷ *Financial Mail*, 2001-03-09 (Daling displays the power of positive thinking), p. 37.

⁷⁸ *City Press*, 2002-02-03 (Former Sanlam boss dies of cancer), p. 12.

⁷⁹ *Die Burger*, 1993-12-08 (Moeilike Sanlam-taak maklik as jy Marinus Daling is).

⁸⁰ *Sake Beeld*, 2002-10-16 (Sanlam se kaptein is terug op sy pos), p. 3.

In Januarie 1998 het Sanlam aangekondig dat hy gaan noteer. Notering was die eerste stap in die demutualisering van Sanlam.⁸¹

Onder sy leiding moes Sanlam gereed maak vir 'n reuse administratiewe en kommunikasie oefening wat met demutualisering gepaard gegaan het. Dit is nie 'n maklike taak om 'n organisasie wat eers net aan polishouers behoort het om te skakel in een wat aan sy aandeelhouers behoort nie.⁸²

Daling was aan die stuur toe mededinging toegeneem en Suid-Afrika deel van die globale ekonomie geword het. Die elektroniese era het aangebreek en 'n nuwe Sanlam was nodig waarin die rieme dun gesny moes word. Die wêreld het kostebewus geword en Daling was gereed vir die taak. Een van die vrae wat Daling seker die meeste moes beantwoord het, was of Sanlam sy belang in Absa gaan behou en of die groep en Absa sou saamsmelt. Ironies genoeg sou die vraag, met groot implikasies vir die Suid-Afrikaanse ekonomie, eers in die tydvak na Daling beantwoord word.⁸³

Marinus Daling het die volgende toekenning in die loop van sy loopbaan ontvang:

- Junior Sakeman van die Jaar van die Johannesburgse Sakekamer, 1980;
- Jong Oud-Tukkie van die Jaar, Universiteit van Pretoria, 1988;
- Laureatus-toekenning van die Universiteit van Pretoria, 1993;
- F.A.K.-toekenning vir bevordering van die ekonomie, 1994;
- M.S. Louw-toekenning van die Afrikaanse Handelsinstituut, 1995;
- *Cape Times* Business Personality of the Year, 1996; en
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Frans du Toit Medalje vir skeppende bydrae tot die Suid-Afrikaanse bedryfslewe, 2000.⁸⁴

⁸¹ *Sake Beeld*, 2002-10-16 (Sanlam se kaptein is terug op sy pos), p. 3.

⁸² *Naweek Beeld* 2002-12-22 (S.A. gaan dankbaar voortbou op Daling se nalatenskap), p. 9.

⁸³ *Naweek Beeld* 2002-12-22 (S.A. gaan dankbaar voortbou op Daling se nalatenskap), p. 9.

⁸⁴ Geskrewe inligting: T.L. le Roux. Sanlam se uitvoerende bestuurder, 2000-08-15.

Daling was onder meer direkteur van Sanlam Beperk, Sanlam Lewensversekerings Beperk, Santam, Gensec Batebestuur (Eiendoms) Beperk, Sanlam Gesondheidsorg (Eiendoms) Beperk en Selekant (Eiendoms) Beperk.⁸⁵

Buite Sanlam was hy ook bereid om reguit oor die land se politieke toekoms te praat. In 1995 het hy by die jaardinee van die Afrikaanse Sakekamer van Pretoria verklaar apartheid was die spiraal van selfvernietiging van die Afrikaner. Die verlies van politieke mag het die Afrikaner bevry van apartheid. Hy het egter nie doekies omgedraai as sake in die ekonomie verkeerd geloop het nie. Hy het in 1995 gemaan dat die regering se beleid van regstellende optrede in die werkplek daartoe sal lei dat die gehalte van die staatsdiens verswak. Hy was by meer as een geleentheid baie krities oor die negatiewe uitwerking van regstellende optrede op die ekonomie.⁸⁶

Marinus Daling is op 1 Februarie 2002 na 'n kort siekbed aan kanker oorlede. *Beeld* berig oor die gedenkdiens wat tydens die begrafnis gehou is, die volgende: "dit was 'n treffende oomblik toe president Thabo Mbeki na vore gekom het en Daling se ma, mev. Dirkje Daling, bedank het vir haar seun. Mbeki vertel ook hoe gedemp die gemoedere verlede Vrydag in New York was toe die afgevaardiges by die Wêreld Ekonomiese Forum die nuus oor Daling se dood ontvang het."⁸⁷

Die uitvoerende hoof van Sanlam op daardie stadium, dr. Leon Vermaak, het Daling na sy afsterwe geloof vir die rol wat hy in Sanlam en die sakewêreld gespeel het. "Daling is 'n visionêre leier en sake-staatsman wat die beste belang van Sanlam en Suid-Afrika op die hart dra. Hy is die vader van moderne bemagtigingsaksies wat die Suid-Afrikaanse sake-omgewing totaal verander het. Daarby is hy 'n beminde leier wat met integriteit en deursigtigheid kommunikeer, 'n intellektuele reus wie se invloed nog lank in die Sanlam-groep gaan bruis."⁸⁸

⁸⁵ Geskrewe inligting: T.L. le Roux, Sanlam se uitvoerende bestuurder, 2000-08-15.

⁸⁶ *Sake Burger*, 1989-05-13 (Jeugdigheid kenmerk in Daling se opgang), p. 9.

⁸⁷ F. Meyer, Die drastiese verskillende nalatenskappe van twee immigrante. *Beeld*, 2002-02-09.

⁸⁸ H. Duvenhage, S.A. het goud verloor met Marinus Daling se dood, *Rapport*, 2002-02-03, p. 2.



Figuur 17: Piet van Hoven

BA/Comair's managing director, Piet van Hoven (tweede van regs) with one of the winners, Charles Newell, National Sales Manager, Breyton Pausle and Bobby Skinstad.

Uit: RVZ Communications, British Airways Top Twenty Awards

<http://www.rvz.co.za.recent.html>.

Die *Sunday Times* van 3 Februarie 2002 se opskrif het die rol van Daling beklemtoon: “[u]nforgettable memories of the big man with a big heart who made his mark on a big industry.”⁸⁹ *Financial Mail* van 8 Februarie 2002 het soos volg berig: “[i]n mourning a topclass leader, one thinks of another born Hollander who became a much respected South African leader. Though later reviled there were similarities between Daling and Verwoerd. Both had brilliant academic careers and were tall and strong, and inspired followers who looked upon them as leaders from a young age. They both had drive and disliked nay-sayers and negativists. Both had something to prove in the Afrikaans society.”⁹⁰

Op ’n vraag aan Marinus Daling of hy nie gewens het dat sy ouers destyds na ’n ander land met minder probleme moes geëmigreer het nie, was die antwoord: “[n]ee, want elke probleem is mos ’n geleentheid. Hierdie land het fantastiese geleenthede, so groot soos die probleme is, so groot is die geleenthede. ’n Mens moet verby die negatiewe kyk na wat onderliggende geleenthede in die land is, mits die fundamentele probleme korrek aangespreek word.”⁹¹

7. Piet van Hoven: Direkteur van Comair en Kulula.com (1946 -)

Mnr. Piet van Hoven, een van die land se mees gerespekteerde lugvaartdeskundiges, het in Mei 1948 saam met sy ouers en die gesin na Suid-Afrika gekom. Ekonomiese druk in Nederland was die rede vir die emigrasie.⁹²

Die gesin het hulle in Benoni gevestig en Piet van Hoven het daar aan die Hoërskool Brandwag gematrikuleer. Terwyl sy jonger broer, Wouter van Hoven, die akademiese

⁸⁹ R.S. Bradford, Marinus Daling, 1947-2002, *Sunday Times*, 2002-02-03 p. 1.

⁹⁰ T. Vosloo, Obituary: Marinus Daling, lost to South Africa in his prime, *Financial Mail*, 2002-02-08.

⁹¹ *Sake Burger*, 1989-05-13 (Jeugdigheid kenmerk in Daling se opgang), p. 9.

⁹² Persoonlike inligting: W. van Hoven, Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit Pretoria, September 2000.

rigting ingeslaan het, het Piet van Hoven die sakewêreld gekies. Van Hoven is reeds sedert 1965 aan Comair, die binnelandse lugdiens van Suid-Afrika, verbonde.⁹³

Volgens 'n artikel in *Beeld* van 30 Oktober 2000 is Van Hoven vir die afgelope twintig jaar die uitvoerende hoof van Comair⁹⁴, die land se enigste werklik private lugdiens. In 'n artikel in die *Volksblad* van 31 Januarie 2000 word Van Hoven aangehaal oor die sukses van die maatskappy.⁹⁵ In die 54 jaar van sy bestaan het Comair nog nooit 'n verlies getoon nie, en Van Hoven skryf dit toe aan die goeie bestuurspan en die feit dat Comair 'n konserwatiewe maatskappy is wat die behoeftes van die reisende publiek teiken. Sy mening hieromtrent is die volgende: "ons gee veral aandag aan die sakemark. Dit is ons sterk punt dat ons 'n uitstekende rekord het. Ons probeer ook altyd die diens wat ons aanbied verder innoveer."⁹⁶

Comair se aandeel van die binnelandse mark is vyftien persent. Volgens *Die Burger* van 22 Januarie 2000 het Comair op 26 Januarie 'n belangrike vennoot gekry toe British Airways 'n belang van 18.5% in Comair van Gensec oorgeneem het.⁹⁷ British Airways se direkteur, Roger Maynard, verklaar hieroor: "Die feit dat British Airways 'n aandeel in Comair verkry, beteken dat groter klem as in die verlede geplaas sal word op samewerking tussen die twee lugdienste. Ons is bly om hierdie belegging in Suid-Afrika te kan doen. Comair is 'n uiters goed bestuurde lugdiens met 'n uitstekende finansiële en diensleveringsgeskiedenis. Comair se bedryfsmag tel onder die beste ter wêreld. En dit met Piet van Hoven reeds twintig jaar aan die hoof."⁹⁸

Sake-Beeld het in Oktober 2000 berig dat Van Hoven as die nuwe president van die Afrikaanse Handelsinstituut verkies is. Dié uitdaging sou hy met 'n groot mate van pragmatisme aanpak: "Van Hoven het die moeilike taak om die Instituut se konsep van 'n nasionale konfederasie van sake-organisasies aan ander sake-organisasies te verkoop.

⁹³ M. Mittner, Comair-baas ken nie verlies nie, *Volksblad*, 2000-01-31, p. 2.

⁹⁴ J. de Lange, Van Hoven direk die man wat sakekonfederasie kan skep, *Sake Beeld*, 2000-10-30, p. 3.

⁹⁵ M. Mittner, Comair-baas ken nie verlies nie, *Volksblad*, 2000-01-31, p. 2.

⁹⁶ M. Mittner, Comair-baas ken nie verlies nie, *Volksblad*, 2000-01-31, p. 2.

⁹⁷ H. Jacobs, B.A. vlieg hoër met belang in Comair, *Die Burger*, 2000-01-27.

⁹⁸ D. van Biljon, Transaksie tussen BA, Comair begin nuwe era, *Rapport*, 2000-01-30.

Die Afrikaanse Handelsinstituut stel voor dat Besigheid Suid-Afrika tot 'n federasie van sake-organisasies uitgebou moet word. Dit omvat sake-organisasies soos die Afrikaanse Handelsinstituut, die Suid-Afrikaanse Besigheidskamer en die National African Federation of Chambers of Commerce.”⁹⁹

Van Hoven was van mening dat “as dit deur die lede van Besigheid Suid-Afrika aanvaar word en almal werk saam, dit oor 'n paar jaar 'n volwaardige verenigde stem vir die hele land se sakesektor [sou] wees. Dit is 'n droom waarna ek al jare lank streef. Maar dit sal nie gou kan gebeur nie. In die maande en dalk selfs jare wat volg, sal groot oorredingswerk gedoen moet word.”¹⁰⁰ “Maar Van Hoven, wat reeds meer as twintig jaar aan die hoof van die land se enigste werklik private lugdiens staan, straal beskeie maar vasberade pragmatisme uit. Dis eienskappe wat waarskynlik aan hom die beste kans gee om hierdie oorredingswerk te doen.”¹⁰¹

Van Hoven het hom in sy presidentsjaar toegespits op die ontwikkeling van die toerismebedryf. Hy het beweer: “die bedryf moet beter gefokus word. Daar is nog talle geleenthede en voordele uit toerisme wat beter tot die breë ekonomiese ontwikkeling kan bydra.”¹⁰²

Van Hoven het by die bekendstelling van die nuwe binnelandse lugdiens, Kulula.com, wat as gevolg van sy inisiatief tot stand gekom het, verklaar dat dit dalk 'n groter oplewing onder 'n groot aantal verbruikers sal meebring. Die nuwe lugdiens spits hom toe op die Suid-Afrikaanse verbruikersmark wat dit op die oomblik nie kan bekostig om te vlieg nie. Volgens mnr. Gideon Novick, bemarkingsbestuurder van Kulula.com, is 25% van die lugdiens se passasiers mense wat nog nooit voorheen gevlieg het nie. Comair sal alle luukses afstroop en daardeur die prys van retoervlugte van Johannesburg na Kaapstad so laag as R800 beperk. “Comair het vir langer as 'n jaar navorsing gedoen en is seker dat die krimpende Suid-Afrikaanse vervoerbedryf, wat deur oliepryse en

⁹⁹ T. Ferreira, Comair wys vertroue in S.A. mark. *Sake Beeld*, 2000-10-30.

¹⁰⁰ T. Ferreira, Comair wys vertroue in S.A. mark, *Sake Beeld*, 2000-10-30.

¹⁰¹ T. Ferreira, Comair wys vertroue in S.A. mark, *Sake Beeld*, 2000-10-30.

¹⁰² T. Ferreira. Comair wys vertroue in S.A. mark, *Sake Beeld*, 2000-10-30.



Figuur 18: Pieter en Wilma Bakker
Uit: *Beeld*, 2000-10-27, p. 10.

wisselkoerse geteister word, 'n positiewe rigting inslaan."¹⁰³ Dawid Brand skryf soos volg in *Rapport* van 3 Februarie 2002: "dit gaan baie goed met Kulula; die bedryf is sedert sy inbedryfstelling ses maande gelede, winsgewend en sake lyk al hoe meer rooskleurig. Kulula het 120 mense in diens en sy vloot bestaan uit twee Boeing 727's. Die lugdiens het nog geen prysverhoging vir die jaar aangekondig nie."¹⁰⁴

Die lugdiens is in staat om koste laag te hou omdat die wisselkoerse oorsese reise duur en plaaslike reise meer bekostigbaar maak en volume gevvolglik verhoog. Volgens Van Hoven kon Kulula.com, Comair se uitbreidingsprogram op die afslagvlugsektor van die plaaslike vlugbedryf, nie op 'n meer geleë tydstip gekom het nie¹⁰⁵ en sou daar 'n merkbare inkrimping in die binnelandse mark gewees het, weens die ernstige verswakking van die Rand.¹⁰⁶

Van Hoven bestuur Comair sodanig dat lojaliteit vir die onderneming verseker word deur aandeelhouding vir die werknemers moontlik te maak.¹⁰⁷ Van Hoven is ook steeds ten nouste betrokke by die Suid-Afrikaanse Toerismeraad waarvan hy in 1993 voorsitter was. Weens 'n druk werkprogram moes hy as voorsitter bedank, maar hy het as raadslid aangebly.¹⁰⁸

8. Peter en Wilma Bakker van Renee Farms: Tamatieboerdery

Peter en Wilma Bakker het in 1979 uit Nederland na Suid-Afrika geëmigreer. Sonder enige opleiding of ervaring het hulle begin om aarbeie buite seisoen te kweek, asook snoeptamaties. Dié tipe tamatie was op daardie tydstip onbekend in die land en die vraag daarna was baie klein.¹⁰⁹

¹⁰³ D. Brand, Fieterjasielose kulula gaan steeds van krag tot krag. *Rapport*, 2002- 02-03, p.5.

¹⁰⁴ D. Brand, Fieterjasielose kulula gaan steeds van krag tot krag, *Rapport*, 2002- 02-03, p. 5. *Beeld*, 2002-02-03.

¹⁰⁵ D. Brand, Fieterjasielose kulula gaan steeds van krag tot krag, *Rapport*, 2002- 02-03, p. 5.

¹⁰⁶ M. Mittner, Comair-baas ken nie verlies nie. *Volksblad*, 2000-01-31, p. 2.

¹⁰⁷ *Die Burger*, 1996-02-22 (Satoer kry nuwe voorsitter).

¹⁰⁸ P. Bruwer, Entrepreneurs van die jaar aangewys. Bakkers palm toekenning in met snoeptamaties, *Beeld* , 2000-10-27, p.10.

Die egaar het egter oor die afgelope vyftien jaar vasbeslote en met groot deursettingsvermoë 'n bedryf tot stand gebring wat tans aan 175 mense werk verskaf.¹¹⁰

Volgens *Beeld* van 27 Oktober 2000 is Renee Farms aangewys as die nasionale wenners van Business Partners en Sanlam se entrepeneurs van die jaar in die Blue Sky-afdeling. Dié toekenning word gemaak aan entrepeneurs wie se ondernemings onbeperkte geleenthede bied en die potensiaal het om in die toekoms tot korporasies te ontwikkel.¹¹¹

Bakker skryf sy sukses veral toe aan goeie verhoudinge met sy werkers. 'n Crèche en 'n kleuterskool maak op die plaas vir die werkers se kinders voorsiening.¹¹² Hierbenewens het hulle ook die potensiaal van hulle produkte raakgesien en dit gekoppel aan uitgebreide kennis van hulle produkte en uitstaande bemarking. Hulle finansiële beplanning is konserwatief en baie akkuraat en hulle het 'n beleid ontwikkel en bemeester om eers 'n mark te vind en om dit dan te ontwikkel en uit te brei.¹¹³

Renee Farms is een van die grootste voorsieners van snoeptamaties en soetrissies aan die luukse-kettinggroep Woolworths, wat bekend is vir die gehalte van hulle voedselprodukte. Renee Farms voorsien weekliks 75 ton tamaties en tien ton rissies aan dié groep. Daarvoor het die onderneming elke dag 'n vragmotor met 'n kapasiteit van 20 ton op die pad.¹¹⁴ Altesaam tien persent van hulle voorraad word op hulle plaas van 23 hektaar verbou en die res kom van gekontrakteerde boere in die omgewing. Alle produkte word volledig op die plaas verpak met die winkel se etiket, prys, en verval datum daarop. Dit word na 'n sentrale pakhuis in Johannesburg vervoer waarvandaan dit na die verskillende depots tot so ver as KwaZulu-Natal en Wes-Kaapland versprei word.¹¹⁵

¹¹⁰ P. Bruwer. Entrepreneurs van die jaar aangewys. Bakkers palm toekenning in met snoeptamaties, *Beeld*, 2000-10-27, p.10.

¹¹¹ P. Bruwer. Entrepreneurs van die jaar aangewys. Bakkers palm toekenning in met snoeptamaties, *Beeld*, 2000-10-27, p.10.

¹¹² *Beeld*, 2000-09-01 (Klein plasie word 'n wenverhaal vir Bakkers), p. 6.

¹¹³ *Beeld*, 2000-09-01 (Klein plasie word 'n wenverhaal vir Bakkers), p. 6.

¹¹⁴ P. Bruwer. Entrepreneurs van die jaar aangewys. Bakkers palm toekenning in met snoeptamaties, *Beeld*, 2000-10-27, p.10.

¹¹⁵ *Beeld*, 2000-09-01 (Klein plasie word 'n wenverhaal vir Bakkers), p. 6.

Om elke dag van die jaar, ongeag die seisoen, tamaties en soetrissies van gehalte te lewer, beteken fyn beplanning en die Bakkers het derhalwe 'n groot bydrae gelewer op die gebied van die rekenarisering en landboutegnologie in Suid-Afrika. Groeiprogramme word 'n jaar vooruit beplan met behulp van rekenaartegnologie en om voorsorg vir onvoorsiene probleme met die boerdery te tref, word altyd meer as die verlangde hoeveelheid produkte uit Renee Farms se kweekhuise gelewer. Elke plant groei in swart kwekerysakke van plastiek vol saagsels en rank meters hoog. Toetse word deurlopend gedoen ten einde moontlike plae te bestry en ook besproeiingswater word getoets om die regte pH-gehalte te verseker. Geen chemiese middels word vir plaagbestryding aangewend nie, net onskadelike bio-chemiese middels.¹¹⁶

Van die oomblik dat die groente na die verpakkingshuis gebring word, word dit vinnig verkoel deur die lug met behulp van reuse-vliegturbines deur water te forseer sodat daar 98% humiditeit in die saal is. Hier word die produkte eers aan streng toetse onderwerp. Daar word aan 'n monster uit elke krat geproe, die suur- en suikergehalte word bepaal, en oor elke vrag word 'n verslag geskryf. Hierna word die vrugte en groente meganies gewas en gesorteer sodat produkte met dieselfdegraad van rypheid en grootte in dieselfde verpakking beland. Daarvoor word elke vrug een-een op 'n vervoerband deur 'n kamera gefotografeer om die presiese kleur te bepaal. Elke item word ook meganies geweeg, die verskillend groottes en kleure word deur 'n rekenaar in verskillende ruimtes gesorteer waar dit vir oulaas per hand verpak word om te verseker dat alles foutloos is.¹¹⁷

Volgens mev. Bakker kry higiëne groot aandag en voorkeur. Nie alleen word al die vrugte en groente gewas nie, maar die higiëne van al die werkers word verseker en die verpakkingsmateriaal word daagliks van die dak tot die vloer uitgewas. Dit is daarom nie vreemd nie dat Renee Farms nou ook 'n uitvoerkontrak het om hulle produkte aan die bekende Britse en Europese winkelgroep, Marks en Spencer, te voorsien.¹¹⁸

¹¹⁶ *Beeld*, 1998-10-01 (Kersietamaties by Barberton verbou), p. 6.

¹¹⁷ *Beeld*, 2000-09-01 (Klein plasie word 'n wenverhaal vir Bakkers), p. 6.

¹¹⁸ *Beeld*, 2000-09-01 (Klein plasie word 'n wenverhaal vir Bakkers), p. 6.



Figuur 19: Karel Bos
Uit: *Engineering News*, 2002-01-12, p. 16.

Oorstromings in Januarie 2000 het die plaas en onderneming 'n geweldige knou toegedien. Volgens mnr. Peter Bakker is "ons oes heeltemal vernietig en moes ons heeltemal van nuut af met die boerdery begin."¹¹⁹

9. Karel Bos: Stigter van die Bosal-uitlaatfabriek (1928 -)

Karel Bos is in 1928 in Nederland gebore. Nadat sy gesin Suid-Afrika in 1951 besoek het, het hy in 1952 as jong meganiese ingenieur na Suid-Afrika verhuis.¹²⁰ Vandag is Karel Bos die voorsitter van die Bosal-groep se direksie wat alle belangte van die groep bestuur. Hierbenewens het hy ook die onderskeiding dat sy seun, Karel Bos Jnr., ook aan die maatskappy verbonde is en meewerk om die pionierswerk van sy vader te bestendig en uit te brei. Die maatskappy het vandag 6 400 mense in 31 fabrieke en 44 verspreidingsentrumms in diens in nie minder nie as 24 lande oral in die wêreld.¹²¹

Die familie Bos is reeds 300 jaar lank in die grofsmidbedryf. Oorspronklik kom die familie uit Duitsland waar hulle van Busse was. Kort na die Napoleontiese Oorlog in 1794 het een van die familie se seuns na Nederland gegaan as vakleerling. Hy is daar met 'n Nederlandse meisie getroud en het sy naam van Johan Carl Busse na Karel Bos verander. Die jongste seun van die oorspronklike Karel Bos was die oupagrootjie van die huidige Karel Bos Snr.¹²²

Met die vooruitgang en ontwikkeling in sweis- en snytegnieke het Karel Bos Snr. se vader instrukteur in die nuwe tegnieke vir al sy smidsvriende in omliggende dorpe

¹¹⁹ *Beeld*, 2000-09-01 (Klein plasie word 'n wenverhaal vir Bakkers), p. 6.

¹²⁰ K. Bos. Business grew from blacksmith's shop. Eight decades of growth for multinational firm, *The Herald*, 2000-02-22, p. 13.

¹²¹ Geskrewe inligting: D.J. Monte, Bosal International, Dellestraat 20, 3560, Lummen, België , 2001-04-11.

¹²² Geskrewe inligting: D.J. Monte, Bosal International, Dellestraat 20, 3560, Lummen, België , 2001-04-11.

geword en in Alkmaar, sy woonplek, toerusting en benodigdhede soos asetileengas verkoop.¹²³

Die oorgang na en totstandkoming van die nywerheidsreus het in Mei 1921 begin. Karel Bos Snr. se vader en broer het die smidswinkel bly bedryf, maar hy het self 'n eie onderneming begin wat gereedskap en masjiene vervaardig het wat hy self ontwerp het. Aan die einde van twintigerjare toe steeds meer motorvoertuie op die pad verskyn het, het heelwat smidswinkels hulle bedryf na motorherstel- en verkoopswinkels omgeskakel. Daar het 'n mark vir vervangingsonderdele ontstaan en Karel Bos het begin om motoronderdele in te voer, hoofsaaklik uit Amerika. Hy het egter besef dat onderdele soos uitlaatstelsels maklik in Nederland self vervaardig kon word. Danksy die ervaring van sy voorsate in metaalverwerking het hy van sy vriende oorreed om saam met hom uitlaatstelsels te vervaardig. Hy het die nuwe onderneming self gefinansier en ook self die bemarking gedoen. Sy handelsnaam was Bosal – 'n samevoeging van sy van en ook van die eerste letters van sy tuisstad Alkmaar. Spoedig het Bosal die grootste verspreider van uitlaatstelsels in Nederland geword.¹²⁴

Toe die huidige Karel Bos Snr. op sy vader se advies in 1952 na Suid-Afrika geëmigreer het, het hy homself in Pretoria gevestig. Hier het hy begin om Bosal-uitlaatstelsels op 'n 50/50-basis vir sy vader te bemark, want as gevolg van invoerbeheer wat destyds van krag was, kon hy nie die masjinerie invoer wat nodig was om self uitlaatstelsels te vervaardig nie.¹²⁵

Met die hulp van sy skoonpa het hy tog besluit om met sy eie fabriek te begin. Aanvanklik het hy 'n werkswinkel in Bosmanstraat in Pretoria gehuur en so het daar dus op klein skaal in Desember 1952, nie lank na sy aankoms in die land nie, die eerste uitlaatstelfabriek ontstaan. Hy het self 'n buisbuigmasjien gebou. Sy produksie het

¹²³ Geskrewe inligting: D.J. Monte, Bosal International. Dellestraat 20, 3560, Lummen, België , 2001-04-11.

¹²⁴ Geskrewe inligting: D.J. Monte. Bosal International, Dellestraat 20, 3560, Lummen, België , 2001-04-11.

¹²⁵ Geskrewe inligting: D.J. Monte, Bosal International. Dellestraat 20. 3560. Lummen. België , 2001-04-11.

spoedig uitgebrei tot die vervaardiging van volledige uitlaatstelsels en op 16 Desember 1955 het Bosal na die Koedoespoortse nywerheidsgebied verskuif. Die fabriek is Bosal Plant 1 gedoop en het 'n werkoppervlak van 32 000 vierkante meter beslaan.¹²⁶

As sakeman het Bos tegelykertyd hidrouliese domkragte uit Swede ingevoer, maar sy bestellings het so toegeneem dat die wagtyd vir aflewering agt maande was, want hy het meer domkragte verkoop as wat die fabriek kon lewer. Hy het toe die lisensie in 1953 bekom om die domkragte plaaslik te vervaardig, wat toe ook in die nuwe fabriek gedoen is.¹²⁷

Aanvanklik het Bos net vervangingsuitlaatstelsels verkoop vir voertuie wat volledig ingevoer is, want gemiddeld het elke voertuig vier uitlaatstelsels vir sy lewensduur benodig. Die Ford Motormaatskappy het egter vir Bos genader om uitlaatstelsels aan Ford te voorsien, want hulle het probleme met hulle verskaffer gekry. Dit dagteken Bosal se toetrede tot die uitvoermark in 1954.¹²⁸

In 1959 het die Suid-Afrikaanse regering 'n kommissie aangestel wat die vervaardigingsbedryf moes aanmoedig en Karel Bos is deur die Suid-Afrikaanse Motorhandelaarsvereniging aangewys om 'n bydrae te lewer tot die inwerkingstelling van 'n uitgebreide plaaslike vervaardigingsbedryf. Bos het Europa en Amerika besoek om eerstehands inligting oor die spesifikasies van vervaardigingsmasjinerie te bekom. Die gevolg van hierdie besoek was die ontstaan van 'n produkontwikkelingslaboratorium. Aangesien Bosal ingerig was om in die plaaslike vraag te voorsien, het die onderneming feitlik dadelik 'n aandeel van 60% in plaaslike produkvervaardiging gehad. Dit het tot die oprigting van 'n tweede fabriek by Uitenhage in Oos-Kaapland aanleiding gegee – Bosal Plant 2 – wat in 1964 met die vervaardiging van staalpype begin het.¹²⁹

¹²⁶ Geskrewe inligting: D.J. Monte, Bosal International, Dellestraat 20, 3560, Lummen, België , 2001-04-11.

¹²⁷ Geskrewe inligting: D.J. Monte, Bosal International, Dellestraat 20, 3560, Lummen, België , 2001-04-11.

¹²⁸ Geskrewe inligting: D.J. Monte, Bosal International, Dellestraat 20, 3560, Lummen, België , 2001-04-11.

¹²⁹ Geskrewe inligting: D.J. Monte, Bosal International, Dellestraat 20, 3560, Lummen, België , 2001-04-11.

Die sestigerjare het 'n merkwaardige uitbreiding van Bosal gesien, hoofsaaklik te danke aan 'n sterk toename in die uitvoer van die groep se produkte. Dit het gelei tot die vestiging van 'n Bosal-fabriek in Bulawayo, Zimbabwe, asook 'n groot fabriek in Kanada. Die toename in die buitelandse vraag na die maatskappy se produksie het Karel Bos in 1968 na Europa laat terugkeer om sy aandag aan die wêreldwye vestiging van Bosal te wy. Die eerste fabriek in Europa is in België gebou en dit is opgevolg deur nog 'n fabriek in Suid-Afrika wat Bosal, ten opsigte van alle materiaal wat hy in sy ander fabrieke benodig het, selfvoorsienend gemaak het. Bos het hierby nog vyf ander fabrieke oorgeneem wat in Bosal se uitbreidingsplanne gebruik kon word. Aangesien Suid-Afrika so ryk aan grondstowwe is, het Bosal besluit om die vervaardiging van katalitiese omsetters vir die wêreldhandel hier te vestig. In 1994 is al die ontwikkelings- en vervaardigingsaktiwiteite in 'n nuwe fabriek in Pretoria gesentreer. Terselfdertyd het Bosal ook twee konkurente in Kaapstad en Harare, Zimbabwe oorgeneem, geïntegreer in Bosal Sentraal-Afrika.¹³⁰

Bosal-Afrika het 'n groot aantal plaaslike en uitvoermarkte geskep en voorsien wêreldwyd die volgende produkte: uitlaatstelsels na Europa en Australië; katalitiese omsetters na Europa; domkragte na Europa en die Verenigde State van Amerika; swaardiensuitlaatstelsels na Amerika en Australië, asook uitlaatstelsels van vlekvrye staal na al dié lande.¹³¹

Karel Bos se innoverende inisiatiewe het aan hom 'n groot aantal toekenning besorg. Drie keer is hy vereer met die Waarde vir die Kliënt-toekenning van Volkswagen en feitlik alle Bosal-fabrieke spog met die QS9000-akkreditasie, wat die motornywerheid se hoogste standaard is. In 1994 is Karel Bos benoem as Bestuurder van die Jaar in die motornywerheid. Hy is lid van die Adviesraad van die Universiteit van Stellenbosch, asook grondlegger van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Studies.¹³²

¹³⁰ Geskrewe inligting: D.J. Monte, Bosal International, Dellestraat 20, 3560, Lummen, België , 2001-04-11.

¹³¹ Geskrewe inligting: D.J. Monte, Bosal International. Dellestraat 20. 3560. Lummen. België , 2001-04-11.

¹³² Geskrewe inligting: D.J. Monte, Bosal International, Dellestraat 20, 3560, Lummen, België , 2001-04-11.

Op Woensdag 6 Maart 2002 het die Universiteit Stellenbosch aan mnr. Karel Bos, Voorsitter van die Internasionale Bosal-groep, die Pro Bene-prestige toekenning gegee. Die Universiteit Stellenbosch se Pro Bene-medalje word toegeken aan mense wat op nasionale- of internasionalevlak die belang van die Universiteit bevorder.¹³³

Bosal voorsien spesifieke nywerheidsgerigte opleiding aan sy werknemers met as prioriteite tegniese vaardighede, arbeidsbestuur, bekwaamheid in inligtingstechnologie, en die verbetering van bedryfskennis. Dié opleiding word in die werkplek deur buiteverskaffers onderneem. Hierbenewens subsidieer Bosal ook die akademiese opleiding van werknemers. Bosal dra ook by tot die sosio-ekonomiese bemagtiging van sy werknemers deur die verskaffing van pensioen- en mediese skemas, asook huislenings en opleiding.¹³⁴

Bosal is ook al jare lank betrokke by die ontwikkeling van alternatiewe dryfstelsels vir voertuie. Die sogenaamde Heat-enjin werk byvoorbeeld deur 'n proses wat hitte-energie in meganiese energie omsit deur 'n bepaalde volume gas in 'n digte omhulsel om die beurt te verhit en af te koel.¹³⁵

Bos was die volgende mening toegedaan by die vyftigjarige jubileum van Bosal Suid-Afrika: "Advice to South Africa from a global enterprise whose fondness for this country is apparent: Buy South African and fight crime by creating jobs. Remember, when a product is made of South African minerals its total price can be converted into jobs. Because it's from the earth, it's free of charge. The mineral in itself costs nothing. It's all value added."¹³⁶

¹³³ *Sake-Burger*, 2002-03-06 (Pro Bene prestige toekenning), p. 55.

¹³⁴ Geskrewe inligting: D.J. Monte, Bosal International, Dellestraat 20, 3560, Lummen, België , 2001-04-11.

¹³⁵ *Motor Beeld*, 1998-05-21 (Heat-engin).

¹³⁶ H. le Roux. Highflying entrepreneur still investing hundreds of millions in South Africa, *Engineering News* 12, April 2002, p. 16.

10. Samevatting

Immigrante wat nuwe idees saam met hulle gebring en dit toegepas het, het die Suid-Afrikaanse ekonomie gestimuleer, nuwe werkgeleenthede geskep, en nuwe metodes en tegnieke aan hulle werknemers geleer. Dit beteken dus 'n positiewe bydrae tot en wins vir die land.

GEVOLGTREKKING

Sou die getal immigrante wat uit Nederland na Suid-Afrika gekom het met die getal Engelssprekende immigrante vergelyk word wat in dieselfde tydperk na Suid-Afrika verhuis het, val dit op dat die uitstaande bydraes van enkele Nederlandse immigrante op die verskillende lewensterreine tot hulle nuwe vaderland in verhouding besonder groot is.

In die tydperk 1946-1960, dit wil sê in die periode voor die instelling van staatsondersteunde immigrasie, is die totale getal immigrante wat na Suid-Afrika gekom het (en wat hulle permanent hier gevestig het) en hulle vlak van geskooldheid volgens Brownell¹ soos volg:

Tabel 1: Totale getal immigrante en hulle vlak van geskooldheid, 1946-1960

Beroepe	Netto wins aan immigrante
Professioneel en tegnies	+ 12 239
Administratief en klerklik	+ 6 339
Boerdery en vissery	+ 1 589
Mynwese en gruisgroewe	+ 1 451
Handelslui en produksiewerkers	+ 19 848
Vervoerwese	- 504
Dienste	+ 1 911
Ander	+ 5 088
Onafhanklik	+ 2 550
Afhanklik	+ 39 751
Totaal	+ 90 262

Benewens hulle kwalifikasies en kundigheid wat immigrante in hulle nuwe vaderland ingeploeg het, moet in ag geneem word dat hulle koms vir Suid-Afrika 'n aansienlike

¹ F.G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p 146.

kostebesparing meegebring het aangesien opgeleide en hoogs geskoolde mannekrag vir die skrale insetkoste van 'n gesubsidieerde pasaat bekom is. So reken Brownell dat die destydse (1972) koste verbonde aan die opleiding van een boorling in Suid-Afrika tot op die vlak van 'n geskoolde vakman ongeveer R15 000 gekos het, terwyl immigrasie die land 'n gemiddelde van R106 per kop gekos het. Daarteenoor het die koste vir dieselfde opleiding vandag uiters konserwatief bereken minstens tienvoudig geëskaleer.²

Die immigrasie van wit geskoolde werkers, spesifiek ook uit Nederland, en die versnelling wat dit vir die industrialisering van Suid-Afrika meebring het, het tot baie meer werkskepping vir plaaslike swart ongeskoolde en geskoolde werkers geleid as wat sonder die voordeel van immigrasie die geval sou gewees het. Trouens, gegewe dié feite kan die waardetoevoeging van immigrasie en immigrante tot Suid-Afrika se breet ekonomiese ontwikkeling oor 'n tydperk van dekades heen moeilik gekwantifiseer of na waarde geskat word.³

Dit is interessant dat voor 1949 alle mense van Britse herkoms in Suid-Afrika outomaties burgers van die Unie van Suid-Afrika was. Tussen 1949 en 1961 moes hulle regstreer as Suid-Afrikaanse burgers. Toe die Unie 'n republiek in 1961 geword het, moes Britte net soos ander nasionalitete om naturalisasie aansoek gedoen het. Dit is 'n bewese feit dat Nederlanders veel makliker as ander nasionaliteite bereid was om as Suid-Afrikaners te naturaliseer. Dus, hoewel Nederlanders maar net 3,47% van die totale getal immigrante tussen byvoorbeeld 1960 en 1971 verteenwoordig het (kyk tabel 2), het nie minder nie as 51,97% van hulle as lojale Suid-Afrikaanse burgers genaturaliseer (kyk tabel 2). Daarteenoor het Britse immigrante 'n volle 40,93% van die totale getal immigrante na Suid-Afrika verteenwoordig, maar net 10,86% het genaturaliseer.⁴

² F.G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 148.

³ J. Roux, Immigrasie beoordeel in die lig van S.A. se hoë mannekrag behoeftes. Immigrasie en immigrante inburgering. Referaat gelewer by die jaarvergadering van die Maatskappy vir Europese Immigrasie, Mei 1982.

⁴ F.G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 148.

**Tabel 2: Statistiek van immigrasie en persentasie naturalisasies van immigrante,
1961-1970⁵**

Vorige nasionaliteit	Sertifikate van naturalisasie uitgereik	Getal immigrante	Naturalisasie as % van getal immigrante	Netto wins deur immigrasie	Naturalisasie as % van netto immigrasie
Nederlands	6 549	12 645	51,97	8 065	81,20
Duits	3 223	28 036	11,49	22 196	14,52
Grieks	1 218	12 995	9,37	12 628	9,64
Italiaans	1 074	12 877	8,34	11 261	9,54
Portugees	1 317	32 138	4,10	31 457	4,19
Rhodesies	6 214	26 712	23,26	23 261	26,71
Brits	16 232	149 362	10,86	115 590	14,04
Sub-totaal	35 829	274 765	13,04	224 458	15,96
Ander nasionaliteite	5 389	90 115	5,98	42 736	12,60
Groot totaal (alle lande)	41 218	364 880	11,30	267 194	15,43

In die geheel gesien was die Britse omvang van immigrasie gelykstaande aan dié van alle ander nasionaliteite saam, maar naturalisasie van oud-Nederlanders was persentasiegewys by verre die hoogste.⁶

Teen dié agtergrond gesien, mag die Nederlandse immigrante se bydraes nie gering geskat word nie. Juis daarom word die uitstaande prestasies en bydraes van Nederlandse immigrante op al die land se lewensterreine des te meer treffend en opmerklik.

Dit is dus voor-die-hand-liggend dat die bydrae wat Nederlandse immigrante in Suid-Afrika gemaak het en steeds maak nie net vir hulself nie, maar vir die algehele maatskaplike raamwerk van die land tot groot voordeel is. Hierdie pioniers van Nederlandse herkoms het baie bygedra en dra steeds by tot die groei van die land as geheel en dra 'n positiewe beeld van Suid-Afrika uit na die buitewêreld.

⁵ F.G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 153.

⁶ F.G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 153.

Die moderne Suid-Afrika kan nie uitgebeeld word sonder om die groot bydrae van die blanke immigrant, wat sedert die vroegste jare bydrae gelewer het, te erken nie. In die tydperk 1946-1973 het 500 325 immigrante van Wes-Europa na Suid-Afrika gekom. 'n Groot aantal daarvan was Nederlanders.⁷

Sekere bydrywe in die ekonomiese lewe van die Republiek van Suid-Afrika is grootliks deur die immigrante beïnvloed. Bosal is hiervan 'n duidelike voorbeeld wat in die afgelope 25 jaar van 'n invoerder tot 'n wêreldwye uitvoerder van uitlaatstelsels en ander motoronderdele ontwikkel het. Deskundigheid uit Europa, op sowel bestuurs- as tegniese vlak, is nuttig gebruik. Hierdeur was dit moontlik om al die navorsing- en ontwikkelingskoste en implementering van nuwe idees, waaraan Europa biljoene rande bestee het, te gebruik om op 'n meer ekonomiese wyse 'n soortgelyke Suid-Afrikaanse bedryf op die been te bring of uit te brei.

Ook by die verskillende navorsings- en opleidingsinstitute vir hoër opleiding is die bydrae van immigrante duidelik sigbaar. By die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), Raad op Atoomkrag, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), en die Afrika-Instituut het immigrante orals 'n belangrike rol gespeel.⁸

Vanuit die kundigheid, leierskap en onderwyspeil van die Europeërs spruit voordele in feitlik elke vertakking van die samelewing vir al die volke van Suidelike Afrika.⁹

Op die politieke terrein speel die immigrant oor die algemeen 'n agtergrondrol. Hulle sien probleme in 'n nuwe lig of vanuit 'n ander gesigspunt.¹⁰

⁷ K.E. Bruinette, *Die bydrae van die immigrant tot die ontwikkeling en voortbestaan van Suid-Afrika*. Referaat gelewer by Derde Nasionale Kongres van die Maatskappy vir Europese Immigrasie. Oktober 1977.

⁸ F.G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 19.

⁹ F.G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 17.

¹⁰ F.G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970* p. 24.

Benewens die groot bydrae wat die teenswoordige immigrante dus lewer, moet verby gekyk word na die nuwe Suid-Afrikaner van die volgende geslagte wat op dieselfde wyse as in die verlede, ook hulle bydrae tot die uitbouing van Suid-Afrika en Suidelike Afrika sal maak.¹¹ Hier kan veral die blomkwekers van Roodepoort genoem word wat 'n totaal nuwe blomkultuur in Suid-Afrika gevestig, wat voortdurend uitbrei en ontwikkel. Hulle uitvoerprodukte bring waardevolle buitelandse valuta die land in. Hulle arbeiders is nuwe vaardighede geleer wat tot beter kennis en beter arbeidsverhoudinge gelei het.

Dr. J. Ploeger, in die boek *Nederlanders in Transvaal, 1850-1950*, skryf soos volg: "geen enkele Nederlandse immigrant, kan met reg gesê word, het hom in Suid-Afrika kom vestig met die doel om niks te doen nie. Elkeen het oor ervaring en kundigheid beskik wat hy in die proses van vereenselwiging met die nuwe vaderland, toegepas het om 'n vaste en dikwels florende bestaan te voer."¹²

Prof G.J. Schutte, Voorsitter van die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging was tydens die onthulling van die gedenkteken vir Nederlanders in Transvaal 1850-1950 te Pretoria die volgende mening toegedaan: "maar blybaar kom die ware aard van die Nederlanders oorsee goed na bowe, as mens in Suid-Afrika wil aangee dat alles reg is, word gesê die Kaap is weer Hollands. Hoe dit ookal mag wees, die Hollanders en hul nakomelinge het hulle hier in Transvaal al meer as honderd jaar in goeie en kwaai tye bewys as vakbekwame werkers, goeie ondernemers, troue ingesetenes, agtenswaardige burgers en gerespekteerde kultuurdraers, staatmakers op baie terreine, in kerk, onderwys, staatsdiens, kuns en wetenskap."¹³

¹¹ F.G. Brownell, *British immigration to South Africa, 1946-1970*, p. 24.

¹² J. Ploeger, *Nederlanders in Transvaal, 1850-1950*, p. 4.

¹³ J. Ploeger, *Nederlanders in Transvaal, 1850-1950*, p. 156.

BYLAE A: Vraelys gepubliseer in die *Nederlandse Post* van 1 Julie 2000

Oproep aan de lezer

Met het oog op een studie waarmee ik bezig ben, over de economische en culturele bijdrage van Nederlandse immigranten in Zuid-Afrika, wil ik graag bijdragen van lezers van de *Nederlandse Post* ontvangen, over de volgende onderwerpen:

1. Wat was de reden waarom u emigreerde?
2. Bent u alleen of met een gezin gekomen?
3. Wanneer bent u hier gekomen?
4. Wat was uw beroep in Nederland?
5. Wat bent u hier gaan doen?
6. Is uw huistaal met uw kinderen Nederlands gebleven of welke taal is het nu?
7. Bent u in Zuid-Afrika, indien u reeds lid van een kerk was, bij een Zuid-Afrikaans sprekende kerk aangesloten of verkiest u een Nederlandse gemeente?
8. Uit welk deel van Nederland bent u afkomstig?
9. Bent u na de Tweede Wereldoorlog als militair in Indonesië geweest?
10. Was het klimaat hier een overweging voor emigratie?
11. Voelt u dat u een positieve bijdrage aan dit land kunt maken?

Bij voorbaat hartelijk dank voor uw medewerking!

Nell Slot, Posbus 799, Rant en Dal 1751

BYLAE B: Vraelys gestuur aan geselekteerde akademici

Geagte Professor

Nadat ek navorsing gedoen het, het dit geblyk dat daar nog nooit iets geboekstaaf is oor die bydrae wat Nederlandse Immigrante in Suid-Afrika gemaak het nie.

Ek het toe by die Universiteit Pretoria, Dept. Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, vir 'n meestersgraad ingeskryf, en wel, in oorelog met Prof. J. Bergh, oor die onderwerp "Die kulturele bydrae van Nederlandse immigrante in Suid-Afrika 1946-2000". Ek beperk my tot die na-oorlogste periode omdat ek dan met die betrokke persone self kan kontak maak. Van die voor-oorlogse periode is baie van die mense reeds oorlede en word dit moeilik om die nodige inligting te bekom.

Daar dit nou blyk dat daar heelwat Nederlandse academici by die verskillende universiteite en vakrigtings is wil ek, in opdrag van Prof. Bergh, dit 'n aparte hoofstuk maak.

Ek is 'n afgetrede bibliotekaresse en het nie geleentheid om elkeen persoonlik te besoek vir 'n onderhou nie.

Sou u dus gewillig wees om onderstaande vroë vir my te beantwoord?

1. Wanneer het u na S.A. gekom?
2. Wat was die rede hoekom u geëmigreer het?
3. Het u met u familie hierheen gekom of alleen?
4. Het u hier skool gegaan?
5. Indien u reeds in Nederland 'n beroep uitgeoefen het, het u in Suid-Afrika in dieselfde beroep gebly.
6. Het u huistaal in u gesin Nederlands gebly of Afrikaans of Engels geword.
7. Uit welk deel van Nederland kom u?
8. Was u as militêr na die oorlog in Indonesië gewees?
9. Was die klimaat 'n oorweging vir emigrasie?
10. Hoe het u betrokke geraak by die akademie?
11. Hoe het u gevorder tot u huidige status?
12. Voel u dat u 'n positiewe bydrae in u vakrigting kon maak?

Ek besef dat dit 'n rukkie van u tyd in beslag gaan neem om hierdie inligting te skryf, maar by 'n persoonlike onderhou sou dit tog ook baie tyd in beslag geneem het.

Ek loop al etlike jare met hierdie plan rond, dit mag lyk na 'n bevlieging van 'n ou dame, maar na my gesprek met Prof. Bergh en sy medewerkers het hulle my oortuig dat die plan wel haalbaar is, mits die gekose persoon sal saamwerk. Ek sal dit verwelkom indien u uitgebreide inligting sal gee, indien u dit verkieks.

Byvoorbaat my opregte dank vir u medewerking.

Mev. P.I. Slot
Posbus 799
Rant-en-Dal
1751
Tel: (011) 660-5614

BRONNE

I KOERANTARTIKELS EN -BERIGTE

• KOERANTARTIKELS

- BOS, K., Business grew from blacksmith's shop. Eight decades of growth for multinational firm. *The Herald*, 2000-02-22,
- BRAND, D., Fieterjasielose kulula gaan steeds van krag tot krag. *Rapport*, 2002-02-03.
- BRADFORD, R.S., Marinus Daling 1947-2002. *Sunday Times*, 2002-02-03.
- BRUWER, P., Entrepreneurs van die jaar aangewys. Bakkers palm toekenning in met snoeptamaties. *Beeld*, 2000-10-27.
- DE LANGE, J., Van Hoven direk die man wat sakekonfederasie kan skep. *Sake Beeld*, 2000-10-30.
- DUVENHAGE, H., S.A. het goud verloor met Marinus Daling se dood. *Rapport*, 2002-02-03.
- FERREIRA, T., Comair wys vertroue in S.A. mark. *Sake Beeld*, 2000-10-30.
- HUMAN, K., Klassieke klanke. *Die Burger*, 1999-11-29.
- JACOBS, H., B.A. vlieg hoër met belang in Comair. *Die Burger*, 2000-01-27.
- LE ROUX, H., Highflying entrepreneur still investing hundreds of millions in South Africa. *Engineering News* 12, April 2002.
- MEYER, F., Die drastiese verskillende nalatenskappe van twee immigrante. *Beeld*, 2002-02-09.
- MITTNER, M., Comair baas ken nie verlies nie. *Volksblad*, 2000-01-31.
- PELSER, P., Orrelis Temmingh sterf op 88. *Beeld Plus*, 2001-10-12.
- PITMAN, J., Struik seeks new empire in Australia. *Weekend Argus*, 1990-08-31.
- VAN BART, M., S.A. Biblioteek gee veiliger tuiste aan ons boeke kultuurskat. *Die Burger*, 1990-06-30.
- VAN BILJON, D., Transaksies tussen BA, Comair begin nuwe era. *Rapport*, 2000-01-30.

VOSLOO, T., Obituary: Marinus Daling, lost to South Africa in his prime. *Financial Mail*, 2002-02-08.

WESTRA, P., Kaapstadse kultuurman oorlede. *Die Burger*, 1994-10-25.

• **KOERANTBERIGTE**

Beeld, 1995-10-16.

Beeld, 1998-10-01 (Kersietamaties by Barberton verbou).

Beeld, 2000-09-01 (Klein plasie word 'n wenverhaal vir Bakkers).

Beeld, 2000-10-21 (Van Ewijck Stichting 20 jaar oud).

Beeld, 2000-10-27.

Beeld Plus, 2001-10-12.

Beeld Plus, 2002-11-19 (Temmingh wen weer Steyn-prys).

City Press, 2002-02-23 (Former Sanlam boss dies of cancer).

Die Burger, 1978-01-31 (In Jan Bouws het ons land 'n vriend verloor).

Die Burger, 1991-11-05 (Ontwerper van die Volksraad se ampstaf word 75).

Die Burger, 1993-12-08 (Moeilike Sanlam-taak maklik as jy Marinus Daling is).

Die Burger, 1994-10-25 (Cor Pama was 'n ware kultuurmens).

Die Burger, 1994-10-26 (Cor Pama).

Die Burger, 1996-02-22 (Satour kry nuwe voorsitter).

Die Burger, 1999-04-20 (Piet Westra kry erepenning van Nederlanders).

Die Burger, 2001-06-25 (P. Westra, SA en Nederland maak gereed om VOC se erfenis te gedenk).

Die Sake Burger, 1989-04-25.

Die Sake Burger, 1989-05-13 (Jeugdigheid kenmerk van Daling se opgaan).

Die Sake Burger, 1998-10-26 (Marinus Daling trap oor 30 jaar diep spore by Sanlam).

Die Sake Burger, 2002-03-06 (Pro bene-prestigetoekenning)

Engineering News, 2002-01-12.

Financial Mail, 2001-03-09 (Daling displays the power of positive thinking).

Motor-Beeld, 1998-05-21 (Heat-engin).

Naweek Beeld, 2001-12-22 (S.A. gaan dankbaar voortbou op Daling se nalatenskap).

Pretoria News, 1981-10-26 (Library post to city man).

Sake Beeld, 1998-10-26 (Sakemanne, maatskappye, loopbane).

Sake Beeld, 2002-10-16 (Sanlam se kaptein is terug op sy pos).

II TYDSKRIFARTIKELS

BASSON, D., Daling, hier is die antwoorde. *Finansies en Tegniek*, 2002-01-11.

BOUWS, J., Die musieklewe van Kaapstad in die beginjare van die 19de eeu en sy verhouding tot die Europese musieklewe. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 12(2), Oktober 1952.

BOUWS, J., Sestig jaar van die Afrikaanse kunslied, 1908-1968. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 9(1), Maart 1969.

BRADLOW, F.R., Farewell tribute to Piet Westra. *Quarterly Bulletin of South-African Libraries* 52(3), 1998.

CLUNIES-ROSS, H., Dit is ligloop in haar erwe. *Rooi Rose*, 1999-11-10.

CLAASEN, C., Immergroen Carika. *Finesse*, Oktober 2000.

DE KOCK, G., Cor Pama. *Familia* 31(4), 1994.

GROVE, S., Arthur Wegelin, 1908-1995: 'n huldeblyk. *VUKA*, Desember 1995.
International who's who in music 56, June 1959.

JACOBS, A., Jan Bouws, 1902-1970. Sy bydra tot die Suid-Afrikaanse musieklewe. *Musicus* 20(2), 1992.

LOES, N.A.S., Piet Westra neemt afskeid van Nederlandse Post. *Nederlandse Post*, September 1998.

Nederlandse Post. Onafhanklike Maandblad vir Nederlanders, oud-Nederlanders en vriende van Nederland in Suid-Afrika. Jaargang 53.

Nederlandse Post. Onafhanklike Maandblad vir Nederlanders, oud-Nederlanders en vriende van Nederland in Suid-Afrika. Julie 2000.

VAN DER ELST, J. (red.), 'n Oorverdowende stilte oor Afrikaans. *Woord en daad*, 1997-08-31.

III LITERATUUR

- ANONIEM, Toxopeus-manuskrip. S.l., s.a.
- BEYERS, C.J. (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*. Pretoria, 1987.
- BROWNELL, F.G., *British immigration to South Africa, 1946-1970*. Archive yearbook for South African History 48 (1), Pretoria, 1985.
- BRUINETTE, K.E., Die bydrae van die immigrant tot die ontwikkeling en voortbestaan van Suid-Afrika. Referaat gelewer by die Derde Nasionale Kongres van die Maatskappy vir Europese Immigrasie. Pretoria, Oktober 1977.
- BRYANT, W.A., *Adaptation of immigrants in South Africa*. M.A. dissertation, University of South Africa, 1986.
- CARR-SAUNDERS, A.M., *World population: past and present trends*. Oxford, 1936.
- DE KLERK, W.J., *Afrikaner, kroes, kras, kordaat*. Kaapstad, 2000.
- DREYER, P.S., Immigrasie en inburgering. Referaat gelewer by die Derde Nasionale Kongres van die Maatskappy vir Europese Immigrasie. Pretoria, Oktober 1977.
- DREYER, P.S., Immigrasie en kultuur. Referaat gelewer by die Derde Nasionale Kongres van die Maatskappy vir Europese Immigrasie. Pretoria, Oktober 1977.
- FERREIRA, O.J.O., *Voorondersoek vir die bepaling van 'n kultuurstrategie vir die Afrikaner*. Pretoria, 1980.
- FRYDA, N.H., *Emigranten – niet emmigranten*. 's Gravenhage, 1960.
- GOTTSMAN, J., *Die blomkwekers van Roodepoort*. Roodepoort, 1996.
- GROENEWALD, D.C., *Immi- en emigrasie in Suid-Afrika I. 'n Statistiese oorsig van enkele demografiese en sosio-ekonomiese aspekte*. Verslag no. S 36. Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing, Universiteit van Stellenbosch. Stellenbosch, 1975.
- HALDENWANG, B.B., *Migration processes, systems and policies with a special emphasis on South African international immigration*. Occasional paper no 25. Stellenbosch, 1996.
- HATTINGH, J.H., *Die verhaal van die MEI/MVI, 1949-1999*. Pretoria, 1999.
- HAUPTFLEISCH, D.C. (hoofred.), *Woordeboek van die Afrikaner Taal VIII*. Stellenbosch, 1991.

HAVEMAN, B.P., *De gaande man. Gronde van emigrasiebeslissing*. 's Gravenhage, 1958.

HOFSTEDE, B.P., *Thwarted exodus. Post-War overseas immigration from the Netherlands*. Den Haag, 1964.

KLATZOW, P., *Composers in South Africa today*. Cape Town.

KOENEN, M.J., *Nederlandse woordeboek*. Groningen, 1971.

LOEDOLFF, J.F., *Nederlandse immigrante*. Kaapstad, s.a.

MALAN, J.P. (red.), *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie IV*. Kaapstad, 1986.

MANN, P.S., *Introductory statistics*. New York, 1990.

PRETORIUS, D.C., *Musieksterre van gister en vandag*. Pretoria, s.a.

PLOEGER, J., *Nederlanders in Transvaal, 1850-1950*. Pretoria, 1999.

PAMA, C., *Die groot Afrikaner familienaamboek*. Kaapstad, 1983.

ROUX, J., Immigrasie beoordeel in die lig van S.A. se hoë mannekrag behoeftes.

Immigrasie en immigrante inburgering. Referaat gelewer by die jaarvergadering van die Maatskappy vir Europese Immigrasie. Pretoria, Mei 1982.

SCHOONEES, P.C. (red.), *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Johannesburg, 1984.

VAN DEN BOSCH, B.J., *De verschillende aspecten van de aanpassing der Nederlanders immigranten in Zuid-Afrika*. D.Phil.-proefschrift, Universiteit van Pretoria, 1963.

VAN DER MERWE, W., *Verhaal van die Duitse weeskinders*. Johannesburg, 1988.

VILJOEN, F.P., *Die lewe en werke van Bert Floor*. Potchefstroom, s.a.

WENTHOLT, R., *Kenmerken van de Nederlandse emigranten*. 's Gravenhage, 1961.

ZANGENBERG, F., Immigrasie en immigrante-inburgering. Referaat gelewer by 'n kongres van die Maatskappy vir Europese Immigrasie. Pretoria, 1982.

IV ELEKTRONIESE INLIGTINGSBRONNE

Hadeco-brosjyre, <http://www.hadecoflowers.com>.

NRF Publications – news@nrf, ‘Cream of SA research community awarded’,
<http://www.nrf.ac.za/publications/news@nrf/aug2001/awardees.stm>.

PRETORIUS, S., *Ter nagedagtenis aan Gé Korsten*. Inligting verkry van kompakskyf.

Scorpio Music, 1999.

PU for CHE: Office-bearers: The Head: International Office, The Head International Office, http://www.puk.ac.za/pukdocs/en/head_internasionaloffice.html.

Rector's Award For Teaching Excellence: Henk Geertsema,

<http://www.sun.ac.za/uni-ed/Rektorstoekenning/RekTo/doelstellingHenkGeertsema.html>.

Roelof Temmingh, http://www.sun.ac.za/Music/Staff/CV_ROELOF_TEMMINGH.htm.

RVZ Communications, British Airways Top Twenty Awards,

<http://www.rvz.co.za/recent.html>.

V PERSOONLIKE MEDEDELINGS

• MONDELING

BOON, prof. J.H., Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

DE LEEUW, mnr. N.R., 1995-03-20.

GEERTSEMA, dr. H., Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit Stellenbosch, Mei 2001.

KIEWIET, mnr. L., 1995-06-14.

MORAAL, prof. H., Departement Fisika, PU vir CHO, Augustus 2000.

OVERVLIET, mnr. P., 1995-04-05.

STRUIK, mev. J., Berghof 408, Hofstraat 44a, Gardens, Kaapstad, 2001-07-13.

TEMMINGH, prof. H., Agtiende straat 16, Hazelwood, 2000-06-09.

TEMMINGH, prof. R., Merrimanlaan 116, Stellenbosch, 7600, 2000-08-05.

VAN DER ELST, prof. J., Departement Lettere en Wysbegeerte, PU vir CHO, 2000-05-12.

VAN HOVEN, prof. W., Departement van Wildlewewetenskappe, Universiteit Pretoria, September 2000.

VERSTEEG, mnr. C., 2002-11-12.

WESTRA, mnr. P., Uitvlugt 18, Pinelands, 7405, 2000-05-30.

- **SKRIFTELIK**

ALMA, E., Evergreenlaan 20, Constantia, 7800, 2000-06-01.

BOON, prof. J.H., Posbus 31099, Totiusdal, Pretoria, 1999-11-12.

BOUWS, dr. J., Van Riebeeckstraat, Stellenbosch, 2000-05-05.

BROWNELL, mnr. F.G., Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 2001-02-21.

GEERTSEMA, dr. H., Departement Entomologie en Nematologie, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.

LE ROUX, mnr. T.L., Sanlam se uitvoerende bestuurder, 2000-08-15.

KEUZENKAMP, mev. C., Posbus 17134, Doornfontein, 2001.

KORSTEN, mev. E., Genevafontein Aftreeoord, Bus 4340, George-Oos, 6539. 2001-02-13

MONTE, D.J., Bosal International, Dellestraat 20, 3560, Lummen, België , 2001-04-11.

MORAAL, prof. H., Departement Fisika, PU vir CHO, Augustus 2000.

TEMMINGH, prof. H., Agtiende straat 16, Hazelwood, 2000-06-09 en 2002-12-20.

TEMMINGH, prof. R., Merrimanlaan 116, Stellenbosch, 7600, 2000-08-05.

VAN HOVEN, prof. W., Departement Wildlewewetenskappe, Universiteit van Pretoria, September 2000.

WEGELIN, mev. A., Evergreenlaan 20, Constantia, 7800, 2000-06-01.

VI DIVERSE

- **FOTO'S**

Fotoversameling: Argief, Universiteit van Pretoria.

Fotoversameling: Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN).

Fotoversameling: Struik persoonlike foto's.

OPSOMMING

Na die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het die swak ekonomiese omstandighede tot gevolg gehad dat 'n groot aantal gesinne, asook ongetroude jongmense, vanuit Nederland na Suid-Afrika geëmigreer het. Hierdie jong emigrante het 'n verskeidenheid van beroepe verteenwoordig en het uit alle lae van die bevolking gekom.

Die lewe en werk van sommige van die immigrante en veral sommige kinders van hierdie immigrante het enorme bydraes tot hulle nuwe vaderland gelewer. In baie gevalle het die kinders die geleentheid van goeie skoling en universiteitsopleiding benut wat weer in 'n groot verskeidenheid van gebiede teruggeploeg is.

Op akademiese terrein is veral die land se inligtingstegnologie ontwikkel wat gelei het tot beter beheer en toegang tot die land se inligtingsbronne. 'n Voorbeeld hiervan is die toeganklikheid van die land se nasionale biblioteke vir die bevolking van Suid-Afrika.

Wildbenutting en -bewaring, asook die wetenskaplike bestuur van die natuur, is 'n verdere terrein waar die bydraes van Nederlandse immigrante sigbaar is. 'n Voorbeeld hiervan is die hervestiging van wild in oorlogsgeteisterde buurlande van Suid-Afrika.

Op die gebied van kultuur, veral musiek, is groot bydraes gemaak in die ontwikkeling en bekendstelling van musiek aan alle lae van die bevolking. Komponiste en musiekonderwysers het nuwe tegnieke gevestig en verskeie bekende sangers het uit hierdie proses voortgespruit.

Op ekonomiese gebied is nuwe werkmetodes ingestel wat werkskepping tot gevolg gehad het en 'n direkte effek op beroepsontwikkeling en produktiwiteit gehad het. Die ekonomie van Suid-Afrika is hierdeur versterk en die grondslag om Suid-Afrika mededingend met die buiteland op vele ekonomiese gebiede te maak, is gelê.

As gevolg van die enorme invloed en bydraes van hierdie betrokke groep immigrante, wat na Suid-Afrika gekom het met ondersteuning van die destydse regering (ca. 1945-1973) en die Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI), is die Suid-Afrikaanse ekonomie, kultuur, akademie, wildbewaring en vele ander areas verbeter. Die impak van die bydraes het die blanke bevolking op direkte wyse geraak, maar die bydraes het ook tog op 'n indirekte wyse die hele bevolking van Suid-Afrika bevoordeel.

Die stimulerende bydraes van hierdie groep immigrante op ekonomiese, kulturele en akademiese gebiede en vele ander lewensterreine het dus 'n blywende positiewe invloed op die totale Suid-Afrikaanse samelewing gehad.

SUMMARY

Economic pressure in the aftermath of the Second World War (1939-1945), resulted in many individuals and families emigrating from the Netherlands to South Africa. This group of emigrants represented a wide variety of skills and represented all walks of life.

Many of these immigrants, as well as their children, made an enormous contribution to their new homeland. In many cases the children of immigrants used the opportunities in education and reinvested this in the economy of South Africa. Many areas benefited from this.

The contributions in the academic field had a direct impact on information technology, which improved the ability to access information. An example of this is the easy access to national library sources in South Africa for the total population of South Africa.

Another area that benefited from the contributions of this group of immigrants is the scientific management of nature. The reintroduction of game in some of the war-torn areas surrounding South Africa is a living example of this.

In the cultural and musical area the contributions in the development and introduction of music to the South African population were very noticeable. Composers and music teachers introduced new technologies and new singers iminated from this process.

New work methods were introduced in the economic field, which resulted in job creation, skill development and enrichment. In many areas this resulted in an improvement of productivity. The economy of South Africa benefited directly from this process which resulted in making certain sectors of the economy competitive with the rest of the world.

The enormous contributions of this group of immigrants, supported by the government of South Africa (c. 1945-1973) and the Company for European Immigration (MEI) improved South Africa's economy, culture, academy, nature conservation and also

impacted on several other areas. The white population benefited directly from this process, while other South Africans benefited more indirectly.

The conclusion can therefore be reached that this group of immigrants made a positive and long-lasting contribution to the economy, academy and culture of the country.